



2017/2018 AARTAPPELBEDRYFSVERSLAG



2017/2018

AARTAPPEL BEDRYFSVERSLAG



4-43
AARTAPPELS SUID-AFRIKA



44-59
AARTAPPELSERTIFISERINGSDIENS



60-73
PLANTOVITA



74-90
PROKON





AARTAPPELS SUID-AFRIKA





INHOUDSOPGAWE

Identiteit, Visie, Missie en Waardes	06
Verslag van die Voorsitter	08
Hoof Uitvoerende Beampte Verslag	10
Hoof Finansiële Beampte- Besigheidsverslag	16
Bedryfsinligting	20
Navorsing en Ontwikkeling	26
Bemarkingsafdeling	30
Transformasie	36





IDENTITEIT

Die identiteit van Aartappels Suid-Afrika (ASA) word gesimboliseer deur:

- Die gesag van die aartappelbedryf, wat spesifiek verwys na die jaarlikse omset van die bedryf, gemeet aan die totale landbou-omset, wat dit 'n prominente rolspeler in die landbou en die voedselwaardeketting maak. Daarby is aartappels die grootste varsgroentegewas in Suid-Afrika en verteenwoordig dit meer as 30% van die omset van varsproduktemarkte.
- Die stoere karakter van aartappelprodusente, wat kenmerkend is van hoë risikonemers, stel hulle in staat om terselfdertyd ook terugslae te hanteer, optimisties te bly, en die belangrikste van alles, entrepreneurs te wees wat ingestel is op vernuwing en stoere waardes.
- Die kern van die organisasie is gegrond op voortreflike diens aan alle aartappelprodusente, soos uiteengesit in die missiestelling, asook voortreflike diens aan alle ander rolspelers in die bedryf. Die organisasie het dit ten doel om die belange van aartappelprodusente in die besonder, en die aartappelbedryf in sy geheel te beskerm en te bevorder.
- Die gesig van die organisasie is verteenwoordigend van jong dinamiese leierskap, gerugsteun deur passievolle entoesiasme en 'n strewe na sterker samehorigheid, asook die vermoë om die groter landbouprentjie te visualiseer en daarop te reageer met visie, sterk menings, stoere waardes, en die vermoë om 'n verenigde front te vorm wat alle rolspelers verteenwoordig. Die organisasie se jeugdige karakter verskaf ruimte vir innoverende denke en proaktiewe handeling – tot voordeel van die aartappelbedryf in sy geheel. Boonop simboliseer die organisasie se handelinge deursigtigheid, stabiliteit en opregtheid.

VISIE

Saam na uitnemendheid in die aartappelbedryf.

MISSIE

Om strategiese ondersteuningsdienste aan 'n dinamiese bedryf te verskaf en daardeur die volhoubaarheid van aartappelprodusente in Suid-Afrika,

- Deur die daarstelling van bedryfstrategiese kennisondersteuning aan bestuur en die daarstelling van ondersteuningsdienste ten opsigte van die verbruik van Suid-Afrikaanse aartappels.
- Die daarstelling van ondersteuningsdienste ten opsigte van produsente-ontwikkeling.

WAARDES

ASA streef na voortreflikheid deur die volgende:

- Pro-aktiwiteit
- Integriteit
- Onpartydig
- Voortreflike diens
- Samewerking in vennootskappe



VERSLAG VAN DIE VOORSITTER



JF VAN DER MERWE

VOORSITTER

Die afgelope twee seisoene is gekenmerk deur ongekende hoë produksie met 2017 as 'n rekord jaar. Die 2018 oes is bykans ook nie veel swakker nie. Hierdie uitermatige hoë volumes plaas druk op pryse wat weer finansiële druk op aartappelprodusente plaas. As gevolg van ekonomie van skaal daal die getal aartappelprodusente steeds, des nie teen staande bly die hektare wat geplant word konstant.

As geheel is die aartappelbedryf in Suid Afrika gesond en in teenstelling met Europa, waar die verbruik besig is om te taan, neem die vraag na aartappels konstant toe. Verstedeliking van die bevolking, die verhoogde per kapita inkomste en die veranderende verbruikers voorkeure sorg vir die groei in verbruik. Daarby voer Aartappels Suid Afrika (ASA) 'n geslaagde generiese promosie veldtog, spesifiek gemik op die middel en lae inkomste groepe. Wat die hoër inkomste groepe betref, is daar 'n groot deurbraak gemaak met die verkryging van toestemming om die Hart en Beroertestigting se embleem op van ons reklame materiaal te plaas. Tyd sal leer, maar met 'n verbruikers mark wat al hoe meer gesondheid bewus word, behoort dit 'n positiewe impak te maak op verbruik.

Die meerderheid produsente slaag ook daarin om hulle doeltreffendheid te verbeter. Hier is die pakstoor en water projekte van ASA van groot waarde. Die satelliet projek wat nog in sy kinderskoene is, gaan ook verdere doeltreffendheid in produksie meebring. Suid-Afrika is 'n land met skaars hulpbronne. Om te oorleef sal dit optimaal benut moet word en daarom moet die hulpmiddels het tot die aartappelbedryf se beskikking is verder ontwikkel en uitgebrei word.

Met trots kan daar gesê word dat die Suid-Afrikaanse aartappelprodusente met die bestes in die wêreld kan meeding. Die gemiddelde opbrengs in Suid-Afrika (47 ton per ha) vergelyk goed met byvoorbeeld Noord-Amerika se 32 ton per ha in 2016.

Die strukture van ASA is en word ook voortdurend aangepas om by die veranderende omgewing aan te pas. Die huidige personeelstruktuur is so aangepas om spesialis kennis meer gereedlik vir die produsent beskikbaar te stel. Met die moderne tegnologie wat vandag beskikbaar is, is kommunikasie soveel makliker, vinniger en akkurater. 'n Produsent kan



byvoorbeeld met 'n selfoon 'n foto na 'n kundige persoon stuur wat vinnig 'n antwoord of oplossing kan verskaf en die behoefte om fisies kundiges op die perseel te hê word al hoe minder. Die daaglikse markdata wat aan produsente verskaf word, is ook van groot waarde.

Die res van die wêreld is egter vinnig besig om weg te beweeg van vars aartappels na bevrore skyfies en ander vorme van verwerkte aartappels. Hierdie tendens is nog nie hier sigbaar nie, maar dit kom wel met die verstedeliking van die bevolking en veranderende verbruikers patrone. Suid-Afrika gaan dit nie vryspring nie. Hoewel die huidige bemarkings programme suksesvol is, sal daar in die toekoms 'n oog op hierdie verwickelinge gehou moet word. Dit sluit ook die veranderende behoeftes van die verbruiker ten opsigte van kultivars en verpakking in. Die weerstand wat teen die gebruik van plastiek ontstaan kan ook 'n groot invloed op die bedryf hê aangesien die meeste van die kleiner verpakings in plastiek sakkies geskied. Papier is 'n goeie alternatief. Dit bekamp ook vergroening.

Die aartappelbedryf is 'n groot verskaffer van werk aan ongeskoolde arbeid. Die minimum loon bly egter 'n bron van kommer en die tendens is dat al hoe meer produsente meganiseer want die koste knyptang waarin die bedryf verkeer laat die produsente geen keuse nie. Insetkoste vir die produsent styg ook vinniger as inflasie. Die invloed van meganisasie van die aartappelbedryf gaan in baie van die kleiner dorpie in die land 'n reuse invloed hê. In baie van die dorpe is aartappelprodusente die grootste werkgewer en die sosiale impak wat hierdie tendense in die platteland gaan hê moet nie onderskat word nie.

Die afgelope jaar is daar ook 'n grootse poging aangewend om die vars produkte markte te laat herleef. Met Project Rebirth, soos dit algemeen bekend staan, poog ASA saam met onder andere die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV) om al die rolspelers te laat saam werk om die markte, wat die vernaamste plek van prys bepaling is, weer op die standaard te kry waar dit vroeër was. Die Suid-Afrikaanse produsente is bevoorreg om hierdie kanaal van bemarking te hê en die res van die wêreld beny ons dit.

Die aartappel bedryf is 'n dinamiese bedryf en daarmee saam is die aartappelprodusente van Suid-Afrika baie innoverend. Ek is oortuig daarvan dat hulle die uitdagings van die toekoms die hoof sal kan bied. Ons het 'n besondere bedryf!

JF Van der Merwe
Voorsitter



HOOF UITVOERENDE BEAMPTE VERSLAG



ANDRÉ JOOSTE (PHD)

HOOF UITVOERENDE BEAMPTE

Dit is algemeen dat maatskappye, instellings en organisasies op 'n gereelde grondslag strategiese beplanning doen. Waarheen jou besigheid op pad is, en gaan eindig is die gevolg van jou deurlopende denkprouesse en daardeur al die inligting wat jy inneem in te sluit, te interpreteer en om te skakel in intelligensie.

Strategie is dus nie 'n eenmalige proses nie, maar 'n aaneenlopende proses soos wat nuwe inligting aan die lig kom. Ongeag jou strategiese doel, moet jy in staat wees om jou taktieke en aksies aan te pas by snelveranderende realiteite wat jou besigheid in die gesig staar. Dieselfde beginsels geld vir die landbousektor en dus vir die aartappelbedryf.

ASA is terdeë daarvan bewus dat markinligting en -intelligensie die ruggraat vorm van besluitneming. Daarom word daar voortdurend gepoog om die inligtingsbronne en die verskeidenheid van inligting beter te belyn met die behoeftes van die bedryf. Alle werkbare en beskikbare kommunikasiekanele word gevolglik ingespan om die markintelligensie so gou moontlik beskikbaar te stel. Van die kanale wat gebruik word, is selfoon-SMSe, WhatsApp-boodskappe, nuusbriewe en die webwerf.

Die aartappelbedryf se navorsingstrategie is in Oktober 2017 hersien en vir die volgende drie tot vier jaar, sal op die volgende aspekte gefokus word:

- Kultivar evaluasie om opbrengs te verhoog;
- Grondgesondheid,-verbetering en natuurlike hulpbronnabewaring;
- Kwaliteit;
- Virus en plantluisbeheer;
- Watergebruik en kwaliteit;
- Bemesting;
- Bestuur van grondgedraagde siektes: bruinskurf, aalwurm, poeierskurf en sagtevrot;
- Bestuur van insekpeste;
- Bewusmaking ten opsigte van kwarantyn peste; en
- Kennis-oordraging.

Die Bemerkingskernbesigheid van ASA het twee pilare. Die eerste pilaar, Generiese Produkbevordering (GPB),

behels projekte wat daarop gemik is om die vraag in die plaaslike mark te stimuleer deur middel van klassieke produkbevordering mengsel-elemente van media reklame advertensies, openbare betrekkinge en digitale bemarking. Die tweede pilaar, Marktoegang en -Ontwikkeling streef daarna om die totale mark vir aartappels deur markontwikkeling- en markinfiltrasiestrategieë uit te brei. Die doelwitte wat die uitvoering en meting van alle bemarkingsveldtogte dryf, is:

- Bestuur van verbruikers se houdings en persepsies teenoor die produk deur middel van beter, feitelike en wetenskaplik bewysde navorsing;
- Stimulering van plaaslike en buitelandse vraag na Suid-Afrikaanse aartappels;
- Posisionering van aartappels as 'n produk wat voedselsekerheid bewerk;
- Die bestuur en benutting van positiewe verhoudings en betrokkenheid by belanghebbendes; en
- Die skep van 'n bevorderlike, produktiewe en winsgewende besigheidsomgewing vir produsente.

ASA ondersteun die behoefte om kommersiële landbou in Suid-Afrika meer inklusief, verteenwoordigend en voordelig vir alle deelnemers te maak, en om huishoudelike voedselsekureit te verbeter. Vir hierdie doel implementeer ASA 'n aantal transformasie- / ontwikkelingsinisiatiewe, wat begin is in 2010, waarvan twee ten doel het om:

- die transformasie van kleinboer aartappelprodusente, meestal op grond vroeër in wit besit, te ontwikkel in kommersiële produsente, - Besigheidsontwikkeling
- aartappelproduksie in groente tuine op gemeenskaplike grond vir eie verbruik en verkope te verbeter, hoofsaaklik deur informele kanale, om sodoende die potensiële kommersiële produsente te ondersteun- Kleinboerontwikkeling.

Met 'n jaarlikse begroting van ongeveer R5 miljoen, ondersteun die Besigheidsontwikkeling tans 20 produsente in sewe (7) provinsies, hoofsaaklik deur grondontleding, lewensvatbaarheidstudies en besigheidsplanne, mentorskap en 'n afnemende befondsing wat oor vier (4) jaar op aartappelsaad versprei is. Skakeling met ander rolspelers in die bedryf word ontwikkel om befondsing en ondersteuning te verbeter. Vennootskappe is nou gesmee met NTK (voorheen Noord-Transvaal Kooperasie), Nulandis, McCain, Harvest SA (Afgri se kleiner ontwikkelingsprogram) en ABSA. Die inisiatief wat onderneem word met NTK word gedeeltelik befonds deur die Nasionale Tesourie se Werksfonds. Dit maak dit moontlik vir kleinboer aartappelprodusente om toegang te kry tot insette op krediet van NTK-takke, om sodoende een van die grootste uitdagings vir alle kleinboere aan te spreek. Die skaal waarop produsente deur ASA gehelp word, groei steeds en word versnel as gevolg van die totstandkoming van sulke vennootskappe.

Kommunikasie tussen ASA en rolspelers in die aartappelbedryf is van kardinale belang om die belange van die bedryf te bevorder. In die woorde van Dr Robert T Fraley, Uitvoerende Visie President en Hoof Tegnologie Beampte van Monsanto, sal niks anders saak maak as ons nie maniere kan vind om meer doeltreffend te kommunikeer en interaksie in landbou te hê nie. ASA benut dus bykans 22 kommunikasie platvorms om inligting met onderskeie rolspelers in die bedryf te deel. Byvoorbeeld uit 'n wye verskeidenheid van kommunikasie funksies wat strek van publikasies, mediaskakeling en die webtuiste www.potatoes.co.za om maar 'n paar te noem, word daar munt vir die bedryf gegeneer uit die Mediamonitoring Projek. Volgens statistiek vir die afgelope finansiële jaar was daar gratis blootstelling aan die aartappelbedryf in die media ter waarde van R120 740 002.36 (resepte en advertensieveldtogte uitgesluit). Die afbreek van die gratis waarde van media blootstelling as volg:

- Gedrukte media: 788 artikels ter waarde van R37 930 677.73
- Uitsaai media: 96 onderhoude/uitsendings ter waarde van R5 189 539.63
- Aanlyn media: 7204 plasings ter waarde van R77 619 785.00

In die res van hierdie verslag word daar meer volledig per Kernbesigheid gerapporteer.

Finansies en Administrasie

Personeel Aangeleentede

In die afgelope finansiële jaar het die volgende personeelbewegings plaasgevind:

- Mnr Eugene Strydom is in die pos van Inligtings spesialis in die Inligting kernbesigheid aangestel op 1 Augustus 2017 nadat die pos vakant geraak het met die bedanking Me Louise Swart in die vorige finansiële jaar.
- Mnr Albert Boneschans het die diens van ASA verlaat op 28 Februarie 2018 en die posisie is tans nog nie weer gevul nie.
- Me Rotondwa Rathogwa is bevorder na Streeksbeampte met ingang van 1 Maart 2018 wat dan die posisie van Administratiewe Beampte in die Transformasie afdeling vakant gelaat het.

- Mnr Rudolf Badenhorst het op 31 Desember 2016 bedank uit die pos van Bestuurder: Markontwikkeling. Die pos is egter verander na die posisie van 'n Bemerkingspesialis, wat op 1 Januarie 2018 gevul is deur Me Xolisiwe Potelwa.

Finansiële Aangeleenthede

Op 30 Junie 2018 het ASA afgesluit met die derde jaar van die vierde statutêre periode. Daar word jaarliks 'n bedrag in die vorm van oorbruggingskapitaal oorgedra na die volgende jaar. Dit word bloot gedoen om deurgaans 'n positiewe kontantvloei te handhaaf aangesien die Potato Industry Development Trust (PIDT) deurlopend oor 'n hoë debiteureboek beskik. Dit is die gevolg van die onvermydelike tydsverloop vir die sakvervaardigers om die heffing van hulle debiteure (produsente) te verhaal.

Die afgelope jaar is ook gekenmerk deur die druk wat die droogte en ander klimaatstoestande op die volumes en dus die heffinginkomste van die PIDT gehad het. Dit het dan ook besparings genoodsaak. Besparings aan werklike netto uitgawes het sowat 6.5% beloop. Die besparing is die gevolg van pro-aktiewe optrede deur die Direksie en Bestuur van ASA en bestaan uit toevallige sowel as doelbewuste besparings by operasionele kostes en projekte.

Statutêre inkomste en uitgawes

ASA Nie-Winsgewende Maatskappy (NWM) as administrateur, het gedurende die 2017/2018 finansiële jaar R47 794 381 in statutêre heffings namens die PIDT ingevorder en beloop nagenoeg 99.5% van alle heffings wat deur sakvervaardigers gefaktureer is. Uit beleggings is daar 'n verdere R227 092 in rente ontvang.

Die 2017/2018 begroting van ASA (NWM) soos goedgekeur deur die PIDT het R45 597 113 beloop waarvan R42 648 509 toegeken is. Die onderspandering van R2 948 604 (6.5%) word toegeskryf aan die voortgesette besparingsaksies. Daar was redelike besparings op personeelkoste, reis- en verblyfkoste maar ook op vergaderingskoste.

Kapitaal in die PIDT se oordragkapitaalrekening was aanvanklik R7 454 305, en het op 30 Junie 2018 R12 481 303 beloop, en sal oorgedra word na die 2018/2019 finansiële jaar. Soos uiteengesit in Figuur 1, het ASA (NWM), daarin geslaag om aan die riglyne soos deurgegee deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserie te voldoen.

Volgens 'n ASA Kongres besluit, moet daar ongeveer gelyke fondse aan die twee kernbesighede Navorsing en Ontwikkeling en Markontwikkeling en Generiese Produkbevordering spandeer word. Die marginale afwykings ten opsigte van bogenoemde was as gevolg van besluite wat geneem is tydens die vorige finansiële jaar om te verseker dat ASA (NWM) voldoen aan goeie korporatiewe bestuur ten opsigte van tender prosesse, asook die uitstel van befondsing aan besigheidsontwikkelingsprodusente wat verband gehou het met die droogte. Dit het aanleiding gegee dat fondse oorgedra is na die 2017/2018 finansiële jaar, maar is nog steeds aangewend in die toepaslike kernbesighede. Die besluit is ook geneem dat 'n verhouding van ongeveer 60%:40% tussen operasionele kostes en projekuitgawes gehandhaaf moet word. Hierin het ASA (NWM) geslaag.

Die uitgawes van ongeveer R42.6 miljoen is as volg aangewend (afgerond, verwys na Figuur 1):


Inkomste uit eie reserwes

ASA (Vrywillig) se eie fondse word hoofsaaklik aangevul deur die volgende (verwys na Figuur 2):


- Opbrengs op beleggings en lenings: R902 631
- Huur ontvang op kapitaalitems: R433 780

Uitgawes wat verband hou met die normale inkomste soos hierbo genoem is waardevermindering op bates van R195 436, audit- en regeerkoste van R43 125, administratiewe kostes van R213 468, korporatiewe en ander projekskoste R172 378 (verwys na Figuur 3).


Addisionele fondse wat ontvang is, sluit in R1 835 560 deur die aanbieding van die twee jaarlikse Aartappelkongres, R1 013 457 deur die aanbieding van die Aartappelnavorsing-simposium, R321 209 vir die Transformasie simposium en R497 611 deur borge vir Streeksvergaderings. Die Simposiums en Streeksvergaderings was in totaal befonds deur addisionele inkomste ontvang deur borge gedurende die jaar onder oorsig.



Figuur 1: PIDT bewilling van fondse



Figuur 2: Inkomste ASA (Vrywillig)



Figuur 3: Uitgawes ASA (Vrywillig)

Totale fondse en reserwes het R13 710 715 beloop. Roerende bates, eiendom gebaseer op boekwaarde het R533 255 beloop en beleggings en lenings het R12 501 423 beloop.

Finansiële posisie

Ek is ook trots om te kan sê dat ASA se finansiële posisie steeds kerngesond is. Die druk as gevolg van die afname in inkomste is ten volle geabsorbeer deur middel van die afwaartse bestuur aan die uitgawe kant.

Kontrole- en beheermaatreëls word steeds deurlopend hersien en word verskerp om die druk op operasionele kostes die hoof te bied en sodoende 'n gesonde balans te verseker tussen operasionele kostes en die aanwending ten opsigte van projekte. Die PIDT het die ouditverslae van KPMG aanvaar.

KPMG sowel as Fourie & Botha het 'n ongekwalifiseerde verslag ten opsigte van ASA (NWM) en ASA (Vrywillig) onderskeidelik uitgereik. Geen oudit wanvoorstellings is geïdentifiseer nie. ASA is deur die PIDT as administrateur vir die toepassing van die verwante statutêre maatreëls behou wat die invordering en bestuur van statutêre heffings insluit. As deel van sy bestuurstaak is ASA (NWM) ook verantwoordelik vir die implementering van die kernbesigheidsprojekte wat deur die Direksie van ASA en deur die PIDT goedgekeur is.

Kommunikasie

Die kern van ASA is gegrond op voortreflike diens aan alle aartappelprodusente, soos uiteengesit in die missiestelling, asook voortreflike diens aan alle ander rolspelers in die bedryf. Die organisasie het dit ten doel om die belange van die aartappelprodusente in die besonder, en die aartappelbedryf in sy geheel te beskerm en te bevorder.

Doeltreffende tweerigtingkommunikasie met rolspelers is dus uiters belangrik vir ASA. Daar word dus voortdurend gepoog om hierdie kommunikasie uit te bou tot voordeel van die aartappelprodusente en ander rolspelers in die aartappelwaardeketting.

ASA se korporatiewe webtuiste www.potatoes.co.za is in die proses om te migreer na 'n gevorderde tegnologiese platform wat dit ook gebruiker vriendelik sal maak vir toegang met slimfone. So 'n funksionaliteit sal tot voordeel strek vir besoekers, veral wanneer inligting in tabelle of grafieke vertoon word. Die opgradering sal gedurende die 2018/2019 finansiële jaar geloods word.

CHIPS tydskrif het aan die einde van Junie 2018 gespog met sy 35ste volume. Die tweemaandelikse publikasie is die enigste amptelike tydskrif in die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf en dien as platform vir belangrike kommunikasie ten opsigte van bedryfsinligting, navorsing, markontwikkeling, generiese produkbevordering en transformasie. Benewens 'n verskeidenheid van ander inligting, verskaf die tydskrif ook 'n blik op plaaslike en internasionale nuus van toepassing op die aartappelbedryf. Die produksie en verspreidingskoste van CHIPS kom 100% uit advertensies.

Ander kommunikasiekanale word ook aangewend om intyds inligting aan rolspelers oor te dra. Dit sluit in die maandelikse nuusbrieff waarin markkommentaar vervat is, nuusflitse oor ad hoc aangeleenthede, sms'e en direkte e-posse. Die waarde van die kommunikasie wat deur bogenoemde kanale oorgedra word is duidelik uit die daaglikse versoeke van belanghebbendes om op die verspreidingslyste geplaas te word.

Sekretariaat

ASA verseker verteenwoordiging regdeur die aartappelwaardeketting by wyse van sitting op bedryfsgerigte forums en komitees. Hierdie struktuur verskaf 'n platform vir debatvoering, bespreking en besluitneming waar alle rolspelers 'n spreekbeurt het. Die forums en komitees wat gedurende die verslagjaar plaasgevind het, is uiteengesit in Tabel 1. ASA verskaf die nodige administratiewe en sekretariële dienste aan alle forums en komitees. Die aantal vergaderings gehou gedurende die 2017/2018 finansiële jaar (sien tabel 1).

Ten Slotte

Die aartappelbedryf in Suid-Afrika moet globaal kyk en plaaslik optree.

Tabel 1: Vergaderings

VERGADERINGS	GETAL
Direksies	
ASA	2
Aartappelhuis	2
ASA komitees	
Bestuurskomitee	2
Bemarkingskomitee	3
Inligtingskomitee	3
Navorsingskomitee	3
Transformasiekomitee	3
District Developing Farmers Committees	4
Ouditkomitee	3
Menslike Hulpbronnekomitee	3
PIDT en komitees	
Trust	3
Risiko- en Ouditkomitee	3
Beurskomitee	2
Nasionale Moerekomitee	2
Moerkwekervergaderings	4
Forums	
Aartappelbedryfsforum	1
Moerkwekersforum	1
ASA Simposiums	
Transformasiesimposium	1
Navorsingsimposium	1
Bemarkingsimposium	1
Ander	
Aartappelbedryfsforum-stuurkomitee	1



Dit is krities belangrik dat ons nuwe markte ondersoek, verstaan wat benodig word om in hierdie markte mee te ding en dienooreenkomstig aan te pas. Om die vraag na aartappels te verhoog, en nie net op die plaaslike mark nie, moet as 'n noodsaaklikheid geag word. Nuwe kultivars moet aan die beginpunt van die voorsieningsketting en nuwe produkontwikkeling ingesluit word ten einde by veranderende verbruikersgewoontes, -smake en -voorkeure aan te pas. Ek het geen twyfel dat bedryfsleiers oplossings vir hierdie uitdagings sal vind nie, aangesien hulle reeds hul aanpasbaarheid bewys het in hul benadering ten opsigte van 'n snelveranderende omgewing.

Hierin is ASA ten volle toegewyd om saam met al die ander rolspelers in die aartappelbedryf oplossings te beding om 'n volhoubare toekoms te verseker.

André Jooste (PhD)
Hoof Uitvoerende Beampte

HOOF FINANSIËLE BEAMPTTE



Hein Oberholzer

HOOF FINANSIËLE

BESIGHEIDSVERSLAG

Struktuur

ASA (NWM), geïnkorporeer ingevolge die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008), wat gestig is om die belange van die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf te dien en te beskerm. Hierdie struktuur verseker dat die organisasie sy mandaat uitvoer om 'n omvattende diens aan die aartappelbedryf as geheel te lewer.

Finansiering

ASA (NWM) word befonds deur 'n statutêre heffing op aartappels wat in die PIDT gehou word. As aangestelde administrateur vorder ASA (NWM) die heffing namens die PIDT in en doen by die PIDT aansoek om befonding vir die maatskappy se aktiwiteite en administrasie. In ooreenstemming met die ministeriële riglyne, word die fondse soos volg aangewend:

- Ongeveer 70% vir die lewering van die kernbesigheidfunksies (uitgesluit transformasie).
- Nie minder nie as 20% vir die lewering van die transformasiefunksie.
- Nie meer as 10% vir die lewering van die administratiewe funksie nie.

ASA (NWM) beskik ook oor nie-statutêre fondse wat deur borgskappe en gesamentlike projekfinansiering aangevul word. Hierdie fondse word aangewend vir die befonding van projekte en byeenkomste in belang van aartappelprodusente in die besonder en die aartappelbedryf in die algemeen. Goedkeuring vir die aanwending van sodanige fondse berus by die ASA se direksie.

Raad van Direkteure

ASA (NWM) se Raad van Direkteure is verteenwoordigend van die aartappelprodusente in die 16 aartappelproduksiestreke, die verwerkingsprodusente, aartappelmoerkwekers en swart besigheidsontwikkelingsprodusente. Die Raad is saamgestel soos uiteengesit in Tabel 2.

Tabel 2: Nasionale Raad/Direksie

NAAM	POSISIE	VERTEENWOORDIGING
J F (JF) van der Merwe	Voorsitter	Onafhanklik / Onverbonde
J R (Rudi) Heinlein	Ondervoorsitter	Noordelike Streek (Limpopo, Mpumalanga, Gauteng, Loskopvallei)
W A (Wouter) van Amstel	Direkteur	Noordelike Streek (Limpopo, Mpumalanga, Gauteng, Loskopvallei)
J C (Johan) Holtshausen	Direkteur	Noordelike Streek (Limpopo, Mpumalanga, Gauteng, Loskopvallei)
B S (Bernhardt) du Toit	Direkteur	Suidelike Streek (Sandveld, Oos-Kaap, Ceres, Suid-Kaap, Suidwes-Kaap)
J P (Jan) van Zyl	Direkteur	Suidelike Streek (Sandveld, Oos-Kaap, Ceres, Suid-Kaap, Suidwes-Kaap)
N J (Nicolaas) Lourens	Direkteur	Oostelike Streek (KwaZulu-Natal, Oos-Vrystaat en Noordoos-Kaap)
M J (Mike) Green	Direkteur	Oostelike Streek (KwaZulu-Natal, Noordoos-Kaap, Oos-Vrystaat)
A S (André) Coetzee	Direkteur	Westelike Streek (Noordwes-Kaap, Noord-Kaap, Suidwes-Vrystaat, Wes-Vrystaat)
J I (Izak) Cronjé	Direkteur	Westelike Streek (Noordwes-Kaap, Noord-Kaap, Wes-Vrystaat, Suidwes-Vrystaat)
P G J (Gerhard) Posthumus	Direkteur	Voorsitter: Nasionale Moerekomitee
J (Joseph) Bantom	Direkteur	Suidelike Distrik (Wes-Kaap, Sandveld, Ceres, Suid-Kaap, Suidwes-Kaap)
T S (Siseko) Vikilahle	Direkteur	Suid-Oostelike Distrik (Noordwes Kaap, Oos-Kaap)
N R (Rodney) Mbuyazi	Direkteur	Oostelike Distrik (Kwazulu-Natal)
S G (Gift) Mafuleka	Direkteur	Sentrale Distrik (Limpopo, Vrystaat, Gauteng, Mpumalanga)


Ingevolge die Memorandum van Inkorporasie van die maatskappy sal die Voorsitter van die Ouditkomitee 'n nie-uitvoerende en onverbonde gekwalifiseerde persoon wees. Gedurende die verslagjaar het mnr JH du Plessis van die geektrooieerde ouditeursfirma, Geysers en Du Plessis, weer as Voorsitter van hierdie komitee gedien.

Administrasie

Buiten drie vakante poste het ASA op 30 Junie 2018, 28 personeellede voltyds in diens gehad waarvan 9 die ses streekkantore bedien om optimale dienslewering aan die bedryf te verseker. Die dienste wat gelewer is, word breedvoerig in die Kernbesigheidsverslae bespreek.

Die personeel word deur 'n uitvoerende bestuur aangevoer, wat uit die Hoof Uitvoerende Beampte, Maatskappysekretaris en die Bestuurders van die vier Kernbesighede- en ondersteuningsdienste-afdelings bestaan soos aangedui in Diagram 1.

Diagram 1: Personeel struktuur





BEDRYFSINLIGTING



Pieter van Zyl

Bestuurder Bedryfsinligting

BESIGHEIDSVERSLAG

Die aartappelbedryf funksioneer in 'n vryemarkomgewing wat die beskikbaarheid van inligting noodsaaklik maak om sukses te behaal. Om te voldoen aan die inligtingsbehoefte van die bedryf, lewer ASA 'n omvattende professionele inligtingsdiens wat betroubaar, relevant en tydig is. Die diens laat rolspelers daagliks toe om strategiese sakebesluite te neem, veral tydens die produksie- en bemarkingsseisoene van aartappels.

ASA se bedryfsinligtingstelsel behels die versameling, interpretasie en vrystelling van bedryfsverwante inligting met die primêre doelwit om ingeligte besluitneming vir alle rolspelers moontlik te maak, asook om groter deursigtigheid in die aartappelbedryf te verseker.

Kernfokus-areas

Die Bedryfsinligting Kernbesigheid se kernfokus-areas word as volg gekategoriseer:

Tabel 3: Projekte in die Inligtingskernbesigheid

FOKUSAREAS	KOMPONENTE
Produksie- en markinligting	<ul style="list-style-type: none">• Mark- en bemarkingsverslae: Daaglik, weeklik, maandelik, seisoenaal en jaarlik.• Gereelde oesverslae van 16 produksiestreke.• Maandelikse markkommentaar.• Varsproduktemarkte: Tendensanalises.
Produksiekoste	<ul style="list-style-type: none">• Opdatering van produksiekoste: Grootste streke.• Analise van verpakkings- en bemarkingskoste.• Opdatering van prys/opbrengsmodel (vars- versus verwerkte aartappels).• Tendensanalises.• Vervoerkostemodelle.• Vervoerkoste- en verwante aangeleenthede.

FOKUSAREAS	KOMPONENTE
Agri Benchmark	<ul style="list-style-type: none"> • Opdatering van 'n "tipiese" aartappelplaas in die vier grootste streke. • Vergelyking van "tipiese" aartappelplase: SA versus oorsese lande. • Toets "wat as" scenario's op "tipiese" plase (plaasvlakmodellering).
Aartappelwaardeketting-analise	<ul style="list-style-type: none"> • Bepaal onder andere die volgende aanwysers: Grootte van bedryf, per kapita verbruik, hoofvariëteite en verbruikersbesteding.
Aartappelbedryfsmodel	<ul style="list-style-type: none"> • Verskaf 'n aartappelproduksievooruitskouing vir die komende jare deur gebruik te maak van 'n bepaalde stel aannames. • Onderneem scenario-analises of gebruik verskillende stelle aannames om 'n beter begrip van die aartappelbedryf te genereer.
Effektiwiteit in die aartappelproduksieproses	<p>Pakstoor- en bemarkingseffektiwiteit. Belangrike aanwysers word bereken, vergelyk en bestudeer, en norme word daargestel:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Pakstooreffektiwiteit (bv. aantal 10 kg sakkies verpak per arbeider per dag). • Investering in masjinerie en implemente. • Markprysanalise. • Kwaliteitsindeks vir produsente wat op markte lewer. • Knolbeskadiging & gewigsverlies: omvang en oorsake.
	<p>Optimisering van energie- en waterverbruik vir aartappelproduksie. Die studie is onderneem deur verskeie gevallestudies in die Wes-Vrystaat te doen. Die volgende is van belang:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Toets verskillende scenario's se effek op energiekoste. In die proses is energiegebruikseffektiwiteit ook bereken en bestudeer. • Waterverbruikseffektiwiteit is by medewerkers bereken en vergelyk. • Effektiwiteit van besproeiingstelsels is by medewerkers gedoen en vergelyk.
Opbou en instandhouding van databasis	<p>Aartappels Suid-Afrika versamel alle tipes inligting op 'n daaglikse, weeklikse, maandelikse, seisoenale en jaarlikse basis. Dit is noodsaaklik dat alle relevante inligting ordelik ingesamel, verwerk en versprei word. Relevante inligting word tot die databasis gevoeg. ASA is in 'n gevorderde stadium om die huidige databasis te outomatiseer deur die oprigting van 'n selfhulpinligtingsportaal daar te stel (webbladsy & mobiele toepassing).</p>
Ad hoc / ander	<p>Verslae aan die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika (NERSA), Departement van Arbeid en Suid-Afrikaanse Inkomstediens.</p>

Die volgende aktiwiteite het onder andere aandag geniet:

- In 'n onlangse CHIPS artikel word beskryf wat die volgende 10 jaar in die aartappelbedryf moontlik kan gebeur. Projekies wat deur die Buro vir Voedsel en Landboubeleid (BFAP) se Aartappelbedryfsmodel gegenereer word, dui aan dat hektare geplant nie die volgende 10 jaar noemenswaardig gaan styg nie. Hektare geplant behoort sywaarts te beweeg, maar die oesgrootte behoort met 'n half miljoen ton te styg, wat impliseer dat die gemiddelde opbrengs sal styg.
 - o Die genoemde bedryfsmodel word ook gebruik om scenario's op "tipiese" aartappelplase te toets (plaasvlakmodellering). Voorleggings is gemaak aan onder meer die Departemente van Arbeid en NERSA waar aangetoon is wat die effek van voortdurende kostestygings op die volhoubaarheid van aartappelproduksie is.
- Produksiekoste is vir nege streke opgedateer. Enkele besproeiingstreke, afhangende van die opbrengste behaal, se totale koste beloop meer as R200 000 per hektaar. Ontledings toon ook dat die totale produksiekoste van aartappelproduksie vinniger as inflasie styg. 'n Vervoerkostemodel is ook ontwikkel wat as maatstaf gebruik kan word vir produsente wat van eie vervoer na markte gebruik maak. Vervoerkoste is die tweede of derde grootste enkele kostekomponent vir 'n aartappelprodusent. Vir beide die produksiekoste en vervoerkoste van aartappelproduksie is Excel-sigbladmodelle ontwikkel. Produsente kan hul eie data inlees en hul kostes met die maatstafsyfers ("benchmark figures") vergelyk.

- Die pakstoor- en bemarkingseffektiwiteitstudie is in ses streke onderneem. Dit behels onder andere die volgende komponente:
 - o Pakstoornorme word ontwikkel
 - Daar is gekyk na onder meer arbeidseffektiwiteit en die vlak van meganisasie. 'n Belangrike aanwyser wat gebruik word is die gemiddelde aantal 10kg sakkies wat een persoon in die pakstoor per dag hanteer. Afhangende van die streek wissel dit maklik tussen 100 sakkies per arbeider en 200 sakkies per arbeider. Slegs arbeidskoste in die pakstoor beloop tussen R5 000 en R10 000 per hektaar, wat dus beklemtoon dat arbeid effektief aangewend moet word. Meganisasie kan arbeid vervang, maar die koste daarvan kan hoog wees. Die vraag is hoe effektief arbeid en kapitaal (meganisasie) in die pakstoor aangewend word.
 - o Gewigsverliesmeting & Knolbeskadiging
 - Verlede jaar tydens 'n ander projek is in baie streke opgemerk dat heelwat knolbeskadiging, veral meganiese skade, waargeneem word 'n paar dae na verpakking. Om die oorsake van knolbeskadiging te identifiseer is daar in samewerking met die Landbou Navorsingsraad 'n metodiek ontwikkel om die verskillende aksies (uithaal, wegry, aflaai, was, ensovoorts) se bydrae tot knolbeskadiging te evalueer.
 - Knolbeskadiging verwys na knolle met 1 of meer van die volgende tekens, naamlik meganiese beskadiging, vrot, verleptheid en nerf-af. Om die oorsaak van knolbeskadiging te ondersoek word daar op 4 plekke in die uithaal en verpakkingsproses monsters getrek. Die onderskeie monsters (elke keer 3 x 10kg sakkies) word getrek; (1) in die land voor die uithaalaksie, (2) by die invoerbak voordat die knolle die pakstoor binnegaan, (3) direk na die wastafel en (4) aan die einde van die paklyn. Knolle getrek by die hopper evalueer die uithaal en aanry aksie. Knolle getrek direk na die wastafel evalueer die wasaksie en knolle getrek aan die einde van die sorteer/pak lyn, evalueer die sorteer en pak aksie. Die knolle getrek voor die uithaler word uiteraard nie hanteer nie en behoort teoreties geen knolbeskadiging te wys nie.
 - Tussen medewerkers in streke is daar groot variasies in knolbeskadiging. By alle streke is die wasaksie die hoofoorsaak van knolbeskadiging wat beteken die vernaamste oorsake van knolbeskadiging verskil dus nie tussen die medewerkers nie. Die sorteer en pak aksie by alle streke lewer weer die minste knolbeskadiging op.
 - o Markprysanalise
 - Medewerkers se markpryse vir Klas 1 Groot Medium is vanaf Johannesburg mark verkry en ontleed. Markpryse is ook vergelyk met pakstooraanwysers, byvoorbeeld arbeidseffektiwiteit en die vlak van meganisasie. Uiteraard kom groot variasie tussen medewerkers se gemiddelde markpryse voor.
 - o Kwaliteitsindeks vir individuele produsente wat aan markte lewer (in proses)
 - Die indeks gee aan produsente 'n maatstaf waarteen hulle hulself op 'n anonieme basis teen ander produsente in die streek kan meet of vergelyk. Vier kriteria is ontwikkel wat gebruik word om aan elke produsent 'n totale indekspunt uit 10 toe te ken. Hoe beter die punt, hoe beter vaar die produsent. Produsente kan ook duidelik sien wat hul "swak punte" en "sterk punte" ten opsigte van hul produk op die markvloer is. By elke produsent, tydens pakstoorbesoeke, word 4 sakkies Groot Medium oopgemaak en geëvalueer. Vir elke kriteria word 'n 1, 2 of 'n 3 toegeken. Die vier kriteria is as volg.
 - Gewigsverskil tussen die swaarste en ligste sakkie wat geweeg is. Indien die gewigsverskil per sakkie kleiner as 200 gram is, word 'n 3 toegeken.
 - Univormigheid in knolgrootte. Indien alle knolle min of meer ewe groot is, word 'n 3 toegeken.
 - Meganiese skade. Indien minder as 5 knolle per sakkie voorkom met meganiese skade, word 'n 3 toegeken.
 - Kleur van knolle. Indien 'n uitsonderlike kleur waargeneem word, word 'n 1 toegeken.
 - Ook word die individuele knolle per sakkie geweeg om te sien watter persentasie van sakkies se gewig is nie Groot Medium knolle nie.
- 'n Projek getiteld "Optimisering van energie- en waterverbruik vir aartappelproduksie" is in die Wes-Vrystaat afgehandel. Volgens die resultate toon elektrisiteitskoste per hektaar aartappels groot variasies tussen boerderye. Produsente se gemiddelde elektrisiteitskoste per hektaar besproei, wissel maklik tussen R7 000 en R11 000 in 'n streek. Uiteraard is daar baie redes hoekom boerderye se kostes per hektaar so baie verskil. Gevallestudies is by enkele produsente gedoen waartydens hul spilpunte se effektiwiteit gemeet is (verskillende kriteria is hiervoor

gebruik). Redes vir swak prestasie is dan ook uitgewys. Ontledings het gewys dat die pomp en besproeiing van water maklik 70% van die totale jaarlikse elektrisiteitsrekening kan uitmaak. Die waterverbruikseffektiwiteit van medewerkers (kg aartappels bemark per mm water besproei) is ook bereken en vergelyk. Scenario-analises is vervolgens gedoen aan die hand van sigblad-tipe programmatuur om te bepaal of medewerkers se elektrisiteitskoste per hektaar nie verminder kan word nie. Energieverbruikseffektiwiteit is ook by medewerkers bereken en ontleed. Verskeie rolspelers was betrokke, wat onder andere Eskom insluit.

Inligtingskomitee


Die samestelling van die Inligtingskomitee is as volg:

Tabel 4: Die samestelling van die Inligtingskomitee

NAAM	VERTEENWOORDIGING
Mnr Jan van Zyl (Voorsitter)	Direksie (Sandveld)
Mnr Wouter van Amstel (Visievoorsitter)	Limpopo
Mnr Louw Smit	Sandveld
Mnr Charl Nel	Wes-Vrystaat
Mnr Wessel Durandt	Oos-Vrystaat
Mnr MC Venter	Gekoöpteer (Limpopo)
Mnr Johan Holtzhausen	Gekoöpteer (Mpumalanga)
Mnr Roland Buys	Gekoöpteer (KZN)

Marktendense

Gedurende die 2017-oesjaar is 52 017 hektaar aartappels geplant, wat 705 hektaar minder is as die vorige jaar se aanplantings. Goeie produksietoestande het gelei tot 'n oes van 245 miljoen 10kg sakkies, wat bykans 30 miljoen 10kg sakkies meer is as in 2016 (sien Figuur 4).



Figuur 4: Hektare geplant versus oesgrootte

Ten opsigte van die 2017-oesjaar het die Limpopo produksiestreek die meeste hektare geplant, 11 129 hektar wat 21% verteenwoordig van die totale hektare geplant (sien Tabel 5). Die Limpopo-produksiestreek het ook die grootste oes opgelewer, bykans 56 miljoen 10kg sakkies wat 23% van die nasionale oes beloop. Die vier grootste produksiestreke het 69% van die totale hektare geplant en 65% van die nasionale aartappeloes opgelewer.

Tabel 5 toon ook die gemiddelde opbrengste van die verskillende streke. Droëlandverbouing het hoofsaaklik in die Oos-Vrystaat geskied en tot 'n mindere mate in die Wes-Vrystaat, wat noodgedwonge 'n effek op die gemiddelde opbrengs van hierdie streke gehad het.


Tabel 5: Aartappelproduksie in 16 streke - 2017-oesjaar

	Streek	Hektare	% van hektare	Oesgrootte in 10 kg-sakkies	% van oes	Gemiddelde opbrengs in ton/ha
1	Limpopo	11 129	21%	56 682 200	23%	50,9
2	Oos-Vrystaat*	10 670	21%	36 514 150	15%	34,2
3	Wes-Vrystaat	7 259	14%	35 929 500	15%	49,5
4	Sandveld	6 611	13%	30 971 100	13%	46,8
5	Noordwes	2 344	5%	14 291 900	6%	61,0
6	Noord-Kaap	2 232	4%	13 271 300	5%	59,5
7	KwaZulu-Natal	2 997	6%	12 768 800	5%	42,6
8	Mpumalanga	1 546	3%	7 990 200	3%	51,7
9	Suidwes-Vrystaat	1 259	2%	7 895 200	3%	62,7
10	Noordoos-Kaap	1 708	3%	7 701 900	3%	45,1
11	Gauteng	1 098	2%	6 301 494	3%	57,4
12	Ceres	1 076	2%	5 956 375	2%	55,4
13	Marble Hall	1 097	2%	5 811 700	2%	53,0
14	Oos-Kaap	696	1%	2 451 000	1%	35,2
15	Suid-Kaap	209	0,4%	804 650	0,3%	38,5
16	Suidwes-Kaap	86	0,2%	316 200	0,1%	36,8
		52 017		245 657 669		47,2


* Droëlandverbouing kom voor

Wat die aantal kommersiële aartappelprodusente (boerdery-eenhede) aanbetref, het dit tot 541 in die 2017-oesjaar gedaal. In 2010 was daar 690 produsente. Daarenteen het 11% van alle produsente elk meer as 200 hektar aartappels geplant (Figuur 5). Dit is ook duidelik dat 48% van produsente elk minder as 51 hektar aartappels aanplant (Figuur 5).

Volgens Figuur 6 is dit duidelik dat die formele mark die grootste afsetpunt vir Suid-Afrikaanse aartappels is. Sowat 'n derde van die nasionale oes word deur die formele bemarkingskanaal bemark.



Figuur 5: Persentasie van produsente versus aanplantings in hektaar (2017)



Figuur 6: Verdeling van totale 2017 aartappel oes



NAVORSING EN ONTWIKKELING



Fienie Niederwieser

Bestuurder: Navorsing en ontwikkeling

Navorsing fokus deurgaans op die vind van oplossings vir produsente se behoeftes en verseker daardeur oordraging van inligting deur byvoorbeeld die feiteblaai oor peste en siektes. Vir die 2017/2018 finansiële jaar is daar 23 formele projekte deur die PIDT goedgekeur. Tabel 6 toon die verskillende projekte wat befonds is tydens 2017/18.

Tabel 6: Formele projekte wat goedgekeur is vir befondsing (2017/2018)

ORGANISASIE	PROJEK
Landbou-navorsingsraad	<ul style="list-style-type: none">• <i>In vitro</i> instandhouding van oop- en een (1) sub-lisensie kultivar (navorsingsdiens)• Ontwikkeling van 'n diagnostiese toets, en evaluasie van kultivars se toleransie tov spleetskurf (finale jaar)• Oorlewing van <i>Ralstonia Solanacearum</i> (bakteriese verwelk) en sanitasie van implemente• Geïntegreerde bestuur van knopwortelaalwurm (finale jaar)• Evaluasie van populêre kultivars vir weerstand teen bruinskurf (finale jaar)• Verticillium in die Sandveld• Effek van rotasie gewasse op aalwurmpopulasies in 'n gewasrotasieprogram in die Oos-Vrystaat
Universiteit van Pretoria	<ul style="list-style-type: none">• Plantluismonitering (navorsingsdiens)• Verhouding van PVY en PLRV besmette plantluis (finale jaar)• Ontwikkeling van bemestingsriglyne vir twee nuwe kultivars (finale jaar)• Bepaling van die water voetspoor en bruikbaarheid van nuwe tegnologie (finale jaar)• Effek van rotasie gewasse op grondkwaliteit, grondmikrobepopulasies en grondgedraagde patogene in die Oos-Vrystaat• Evaluasie van populêre kultivars tov toleransie vir knopwortelaalwurm• Evaluasie van populêre kultivars tov sagtevrot patogene (finale jaar)• Evaluasie van populêre kultivars tov poeierskurf (finale jaar)• Identifikasie van alternatiewe gashere vir poeierskurf (finale jaar)

ORGANISASIE	PROJEK
Stellenbosch Universiteit	<ul style="list-style-type: none"> Belangrikste faktore wat interne kwaliteit beïnvloed onder plaaslike toestande
Departement van Landbou: Wes-Kaap	<ul style="list-style-type: none"> Ondersoek na die invloed van klimaat op die aktiwiteit en intensiteit van virusvektore in die wintereënvalstreek Bewaringsboerdery-praktyke vir die Sandveld (Fase 2)
Geohydrological and Spatial Solutions (GEOSS)	<ul style="list-style-type: none"> Studie op die waterbalans en monitering van grondwater in die Sandveld (nuut)
Universiteit van die Vrystaat	<ul style="list-style-type: none"> Bestuur van opslagaartappels (finale jaar)
ASA	<ul style="list-style-type: none"> Hersiening van feiteblaai en samestelling van finale verslae, kort kursusse en ander tegnologie oordrag aksies Kultivarevaluasie en ander werkgroepproewe

Tydens die 2017/2018 finansiële jaar was daar betrokkenheid by 13 kultivarevaluasie-projekte in verskeie aartappelproduksiestreke soos aangedui in Tabel 7.

Tabel 7: Kultivarevaluasie-projekte van werkgroepe

STREEK	LOKALITEIT	TIPPE	VERBOUINGSPRAKTYK
Ceres	Donkerbos	Nie uitgevoer nie weens droogte	
KwaZulu-Natal	Cedara	Kultivarevaluasie	Besproeiing
	Kamberg	Plantpopulasie	Droëland
			Besproeiing
Limpopo	Pietersburg	Kultivar evaluasie	Besproeiing
Limpopo	Tom Burke	Kultivar evaluasie	Besproeiing
Mpumalanga	Middelburg	Kultivar evaluasie	Besproeiing
Noord-Kaap	Douglas	Kultivar evaluasie	Besproeiing
Noordoos-Kaap	Ugie	Kultivar evaluasie	Besproeiing
Oos-Kaap	Hankie	Nie uitgevoer nie weens droogte	
Oos-Vrystaat	Warden	Kultivar evaluasie	Droëland
		Demonstrasie: Plant beskermingsmiddels	Droëland
		Demonstrasie: kunsmis produkte	Droëland
	Oranjeville	Kultivar evaluasie	Besproeiing
Sandveld	Aurora	Kultivar evaluasie	Besproeiing
Suidwes- Vrystaat	Petrusburg	Kultivar evaluasie	Besproeiing
Wes-Vrystaat	Bultfontein	Kultivar evaluasie	Besproeiing
Wes-Vrystaat	Kroonstad	Versuip	

Navorsingskomitee

Tabel 8: Die samestelling van die Navorsingskomitee

NAAM	VERTEENWOORDIGING
André Coetzee (Voorsitter)	Noord-Kaap, Suidwes-Vrystaat & Wes-Vrystaat
Gerhard Posthumus	Moerkweker
Johan Holtzhausen	Loskopvallei & Mpumalanga
Gavin Hill	KwaZulu-Natal & Noordoos-Kaap
Ross Berg	Sandveld
Leon Rix	Ceres, Suid-Kaap & Suidwes-Kaap
George Gadda	Limpopo
Gert Bester	Oos-Vrystaat
Ineke Vorster (gekoöpteer)	Prosesseringsbedryf (slap skyfies)
Frank Osler	Prosesseringsbedryf (droë skyfies)
Marieta Botha (gekoöpteer)	Aartappellaboratoriumdiens

Hoogtepunte

Aartappelnavorsingsimposium 2017

Die Aartappelnavorsingsimposium (2017) het op 25 en 26 Julie by Klub Mykonos, naby Langebaan plaasgevind. Wetenskaplikes het terugvoer gegee oor die huidige stand van aartappelnavorsingsprojekte wat deur die PIDT en ander instansies befonds word (25 aanbiedings is gemaak).

Aartappelwerkgroepe het geleentheid gehad om verslag te doen oor die uitslae van die 13 proewe wat gedurende die voorafgaande jaar deur hulle onderneem is.

Elf aanbiedings is deur nagraadse studente gelewer, waarvan agt (8) PIDT beurshouers is.

Dr Denise Altenbach (Bioreba) het 'n oorsig gegee oor die waarde van die Elisa toets en mnr Chris Barnard het gepraat oor besproeiing onder droogtetoestande uit die oogpunt van 'n produsent.

Die simposium is deur 220 persone bygewoon en het ingesluit: aartappelprodusente, verteenwoordigers van insetverskaffers, verteenwoordigers van navorsings- en aartappelverwante instansies en nagraadse studente.

Toekennings vir beste aanbiedings is gemaak. Prof Martin Steyn (Universiteit van Pretoria) het die toekenning vir die Beste Aanbieding deur 'n navorser ontvang vir sy aanbieding: "Watervoetspoorassesering van aartappelproduksie in Suid Afrika" en mnr Pieter Brink (Voorsitter: Sandveldwerkgroep) het die prys verower vir sy aanbieding oor die kultivar evaluasieproef op Aurora.

Mnr Joel Dube (Universiteit van Pretoria) het die prys vir die Beste Student Aanbieding gewen vir sy aanbieding "Effect of rotation crops on soil Fusarium and soil bacteria populations in an Eastern Free State crop rotation programme".

Die trofee vir die Beste Bywoning is deur Ceres verower (dankie aan Du Toit Groente vir uitstekende ondersteuning).



Inligtingsdae waarby Navorsing betrokke was

Die **Sandveldwerkgroep** se inligtingsdag (15 Maart 2018) is deur meer as 70 persone bygewoon. Vordering met projekte wat op die Sandveld betrekking het, is deur navorsers gerapporteer. Fruitlook het ook hul satelietbeeldiens bekend gestel. Daar is besluit om die produk se diens tov bespoeiingskedulering te toets teen die skeduleringaanbevelings in een van Prof Martin Steyn se projekte.

Die Sandveldwerkgroep het ook 'n werkswinkel wat goed bygewoon is, gereël om poeierskurf in die streek te bespreek. Die uitkomst van die werkswinkel was onder andere dat die Direksie versoek word om 'n besoek van 'n kenner op die siekte uit te nooi om die voorkoms en bestuur van poeierskurf in Nieu-Seeland en Australië goed te keur en befondsing deur die PIDT te verkry.

Tydens die **Oos-Vrystaatwerkgroep** se Inligtingsdag op 8 Maart 2018 kon die werkgroepproewe ongelukkig nie besoek word nie, weens swaar reën die vorige dag. 'n Inligtingsboekie is saamgestel met inligting oor die verwagte effek van klimaatverandering op aartappelproduksie in die Oos-Vrystaat, asook prestasie van kultivars wat al in werkgroepproewe ge-evalueer word.

Die **KwaZulu-Natalwerkgroep** se proefbesoek (Januarie 2018) by Cedara is deur beide kommersiële en kleinboere besoek. Die perseel bied uitstekende geleendheid om kultivars se toleransie teen laatroes te evalueer. Waarnemings deur 'n hommeltuig (drone) het die waarde van die tegnologie duidelik ge-illustreer om die toestand van plante van verskillende kultivars te evalueer.

Die **Suidwes-Vrystaatwerkgroep** het net na die oes van die proef 'n demonstrasie van die kultivars wat in die kultivarevaluasie proef was, gereël.

Tegnologie-oordrag

CHIPS-artikels

In die verslagjaar het 12 tegniese artikels en 11 verslae van werkgroepnavorsing in CHIPS verskyn en is almal op die ASA se webtuiste beskikbaar.

Finale verslae

Twee verslae is voltooi:

1. "Nitrogen management effects on selected potato cultivars"
2. "Impact of different climate change scenarios on future potato production in South Africa: study II"

Bundel Chips artikels

1. Bespoeiingskedulering



MARKONTWIKKELING EN GENERIESE PRODUKBEVORDERING



Immaculate Zinde

Bestuurder: Markontwikkeling en Generiese
Produkbevordering

Die toename in per kapita verbruik van aartappels in Suid-Afrika oor die afgelope tien jaar bevestig dat die belegging in marktoegang en-ontwikkeling sowel as generiese produkbevordering vrug aflower.

Die doel en bestaan van ASA se Bemarkingskernbesigheid is om aartappelprodusente te help om aartappels te bevorder en te verkoop, plaaslik sowel as buite die Republiek van Suid-Afrika. Om hierdie rede vervul die Bemarkingskernbesigheid twee fundamentele strategiese funksies: Generiese Produkbevordering (GPP) sowel as Marktoegang en-ontwikkeling (MAD).

Die 2017/2018-finansiële jaar het deurgaans bewys dat die bemarking van aartappels in Suid-Afrika van groot belang is. Alhoewel die vraag na aartappels en die verbruik daarvan groei, is daar steeds baie werk wat gedoen moet word om dit na vore te laat tree as 'n sterk aanspraakmaker van vars groente, plaaslik en buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika.

Na verwagting sal die Suid-Afrikaanse bevolking in 2020 min of meer 60 miljoen mense beloop. Dit, tesame met water- en grondbeperrings soos berig en voedselveiligheid en-sekuriteit, tree al hoe meer op die voorgrond in Suid-Afrika, die kontinent oor die algemeen en die wêreld. Vir die bedryf om relevant te bly, moet dit bestendig groei en sy missie uitleef: Om saam uitnemendheid in die aartappelbedryf daar te stel, moet kragtige en innoverende oplossings gevind word.

Gedurende die verslagjaar is alle GPP-projekte uitgevoer in ooreenstemming met die slagspreuk: *Klassieke heilsaamheid uit die grond – altyd vars, altyd beskikbaar!*

Bemarkingskomitee

Tabel 9: Die samestelling van die Bemarkingskomitee

NAAM	VERTEENWOORDIG
Rudi Heinlein (Voorsitter)	Noordelike Streek (Limpopo)
Joost Engelbrecht	Suidelike Streek (Sandveld, Oos-Kaap, Ceres, Suid-Kaap en Suidwes-Kaap)

NAAM	VERTEENWOORDIG
Nikolaas Lourens	Oostelike Steek (Kwazulu-Natal, Oos-Vrystaat, Noordoos-Kaap)
Johan Holtzhausen	Noordelike Steek (Mpumulanga, Gauteng, Loskopvallei)
Werner du Plessis	Westelike Steek (Noordwes-Kaap, Noord-Kaap, Wes-Vrystaat, Suidwes-Vrystaat)
Gerhard Posthumus	Voorsitter: Nasionale Moerekomitee
Deon van Zyl	Instituut vir Markagente Suid-Afrika (IMASA) Potato Industry Development Trust (PIDT)
Tutti Rudman	Suid-Afrikaanse Nasionale Verbruikersunie (SANV)
Matilda van der Walt	Nasionale Landbou Bemarkingsraad (NLBR)
Elvis Nakana	Departement van Landbou, Bosbou en Visserie (DLBV)
Mothlanke Tladi	SA Informele Handelaarsvereniging (SAIH)
André Young	SA Unie van Voedselmarkte (SAUVM)
Francina Makhoane	Suid-Afrikaanse Raad vir Verbruikersgoedere (SARVG)
Rudolf Badenhorst	Verwerkersforum
Dr André Jooste	Hoof Uitvoerende Beampte
Immaculate Zinde	Bestuurder Bemarking en Generiese Produkbevordering
Elsabé Els	Sekretaris

Hartmerk goedkeuring

Die verslagjaar het afgeskop met 'n yslike knal! Na baie jare van oorrading, het die Hart- en Beroertestigting van Suid-Afrika (HSFSA) goedkeuring aan die organisasie se Bemarkingskernbesigheid verleen om die hartmerk op alle generiese produkbevorderings veldtogte te gebruik. Die produk word nou bemark as goed vir die hart, as:

1. Dit met skil aan gebak, gekook en/of gestoom word;
2. Dit as die styselgedeelte van 'n ete op 'n bord bedien word.

*Pssst...*die hartmerk mag nie op produkverpakking gebruik word nie.

Media reklame advertensies

Met die aanvaarding dat aartappels 'n "nuwe houvas op die lewe" het (gebruik van hartmerk), is dit duidelik dat alle media reklame advertensies die produk as 'n superkoolhidraat met waardevolle mikro- en makrovoedingstowwe moet uitbeeld, wat noodsaaklik is vir optimale gesondheid:

- In die 2017/2018 finansiële jaar is 8.2 miljoen Suid-Afrikaanse lesers deur middel van gedrukte advertensies bereik;
- Meer as 12 miljoen verbruikers in die primêre teikenmark is gedurende die verslagjaar deur middel van radio aan die produk se waarde-aanbod blootgestel;
- Die televisieveldtog het 'n gradering van 28 op 'n reikwydte van 9% en 'n frekwensie van 3 opgelewer.

"Die waarheid is nie die waarheid nie totdat mense jou glo en hulle kan jou nie glo as hulle nie verstaan wat jy sê nie en hulle kan nie verstaan wat jy sê as hulle nie na jou luister nie en hulle sal nie na jou luister as hulle nie belang stel nie en jy sal nie hulle belangstelling prikkel as jy nie goed sê wat die verbeelding prikkel en oorspronklik en vars is nie." - Bill Bernbach

Deur dit alles was kreatiwiteit – oorspronklikheid – feite/waarheid die kern van alle media reklame advertensie projekte.

Generering en korrekte kontekstualisering van inhoud

Daar word gesê dat mens nie kan begin om sosiale, morele en intellektuele instruksies te gee voordat...voordat, die luisteraars vertrou in die boodskapper en die oorgedraagde boodskap gekry het nie. Die verslagjaar is benut om egte, sterk en onbreekbare bande met geteikende verbruikersegmente te vorm om te verseker dat die oorgedraagde boodskap ontvang en geïnternaliseer is en daarop gereageer is. Alle voedingswaarde stukke, resepte, denkleier stukke en die ontwikkeling van inhoud is uitgevoer onder leiding van professionele mense en kundiges op die onderskeie gebiede om geloofwaardigheid te kweek met inhoud wat gerugsteun word deur die waarheid en feite. Die inligting het die grondslag gevorm van alle skeppende pogings regdeur alle GPP-projekte. Om na die inhoud te kyk, besoek: www.potationation.co.za.

Geregistreeerde dieetkundiges, sjefs, fotografe en inhoudskurators is gedurende die verslagjaar byeengebring om die Kernbesigheid se strategiese missie daar te stel om: *In te lig-Te inspireer-Op te voed!*

Openbare betrekkinge

In die 2017/2018 finansiële jaar is R375 000 begroot vir openbare- en mediabetrekkinge wat daarop gemik is om aan die produk gratis blootstelling oor verskillende mediums heen te verskaf. Die Bemakingskernbesigheid het die volgende drie veldtogte beplan en uitgevoer:

2017-Wêreldvoedseldag

Die doelstelling van die 2017 Wêreldvoedseldagveldtog was om Suid-Afrikaners agter aartappels te laat skaar deur hulle aan te moedig om 'n minderbevoorregte persoon te vind en vir hulle 'n ete te kook met aartappels as basis. Die veldtog het wonderlike gratis mediablootstelling ter waarde van R2.3 miljoen ontvang.

2018-Mediaverklaring oor Hart- en Beroertestigting van Suid-Afrika se ondersteuning

Tussen September 2017 en Januarie 2018, het die Bemakingskernbesigheid deur noue samewerking met geregistreeerde dieetkundiges en sjefs, waardevolle inligting ingesamel en versprei. Dit is 'n doelbewuste poging om HSFA se ondersteuning per publieke aankondiging bekend te maak. Die optrede het ± R609 000 se waarde aan mediablootstelling meegebring.

2018-Wêreldhongerdag

Wêreldhongerdag word elke jaar op 28 Mei herdenk. Die Bemakingskernbesigheid het 'n tweeledige benadering tot hierdie jaar se optrede ontwikkel.

1. Teiken media en oefen druk op hulle uit vir gratis blootstelling. As 'n voortsetting van optrede wat gedurende Wêreldvoedseldag in Oktober 2017 uitgevoer is,
2. Doen wat jy sê deur aan die gemeenskappe waar ASA werksaam is, te wys dat ASA omgee.

Om bogenoemde twee doelstellings te bereik, het ASA Meals on Wheels as 'n begunstigde van Wêreldhongerdagpogings geïdentifiseer. Op 28 Mei 2018, het ASA varsprodukte met vergunning van RSA Bemakingsagente by een van Meals on Wheels se filiaalmaatskappye in Pretoria-Oos, Mamelodi, afgelewer.

Oor Meals on Wheels

Dit is 'n nie-winsgewende organisasie wat meer as 100 jaar gelede tot stand gekom het. Meals on Wheels glo dat honger die uiterste verwesening van armoede en menslike verwaarloosing is. Die organisasie voed ongeveer 18 750 begunstigdes regdeur die land.

Die gratis mediablootstelling wat uit hierdie projek verkry is, was R1.6 miljoen werd.



Die totale gratis mediablootstelling vir al drie aktiwiteite was R4.5 miljoen.

Die netto beleggingswins wat uit hierdie projek bekom is, was R4 134 000 (totale mediablootstelling minus totale veldtogkoste).

Sosiale media / digitale bemerking

Met sosiale media wat momentum verkry het as 'n formidabele advertensiehulpmiddel, was die hoofdoelwit vir die betrokke finansiële jaar om te verseker dat alle gevestigde sosiale mediaplatforms (Facebook, Twitter en Instagram) grond wen en groei. Om dit te bereik, het die Bemarkingskernbesigheid 'n inligtingsbank opgebou in die vorm van resepte, kosartikels, pretfeite en inligting, sowel as videografie. Vanaf 30 Junie 2018, het die gesamentlike volging op ASA sosiale mediaplatforms tot 59 000 toegeneem, wat 'n jaarlikse groei van 9.3% beteken.

Waarom is digitale bemerking belangrik vir die bedryf?

“Sosiale media handelsmerkbemaking maak wel vir Suid-Afrikaners saak. 'n Stewige 77% verbruikers het bevind sosiale mediaplasing van handelsmerke het hulle beïnvloed.” - PMA Navorsing, Jinju Wilder

Volg ons op: potatoes_za

Aartappelverpakkingspesifikasies / SANS 1756

Hierdie Suid-Afrikaanse standaard is voorberei deur die Nasionale Komitee SABS/TC 006/SC 02, papier, karton en pulp – verpakking, papier en karton, in ooreenstemming met prosedures van die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde. Die standaard het betrekking op papiersakkies wat bestem is vir gebruik hoofsaaklik vir die verpakking van aartappels swaarder as 5 kg. Die standaard is in September 2017 gepubliseer met die volgende fisiese eienskappe van papier:

Tabel 10: Fisiese eienskappe van papier

1	2	3	4
Eienskap	Vereiste		Toetsmetode
	Bruin sak kraft	Wit sak kraft	
Gram, g/m ² (±5%)	70	75	ISO 536
Tenstiele energie absorbering, J/m ² per laag (MD en CD)			ISO 1924-3
Nominaal.....	180		
Werklike, min.....	160		
Tenstiele sterkte (Nat) MD, k/N, min.	1,0 per laag		ISO 3781

Alle produsente word aangemoedig om met die Bemarkingskernbesigheid van ASA in verbinding te tree vir die volledige verpakkingstandaarde by: immaculate@potatoes.co.za

Buitelandse markuitbreidingstrategie

ASA, tesame met ander groente-organisasies, werk nou saam met die DLBV om 'n Suid-Afrikaanse Groente-Uitvoerstrategie op groente en sappe saam te stel. Bykomend tot die DLBV-studie, het die ASA Bemarkingskernbesigheid tyd toegewy aan die uitvoering van lessenaarstudies oor die Waardeketting van die Aartappelbedryf en ook advies verkry van leidende Suid-Afrikaanse varsprodukte uitvoerorganisasies. Dit is 'n dryfveer om markintelligensie op markaangetrokkenheid, penetrasie en ontwikkelingstrategieë vir aartappels buite die Republiek van Suid-Afrika te bou.

Regulatoriese aartappelomgewing

Die verkoop van aartappels (plaaslik en/of op buitelandse markte) word beheer deur die Wet op die Standaarde van Landbouprodukte 119 van 1990. Aan die einde van die verslagjaar is die plaaslike regulasies aan die DLBV voorgelê vir hersiening en wysiging.

Al die voorgestelde wysigings, asook gehalte inspekteurs, is bespreek, om maar 'n paar te noem. Sleutelveranderings aan die plaaslike standaarde vir aartappels het betrekking op:

Aartappelgroottegroepe:

(i) Om die volgende primêre groottegroepe te wysig:

Tabel 11: Primêre groottegroepe

Groottegroep	Minimumgewig per knol	Maksimumgewig per knol
Baba	5g	70g
Klein	50g	150g
Medium	100g	300g
Groot	250g	+

(ii) Om die volgende opsionele groottegroepe te wysig:

Tabel 12: Opsionele groottegroepe

Groottegroep	Minimumgewig per knol	Maksimumgewig per knol
Ekstra klein	30g	50g
Klein medium	90g	120g
Groot medium	150g	250g
Ekstra groot	+400 g	

Gemengde aartappelgroottegroepe en toleransievlakke

Daar is besluit om nie 'n "gemengde" groottegroep aan te beveel nie en as die voorgestelde groottegroepe en toleransievlakke nie nagekom word nie, dat 'n sakkie aartappels afgegradeer word na 'n Klas 2 of Klas 3.

Gehaltefaktore op die bykomende "Klas 3" in die uitvoerstandaarde

Daar is besluit om die byvoeging van 'n "Klas 3" in die uitvoerstandaarde vir alle streke aan te beveel.


Herlewing van nasionale varsproduktemarkte

Pogings om diensstandaarde en werksaamhede van Nasionale Varsproduktemarkte te verbeter het in die verslagjaar voort gegaan. Ses sukkelende markte is deur die DLBV geïdentifiseer vir bystand. ASA het aangebied om die sukkelende markte te ondersteun en te help. Die projek gaan steeds voort en word fyn dopgehou deur die Project Rebirth Nasionale Loodskomitee.


Bedryfshandelsregstellings

Die Europese Unie (EU) bly steeds die grootste uitvoerder van gevriesde aartappelskyfies ter wêreld. Die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf het voor 2013 die slagoffer geword van die storting van gevriesde aartappelskyfies van

EU-maatskappye. Die bedryf het dadelik aansoek gedoen vir 'n handelsregstelling soos 'n veiligheidsmaatreël wat in 2016 verval het. Daar is tans 'n teenstortingsheffing van krag, wat tot 2021 gehef sal word. Hieronder is 'n grammatiese voorstelling van die uitwerking wat die storting van gevriesde aartappelskyfies gedurende die verslagjaar op die aartappelbedryf gehad.



Figuur 7: Gevriesde skyfies vs vars aartappels



Figuur 8: Ingevoerde gevriesde skyfies in miljoen kg

TRANSFORMASIE



Nomvula Xaba

Bestuurder Transformasie

Die doel van die Transformasiekernbesigheid binne ASA, is om die ontwikkeling van Swart produsente wat in kommersiële boerdery belang stel, te verseker. Dit verseker ook voedselsekureit vir almal in Suid-Afrika deur betrokke te raak by die landelike gemeenskappe en hulle met behulp van demonstrasie aanplantings te leer hoe om aartappels vir verbruik op 'n ekonomiese wyse te plant.

Gedurende die verslagjaar, was ASA weereens betrokke by transformasieprojekte en die vordering hiermee word al hoe duideliker sigbaar. Die aantal hektare aartappels wat met die hulp van ASA deur Swart produsente geplant word, vermeerder geleidelik en daar is produsente wat die program suksesvol voltooi het en reeds kommersieel boer en ook as mentors vir ander produsente optree.

Gedurende die 2017/2018 finansiële jaar, het ASA ten opsigte van transformasie op die volgende projekte gefokus:

- Besigheidsontwikkeling
- Kleinboerontwikkeling
- Tersiêre Vaardigheidspylyn
- Plaas Gebaseerde Opleiding
- Die 5de Tweejaarlikse Transformasiesimposium

Transformasiekomitee

Tabel 13: Transformasiekomitee

NAAM	VERTEENWOORDIG
Bernhardt du Toit (Voorsitter)	Suidelike Streek (Sandveld, Oos-Kaap, Ceres, Suid-Kaap, Suidwes-Kaap)
Joseph Bantam	Suidelike Distrik (Wes-Kaap, Sandveld, Ceres, Suid-Kaap, Suidwes-Kaap)
Siseko Vikilahle	Suid-Oostelike Distrik (Noordwes Kaap, Oos-Kaap)
Rodney Mbuyazi	Oostelike Distrik (KwaZulu-Natal)
Gift Mafuleka	Sentrale Distrik (Gauteng)
Mike Green	Aartappelprodusent (aangestel deur die Nasionale Raad van ASA (Vrywillig))

NAAM	VERTEENWOORDIG
Jakkie Mellet	Saadinsetverskaffer (soos genomineer deur die Nasionale Moerkekerskomitee)
BM Mpyana	Nasionale Landbou Bemarkingsraad (NLBR)
VAKANT	Kunsmisvereniging van Suid-Afrika (FERTASA)
Nomfundo Mthimunye	Vereniging van Veeartsenykundige en Gewasverenigings van Suid-Afrika (AVCASA)
VAKANT	Verwerkers (Droëskyfie sub-sektor)
Riaan Smit	Verwerkers (Slaptjip sub-sektor)
Stanford Manthata	Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV)
Shadrack Mabuza	Potato Industry Development Trust (PIDT)
Nomvula Xaba	Transformasie Bestuurder
Louis Pretorius	Transformasie Koördineerder
Elsabé Els	Sekretaris

Besigheidsontwikkeling

Die doel met die program vir Besigheidsontwikkeling is om hulp te verleen met die oprigting van, ondersteuning aan en die vooruitgang van nuwe kommersiële aartappelproduserende ondernemings in Swart besit, met die volgende doelwitte:

- Om 'n ekonomiese program te ontwikkel wat gemik is op volhoubare aartappelproduksie deur Nuwe Generasie produsente ter benutting van beskikbare grond en om te help met die bereiking van die maksimum voordeel van 'n geïntegreerde produksiestelsel.
- Om Nuwe Generasie produsente te ontwikkel wat op 'n volhoubare wyse kan groei en produseer.

Meer as R6 miljoen is gedurende die 2017/2018 finansiële jaar gebruik ten opsigte van besigheidsontwikkeling. Die geld is aangewend vir moeraankope, mentorskap, vooraf lewensvatbaarheidstudies en besigheidsplanne vir Nuwe Generasie produsente.

ASA het voortgegaan met die verskaffing van hulp in die vorm van moere op 'n vier-(4) jaar glyskaal van 25%. Dit is om te verseker dat produsente aan die einde van die vierjaar hulptydperk, in staat is om op hul eie te staan en 'n volhoubare onderneming te bedryf. Die verandering in die strategie wat enkele jare gelede geïmplementeer is, het ook 'n aanmerklike toename in die aantal hektare in die hande van die bestaande Besigheidsontwikkeling produsente tot gevolg gehad maar dit het nie noodwendig gelei tot 'n groot aantal produsente wat in die program opgeneem is nie.

Uitbreiding van hektare

Gedurende die verslagjaar het twee (2) produsente hulle hektare vergroot tot meer as wat die gebruik in die praktyk is, naamlik 30 ha. Dit is die resultaat van baie harde werk en ondersteuning van heelwat verskillende rolspelers. Die DLBV in Limpopo en die Oos-Kaap het 'n groot rol gespeel om toe te sien dat hierdie twee produsente oor al die nodige infrastruktuur beskik om hulle volhoubaarheid in die aartappelbedryf te verseker.

Nuwe produsente wat in die program opgeneem is

Na 'n intense en kragtige vooraf-volhoubaarheids- en besigheidsbeplanningsproses, is twee nuwe produsente van die Limpopostreek geïdentifiseer om aan die Besigheidsontwikkelings-program deel te neem. Die aanbeveling om hierdie produsente te ondersteun is gebaseer op die beskikbaarheid van grond en ander hulpbronne. Hierdie nuwe ondernemings is 'n groot sukses met een produsent wat 60 ton/ha met sy eerste oes afgehaal het. Ter voorbereiding van die nuwe finansiële jaar, het vooraf-volhoubaarheidstudies vir potensiële produsente in die Wes-Kaap, Limpopo, Oos-Kaap en KwaZulu-Natal plaasgevind.



Samewerking met ander rolspelers

Aangesien ASA se hulp slegs die koste van moere, opleiding en mentorskap dek, is dit belangrik dat Besigheidsontwikkeling produsente in kontak gebring moet word met ander rolspelers wat ander nodige ondersteuning kan verskaf. Dit kan in die vorm van toegang tot krediet en ook kundigheid beskikbaar gestel word. Gedurende die afgelope finansiële jaar, was ASA hard aan die werk om vennote te vind wat aan boord wil kom om te verseker dat produsente wat ondersteuning ontvang, uiteindelik volhoubaar sal kan produseer. Die samewerking met ander rolspelers word ook gesien as 'n voertuig tot die versnelling van ASA se pogings om Nuwe Generasie produsente so gou moontlik op 'n kommersiële boerderyvlak te kry. ASA is betrokke by die volgende verbintenisse/vennootskappe:

- Vrystaatse DLBV- Welkom: Die Welkomkantoor werk reeds vir die afgelope vier (4) jaar in vennootskap met ASA. Terwyl ASA moere, opleiding en mentorskap verskaf, ondersteun die Departement alle produsente wat aan die Besigheidsontwikkelings-program deelneem met chemikalieë, kunsmis en masjinerie. Hierdie vennootskap kom reeds 'n baie lang pad ten opsigte van die versekering van die volhoubaarheid van produsente in die streek. Een produsent wat uitgebrei het, is goed op pad om in die nabye toekoms kommersiële status te bereik.
- NTK/Werksfonds in Limpopo: ASA het 'n vennootskap met NTK gesluit en het befondsing vir vier (4) produsente uit die Werksfonds ontvang. ASA verskaf moere aan die produsente, terwyl die Werksfonds voorsiening maak vir die ander insetkoste, infrastruktuur en verwante sake wat deur NTK op 'n kredietfasiliteit verskaf word. Dit werk baie goed omdat al vier (4) produsente toegang tot al die nodige hulpbronne verkry as gevolg van die samewerkingsooreenkoms. Weens die uitstekende toewyding wat hy gedurende die eerste plantfase aan die dag gelê het, is een van die produsente in hierdie groep se grond van 10 ha tot 20 ha vergroot. ASA wil graag sien dat hierdie vier (4) produsente kommersiële vlak bereik voordat hulle termyn in die ondersteuningsprogram ten einde loop.
- Nulandis/AECI-samewerking: Gedurende die afgelope finansiële jaar het ASA en Nulandis/AECI baie nou met mekaar saamgewerk om 'n volhoubare besigheidsplan te ontwikkel wat tot die verdere ontwikkeling van Nuwe Generasie produsente kan lei. Baie werk is gedoen ten opsigte van die ontwikkeling en evaluasie van die produsente wat aan hierdie samewerkingsprogram kan deelneem. Nulandis/AECI het aangedui dat hulle in staat is om 30 ha in Limpopo te ondersteun en dit moet beskou word as een van vele samewerkingspogings wat voorlê. Daar is hard gewerk om te verseker dat die grond en infrastruktuur van die geïdentifiseerde produsente aan die vereiste standaard voldoen. AECI se fondsbestuurders, die Onafhanklike Ontwikkelingsfonds (IDF), het uit hulle pad gegaan om 'n omvattende studie uit te voer wat verseker het dat die regte kandidate geïdentifiseer is.
- McCain/Afgri/CocaCola: CocaCola het aangedui dat hulle belang sal stel om die Nuwe Generasie produsente te help en die program te laat werk. McCain is geïdentifiseer as 'n beginpunt, terwyl Afgri hulp sal verleen ten opsigte van die uitvoer van vooraf-volhoubaarheidstudies en besigheidsplanne asook die verskaffing van kredietfasiliteite waar nodig. ASA sal steeds betrokke wees by insette soos die verskaffing van moere en die voorsiening van mentorskap waar nodig. Befondsing wat van CocaCola ontvang word, sal hoofsaaklik gebruik word vir masjinerie-infrastruktuur aangesien daar 'n groot leemte is sover dit masjinerie aangaan en indien daar nie aandag aan die saak geskenk word nie, sal dit 'n uitwerking hê op die groei en volhoubaarheid van die Nuwe Generasie produsente.

Steun aan Besigheidsontwikkeling produsente

Gedurende die verslagjaar is hulp aan die volgende produsente verleen:

Tabel 14: Produsente wat bystand ontvang het


Name	Provinsie	Hektare geplant
Aubrey Ratjomane	Limpopo	15
Aldrin Lawrence	Limpopo	7.5
David Phike	Vrystaat	7
Edmond Ratjomane	Limpopo	13
Emeldar Maklaar	Vrystaat	5
Johannes Selamolela	Limpopo	15
Enos Mahwai	Limpopo	10
Erence Phooko	Limpopo	10
Isaac Ramasuku	Limpopo	10
Joseph Bantom	Wes-Kaap	2
Manie Brodie	Vrystaat	5
Phophi Raletjena	Limpopo	30
Shadrack Mabuza	KwaZulu-Natal	5
Edward Motibane	Limpopo	5
Siseko Vikilahle	Oos-Kaap	8
Vuyani Kama	Oos-Kaap	33
Zama Buthelezi	KwaZulu-Natal	5
Zibele Dafeti	Oos-Kaap	6
Bambelela Vuma	Oos-Kaap	4
Andile Racaza	Oos-Kaap	4
Bubele Sigwili	Oos-Kaap	4

Kleinboerontwikkelingsprogram

In KwaZulu-Natal, Oos-Kaap en Wes-Kaap provinsies is 'n bedrag van R133 000 aan die Kleinboerontwikkelingsprogram bestee. Die DLBV verleen sterk ondersteuning aan die Kleinboerontwikkelingsprogram in hierdie streke. Gedurende die verslagjaar is sewentien projekte ondersteun en elke inligtingsdag is deur gemiddeld 45 mense bygewoon wat die aantal begunstigdes op meer as 800 te staan bring.

Die Kleinboerontwikkelingsprogram is produsente wat aartappels hoofsaaklik om voedselsekureits redes plant, met die oorblywende oes wat aan die onmiddellike gemeenskap verkoop word. Die inisiatief sal vanjaar na skole uitgebrei word waar deelname deur leerders aangemoedig sal word. Die hoofdoelwitte van die Kleinboerontwikkelingsprogram is:

- Om produksie uit te brei en besigheidsinligting deur middel van proewe te versprei.
- Om praktiese opleiding oor goeie aartappelproduksiepraktye aan produsente te verskaf.
- Om kultivar- of demonstrasieproewe te gebruik as 'n manier van opvoeding en opleiding en die verspreiding van belangrike produksie-inligting wat noodsaaklik is vir suksesvolle aartappelproduksie.



Die volgende projekte het by die program baat gevind:

Port Edward	Applesbosch	Mqandula	Port St Johns
Empangeni	Vryheid	Qumbu	Lusikisiki
Nongoma	Genadendaal X 2	Libode	Flagstaff
Wartburg	Umthatha	Tsolo	Stutterheim

Tersiêre Vaardigheidspylyn

Die PIDT ken jaarliks beurse toe aan verdienstelike studente wat vir 'n landbouverwante kwalifikasie met die klem op aartappelproduksie studeer. Die voorgraadse beursprogram is hoofsaaklik gemik op die ontwikkeling van die vaardighede van jong talentvolle studente by bestaande aartappel ondernemings. Hulle ontwikkeling geskied deur middel van tersiêre opleiding aan universiteite en landboukolleges.

Aan die anderkant is die nagraadse beursprogram daarop gemik om 'n bydrae te lewer om só te verseker dat voldoende getalle nagraadse studente ontwikkel word om werk te doen in die betrokke navorsingsgebiede wat 'n invloed op die bedryf uitoefen. Die bedryf se poel van toepaslik gekwalifiseerde wetenskaplikes moet dan ook op hierdie manier aangevul word. Die Navorsing en Ontwikkelingkernbesigheid, tesame met die Transformasiekernbesigheid, is gesamentlik verantwoordelik vir befondsing en identifisering van die nagraadse studente.

Die volgende beurse is gedurende 2017/2018 aan studente aan verskillende instellings regdeur Suid-Afrika toegeken.

Voorgraadse studente

Tabel 15 dui die beurse aan wat aan voorgraadse studente toegeken is.

Tabel 15: Beurse aan voorgraadse studente - 2018

VOORGRAADSE STUDENTE				
1	Me Boitumelo Queenneth Moya	Sentrale Universiteit vir Tegnologie	Nasionale Diploma in Landboubestuur	3de Jaar
2	Me Lindobuhle Mbele	Potchefstroom Landboukollege	Diploma in Landbou	2de Jaar
3	Mnr Mohlonyang Daniel Kokobane	Tshwane Universiteit van Tegnologie	Diploma in Landbou (Gewasproduksie)	2de Jaar
4	Me Thembakazi Bheni	Universiteit van Fort Hare	B.Sc. Landbou (Grondkunde)	2de Jaar
5	Me Zihle Charlotte Sambo	Noordwes-Universiteit	B.Sc. in Landbou (Gewaswetenskap)	2de Jaar

Nagraadse studente

Tabel 16 toon beurse vir nagraadse studente.

Tabel 16: Beurse aan nagraadse studente - 2018

NAGRAADSE STUDENTE				
1	Me Talana Cronje	Universiteit van die Vrystaat	M.Sc. Landbou- Tuinbouwetenskappe	1ste jaar Meesters
2	Me Nokuthula Cynthia Gamede	Universiteit van Kwazulu-Natal	M.Sc. Agronomie	2de jaar Meesters
3	Mnr Xola Ngceni	Universiteit van Kwazulu-Natal	M.Sc. Landbou- Tuinbouwetenskappe	1ste jaar Meesters
4	Me Gontse Kehumile Joyce Modisane	Universiteit van Kwazulu-Natal	M.Sc. Biochemie	3de jaar Meesters
5	Me Mvusuludzo Mufandilani	Universiteit van Venda	Honneurs Plantpatologie	Honneurs
6	Mnr Bhekani Sandile Zondo	Universiteit van Kwazulu-Natal	M.Sc. Landbou-ekonomie	1ste jaar Meesters

Beurstudente wat voor 2018 beurse ontvang het

Tabel 17 toon die voorgraadse studente wat gedurende 2017 beurse ontvang het, wat saamval met ASA se 2017/18 finansiële jaar.

Tabel 17: Voorgraadse studente wat gedurende 2017 beurse ontvang het

VOORGRAADSE STUDENTE				
1	Me Zama Siyethemba Nyathi	Mangosuthu Universiteit van Tegnologie	Nasionale Diploma in Landbou	3de Jaar
2	Me Thato Friedah Somo	Potchefstroom Landboukollege	Diploma in Landbou- Gemengde Boerdery	3de Jaar
3	Me Welile Mlando Dlamini	Universiteit van Zululand	B.Sc. in Landbou- Agronomie	3de Jaar
4	Me Jabulile Nxumalo	Universiteit van Zululand	B.Sc. in Landbou- Agronomie	3de Jaar
5	Me Mahlatse Motlanthi	Universiteit van Limpopo	B.Sc. Agric- Grondkunde	4de Jaar



*Rodney Mbuyazi praat by 'n
Kleinboer Ontwikkelings-
program oesinligtingsdag*



Tabel 18 toon die studente wat in 2017 beurse ontvang het, wat saamval met ASA se finansiële jaar.

Tabel 18: Nagraadse studente wat gedurende 2017 beurse ontvang het

NAGRAADSE STUDENTE				
1	Me Ntombikayise Precious Nkomo	Universiteit van Pretoria	Ph.D. Mikrobiologie en Plantpatologie	3de jaar PhD
2	Me Carmen Muller (nee van Niekerk)	Universiteit van Pretoria	PhD Voeding	3de jaar PhD
3	Me Nikki Miguel	Universiteit van Pretoria	M.Sc. Mikrobiologie	2de jaar Meesters
4	Mnr Alessandro Rino Gricia	Universiteit van Pretoria	M.Sc. Mikrobiologie	2de jaar Meesters
5	Mnr Innocent Noah Mazibuko	Tshwane Universiteit van Tegnologie	M-Tech Landbou	3de jaar Meesters
6	Me Kgothatso Andronicah Chauke	Tshwane Universiteit van Tegnologie	M-Tech Bioteegnologie	2de jaar Meesters
7	Mnr Tlangelani Nghondzweni	Tshwane Universiteit van Tegnologie	D-Tech Landbou	3de jaar PhD
8	Mnr Sifiso Njabulo Mhlongo	Universiteit van Kwazulu-Natal	M.Sc. Agric- Gewaswetenskap	2de jaar Meesters

Internskappe en Werkplekondervinding

Die internskap program is hoofsaaklik gemik op die verskaffing van werkplek opleidingsgeleentehede aan die ontvangers van beurse wie se studie dissiplines praktiese opleiding en blootstelling as deel van hulle kwalifikasie vereis. Die werkplekondervinding program het dit ten doel om aan die studente die geleentheid te bied om ervaring in die werkplek op te doen om sodoende werkgeleentehede in die hand te werk. ASA het 'n bykomende bedrag van R270 000 ten opsigte van die internskap program ontvang. Tabel 19 toon die studente wat in 'n internskap program geplaas is.

Tabel 19: Internskappe en werkplekondervinding

INTERNSKAP			
1	Thato Somo	Potchefstroom Landboukollege	Internskap- PSP
2	Zama Siyethemba Nyathi	Mangosuthu Universiteit van Tegnologie	Internskap- PSP
WERKPLEKONDERVINDING			
3	Kamogelo Eugina Leburu	Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat	PROKON PTA
4	Mamotshabo Malebogo Rachel Rakgwale	Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat	PROKON JHB
5	Mlungisi Mzuvukile Sangweni	Sentrale Universiteit vir Tegnologie, Vrystaat	PROKON PTA
6	Sthembiso Cele	Mangosuthu Universiteit van Tegnologie	PROKON KZN
7	Kgolofelo Clifford Moshiana	Potchefstroom Landboukollege	PROKON PTA
8	Lavhelani Tshilongo	Potchefstroom Landboukollege	PROKON PTA
9	Tumediso Frumentia Mapudi	Tshwane Universiteit van Tegnologie	PROKON PTA
10	Thabo Emmanuel Thomas Thubane	Potchefstroom Landboukollege	PROKON PTA

Plaasgebaseerde Opleiding

Besigheidsontwikkeling

Ná die vaardighedsoudit, wat van die vaardighedsgebreke/-leemtes by die Besigheidsontwikkeling produsente uitgelig het, is 'n uiters suksesvolle finansiële bestuursopleidings- en boekhoudingskursus vir die Besigheidsontwikkeling produsente in die volgende provinsies gehou:

- KwaZulu-Natal
- Oos-Kaap
- Limpopo

Op grond van die oorsig van die kursus wat deur middel van 'n evalueringsvorm aan die einde van die sessie gedoen is, is die opleiding goed deur die produsente ontvang. Produsente het egter aangedui dat hierdie soort opleiding op 'n gereelde basis verskaf behoort te word. Hulle het ook aangedui dat hulle steeds verdere opleiding verlang ten opsigte van ander aspekte van boerderybesigheid ten einde te verseker dat hulle besigheidsonderneming suksesvol is.

Opleiding van Werknemers van Kommerciële Produsente

Deur middel van sy Transformasiekernbesigheid, het ASA voortgegaan met samewerking met AgriSeta om sodoende 'n opgeleide arbeidsmag vir kommerciële produsente te verseker. 'n Bedrag van R499 000 is ontvang en vir opleiding aangewend.

Die 5de Tweejaarlikse Transformasiesimposium

Die 5de Transformasiesimposium is op 7 Junie 2018 in die Saint George Hotel and Conference Centre in Gauteng gehou. Die simposium is bygewoon deur ongeveer 200 afgevaardigdes uit verskillende vlakke van die aartappelbedryf. Die tema van vanjaar se simposium, "BENADER AARTAPPELBOERDERY AS 'N SUKSESVOLLE BESIGHEIDSONDERNEMING" het ooreengestem met ASA se doelwit met sy Besigheidsontwikkelings Program, d.i. om Swart produsente te ontwikkel om aartappels kommersieel op 'n volhoubare wyse te produseer. Mnr. Phophi Raletjena van Limpopo is by die gala-dinee aangekondig as die heel eerste Besigheidsontwikkelings Produsent van die Jaar.



Gavin Hill haal aartappels saam met 'n produsent uit en wys op sekere aspekte van die aartappels




Aartappelsertifiseringsdiens

INHOUDSOPGAWE

Visie, Missie en Waardes	45
Verslag van die Voorsitter	46
Die Besturende Direkteur Verslag	48
Besigheidsverslag	52





VISIE

Aartappelsertifiseringsdiens se visie is om 'n leiersrol te speel in die strewe na volgehoue voorsiening van gesonde plantmateriaal aan die aartappelbedryf in Suid-Afrika.

MISSIE

Aartappelsertifiseringsdiens se missie is om 'n bedryfsverwante diens te lewer wat die aartappelbedryf in Suid-Afrika ondersteun om optimaal te presteer deur hoëgehalte plantmateriaal te verseker.

WAARDES

Aartappelsertifiseringsdiens streef na uitnemendheid deur die volgende waardes uit te leef:

- Kliëntevertroue en tevredenheid
- Doelmatige hulpbronbenutting
- Gelyke geleenthede
- Prestasiegerigheid



VERSLAG VAN DIE VOORSITTER



GERHARD POSTHUMUS

VOORSITTER

Aartappelsertifiseringsdiens (ASD), sowel as die aartappelmoerbedryf, moes vanjaar heelwat uitdagings oorkom, maar daar was tog ook heelwat hoogtepunte. Ons het die implementering van die nuwe bedryfstrukture beleef nadat baie tyd en energie bestee is om doeltreffende en koste-effektiewe strukture en stelsels te ontwikkel.

Dit is nog te vroeg om te sê, maar dit wil tog voorkom of die nuwe strukture goed funksioneer, veral waar produksiegebiede wat voorheen apart vergader het, nou saam in groter produksiegebiede gegroepeer is. Kwekers uit verskillende produksiegebiede en verskeie ander rolspelers moet nou saamwerk om sake van gemeenskaplike belang na die nasionale strukture of liggame in die bedryf te eskaleer. Vir hierdie strukture om optimaal te kan funksioneer om die aartappelbedryf te dien, is die aktiewe deelname van aartappelmoerkwekers en alle ander rolspelers van die uiterste belang. Die onderskeie voorsitters moet elkeen gevolmagtigde versoeke aan die nasionale strukture voorlê en terugvoer aan hulle kiesafdelings gee. Die kwekers word derhalwe aangemoedig om die onderskeie platforms wat in die bedryf daargestel word, by te woon om sake van belang aan te spreek en die jongste beskikbare inligting te bekom.

Met die funksionering van die onderskeie platforms, sal die strukture, prosesse en kommunikasie vereenvoudig word om die kommunikasie in die bedryf deurentyd te verbeter. Die nuwe-voorkoms ASD Raad van Direkteure bestaan nou uit slegs vyf direkteure teenoor die tien van voorheen. Die funksionering van die nuwe raad sal geëvalueer word om die beste pad vorentoe in belang van die maatskappy en kwekers te bepaal.

Sertifiseringsuitdagings sluit in die wysiging van die Skema ten opsigte van die behandeling van aartappelmoere, die ergste PLRV-infeksies in jare, chemiese skade en die vermenging van variëteite wat bespeur is. Dit is moeilike uitdagings om te oorkom, maar as mens weet wat is die risiko's daaraan verbonde, kan dit aangespreek word.

Die finansiële posisie van die maatskappy is gesond as in gedagte gehou word dat 732 hektaar meer as waarvoor begroot is, geregistreer is. Altesaam 10 995 hektaar is ingevolge die Skema geregistreer. Die leningsheffings word terugbetaal aan moerprodusente. Kwekers met wie nog nie in verbinding getree is nie, is welkom om ASD se hoofkantoor in dié verband te kontak.

Die maatskappy het vanjaar weer eens waardevolle sertifiseringsbeamptes verloor en dit het druk op dienslewering geplaas. Toegewyde sertifiseringsbeamptes het egter daarin geslaag om die nodige dienste te lewer met die ondersteuning van die administratiewe personeel. Die kwekers word verseker dat die nuutaangestelde personeel so gou moontlik die beste moontlike opleiding en blootstelling sal ontvang om hulle volledig toe te rus en te bemagtig.

Dankie aan my mede-direkteure vir hulle passie vir die aartappelbedryf en dat hulle so getrou na die maatskappy se sake omsien. Ek bedank veral vir Sanette Thiar vir haar toewyding en die professionele wyse waarop sy ASD bestuur. Dit word hoog op prys gestel. Ek bedank ook die nuwe Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA) Voorsitter, adv. Les Kügel, vir sy insette om te verseker dat die OSRA se diensverskaffer oor die middele beskik om die sertifiseringsdiens te lewer. Ek wil ook graag van die geleentheid gebruik maak om dr. Keetch, uittredende OSRA Voorsitter, te bedank vir sy jare lange toewyding aan die aartappelmoerbedryf.

Aartappelmoerkwekers word aangemoedig om aan te hou om aartappelmoere te produseer, ongeag die uitdagings. Deur te verseker dat daar 'n deurlopende toevoer van gesonde plantmateriaal is, word die grondslag van die aartappelbedryf gelê.

Vriendelike groete

G. POSTHUMUS
VOORSITTER



VERSLAG VAN DIE BESTURENDE DIREKTEUR



SANETTE THIART

BESTURENDE DIREKTEUR

Aartappelsertifiseringsdiens (ASD) verskaf steeds aan die aartappelbedryf 'n volhoubare toevoer van gesonde plantmateriaal, ten spyte van velerlei uitdagings wat in die verslagjaar ondervind is.

Die nuutsaamgestelde strukture het 'n beduidende invloed gehad op ASD se raad van direkteure, sowel as op die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA). Die nuwe strukture het twee keer vergader en die voordele kan reeds gesien word, alhoewel daar enkele struikelblokke is wat oorkom sal word sodra ons ons voete vind.

DIE MAATSKAPPY: AARTAPPELSERTIFISERINGSDIENS

ASD is verantwoordelik vir die sertifisering van aartappelmoere, die ouditering van weefselkultuur- en miniknolproduksiefasiliteite, sowel as die verspreiding van inligting gegrond op data wat deur die sertifiseringskema daargestel word.

Ingevolge B-BBEE, is ASD geverifieer as 'n vlak 8-bydraer met 'n B-BBEE verkrygingserkeningsvlak van 10%.

Direksie

Die raad van direkteure bestaan nou uit slegs vyf direkteure teenoor tien in die verlede. Die vier streeksvoorsitters van die Aartappelmoerkwekers dien as nie-uitvoerende direkteure en dra by tot die verhoging van deursigtigheid, vertroue en inkoop en hulle dien as ambassadeurs vir gesertifiseerde aartappelmoere. Direkteure word nou vir 'n tweejaartermyn aangestel in ooreenstemming met die verkiesing van die streeksvoorsitters by die Aartappelmoerkwekersforum.

Mnr. Gerhard Posthumus is aangestel as voorsitter van die Direksie, met mnr. Jakkie Mellet as vise-voorsitter.

Die voorsitter van die Direksie word gekies uit die voorsitter of vise-voorsitter van die Nasionale Moerekomitee en dien as vise-voorsitter van die OSRA, sowel as direkteur op die raad van Aartappels Suid-Afrika (ASA), wat die aartappelmoerkwekers verteenwoordig. Die voorsitter van OSRA woon die vergaderings van ASD se Direksie as waarnemer by, om toe te sien dat die diensverskaffer oor die finansiële middele en bevoegde personeel beskik om sy rol te vervul en dat die begroting voorsiening maak om aan al die vereistes van OSRA te voldoen.

Die Dagbestuur bestaan uit die voorsitter, vise-voorsitter en besturende direkteur. Die kleiner Direksie plaas 'n groot las op die direkteure, maar hulle doen uitstekende werk om na die Maatskappy se sake om te sien. Hulle toewyding in die vorm van tyd en kundigheid is bewonderingswaardig.

Die Maatskappy se kliënte

Die aartappelmoerkwekers is die Maatskappy se kliënte. Die aktiewe moerkwekers, met ander woorde, al die kwekers wat vir die afgelope vier jaar aanplantings geregistreer het vir sertifisering van aartappelmoere onder die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema (Skema), beloop tans 157 aktiewe moerkwekers, waarvan 125 aanplantings in die afgelope jaar geregistreer het. Gedurende dieselfde tydperk het drie nuwe kwekers by die aartappelmoerbedryf aangesluit.

Aartappelhuis

ASD het 'n 26% aandeel in Aartappelhuis en ASA het 'n 74% aandeel. Die gebou is oorspronklik aangekoop teen 'n bedrag van R4 124 243, waarvan ASD 'n lening ter waarde van R1 072 303 bygedra het. ASA word bedank vir hulle rol in die onderhoud van hierdie bate. Mnr. Jakkie Mellet, ASD vise-voorsitter, dien as direkteur wat na ASD se belange omsien.

Personeel

ASD het die afgelope jaar vier bedankings ontvang. Gareth Windt, sertifiseringsbeampte in Pietermaritzburg, het bedank en hom by Simba aangesluit. Gelukkig is die vaardighede en kundigheid nie verlore vir die aartappelbedryf nie. As gevolg van Gareth se bedanking, is Leon Zietsman na Pietermaritzburg verplaas. Leonard van der Walt en Michael Schulze is in Augustus 2017 as leerlingssertifiseringsbeamptes in Christiana aangestel en so ook David Steyn in Januarie 2018.

Die bedankings van twee streeksbestuurders, naamlik Gideon Truter en Albert Theron in April en Mei 2018 onderskeidelik, het ASD heeltemal onkant gevang. Albei die menere het die aartappelbedryf verlaat maar is steeds by landbou betrokke. Ons wens hulle alles van die beste toe met hulle nuwe loopbane. Marlé Theron, administratiewe assistent in Middelburg, het ook haar bedanking ingedien. Johandré Breitenbach is bevorder tot streeksbestuurder vir Mpumalanga, Limpopo en Gauteng, en is na Lydenburg verplaas. Sy eggenote, Elisca, is op 'n deeltydse basis aangestel om te help met die administratiewe werk in die kantoor. Ek is seker hulle sal 'n groot verskil in die streek maak. Gevolglik is Phillip Buckle en Ngwedi Legodu in onderskeidelik Mei en Junie 2018 aangestel as leerlingssertifiseringsbeamptes in Christiana. Al die nuut aangestelde sertifiseringsbeamptes was voorheen in diens en ek is vol vertroue dat hulle vinnig agter die kap van die byl sal kom wat sertifisering betref. Ngwedi is die eerste vroulike sertifiseringsbeampte wat deur ASD aangestel word en ons wens haar alles van die beste toe met die bepaalde uitdagings wat sy mag ervaar. Gedurende die verslagjaar, het Pieter Leibbrandt en Johan Germishuys ten volle gekwalifiseer in alle aspekte van sertifisering. Leon Zietsman, Leonard van der Walt, Michael Schulze en David Steyn maak goeie vordering met hulle opleiding. Alle leerlingssertifiseringsbeamptes word aangespoor om soveel kennis en ervaring moontlik so vining moontlik te bekom. Geluk aan elkeen wat bevorder en aangestel is. Alhoewel die leerkurwe steil en interessant is, vertrou ek dat u elke oomblik daarvan sal geniet en dat u lang en vrugtevolle loopbane by ASD sal hê.

Die administratiewe personeel en my personeel by hoofkantoor, word bedank vir hulle volgehoue ondersteuning aan my, ons direkteure, sertifiseringsbeamptes en kwekers. U is 'n wonderlike span wat ons in alle opsigte ondersteun. Ek wil graag veral my dank uitspreek teenoor André Wessels, ons tegniese bestuurder, vir sy rol in die deurlopende ontwikkeling van ons databasis, wat die ruggraat van ons rekordhoudingstelsel en data is. Sonder u insig sou dit nie moontlik wees nie.

Weer eens, dankie aan al die personeel vir u positiewe houding en passie vir die aartappelbedryf.

Finansies

Die finansiële state vir die tydperk 1 Julie 2017 tot 30 Junie 2018 word kortliks bespreek.

Die begrote totale inkomste van R19 626 411 is gebaseer op 10 223 hektaar. Die werklike geregistreerde hektare kom te staan op 10 995, wat 732 meer is as wat verwag is. Dit kom te staan op 'n totale inkomste van R20 272 300, wat R645 889 meer is as waarvoor begroot is. Die uitgawes het R19 487 370 beloop – 'n besparing van 5%. As gevolg van die bykomende hektare wat geregistreer is, het dit ASD in staat gestel om die finansiële jaar af te sluit met 'n surplus van R784 930, nadat vir 'n tekort van R970 903 begroot is.

Die begrote hektare, werklike hektare en die verskil in die verskillende streke, is soos volg:

Streek	Ha Begroot	Jun werklik	Afwyking
Suid	413	359	-54
Sandveld	250	259	+9
Ceres	66	38	-28
Suid-Kaap	97	62	-35
Oos	2198	2206	+8
KwaZulu-Natal	1259	1349	+90
Noordoos-Kaap	539	485	-54
Oos-Vrystaat	400	372	-28
Wes	7020	7770	+750
Noord-Kaap	1000	1465	+465
Wes-Vrystaat	5150	5202	+52
Noordwes	770	965	+195
Oos-Kaap	100	138	+38
Noord	592	620	+28
Mpumalanga	334	392	+58
Limpopo	256	227	-29
Gauteng	2	1	-1
Totaal	10223	10955	+732

ASD is steeds 'n lopende saak wat voortdurend daarna streef om professionele en kostedoeltreffende diens te lewer te midde van wissellende hektare.

Komitees en forums

Die komitees en forums in die aartappelbedryf vorm georganiseerde platforms waar baie van die kommunikasie met kwekers en ander rolspelers in die bedryf plaasvind. Die administrasie van die aartappelmoerkwekersvergaderings en Aartappelmoerkwekersforum word nou deur Aartappels Suid-Afrika behartig. Die Aartappelmoerkwekersforum sal elke tweede jaar voor die ASA-kongres plaasvind. Die Moerhandelaarsforum is ontbind en op die ASD-webblad is voorsiening gemaak vir die kontakbesonderhede van eienaars van variëteite.

Die Nasionale Moerekomitee is die hoofplatform waartoe alle rolspelers in die bedryf toegang het. Dit het gelei tot 'n veel kleiner OSRA met bedryfsverteenvoordiging, asook tegniese lede, met advokaat Kügel as onafhanklike voorsitter

om skemasake te bespreek. Adv. Kügel het 'n ander vlak van kundigheid na die tafel gebring met sy regsagtergrond en uitgebreide kennis van die Plantverbeteringswet en sertifiseringskemas.

Ek bedank graag dr. Keetch, wat die aartappelbedryf vir amper 20 jaar gedien het, deur sy tyd, energie, kennis en kundigheid daaraan te wy met die klem op die daarstelling van 'n noemenswaardige sertifiseringskema om goeie gehalte plantmateriaal te verseker tot voordeel van die aartappelbedryf in die geheel. Dr. Keetch is op 3 Februarie 1998 aangestel as voorsitter van OSRA. Hy het sedertdien die aartappelbedryf gedien met sy uitgebreide kennis van fitosanitêre aspekte, die landbousektor, die Plantverbeteringswet en veral die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema. By die Moerkwekersforum in 2016 met die maatskappy se viering van 21 jaar dienslewering aan die aartappelbedryf, het Aartappelsertifiseringsdiens aan hom 'n lewenslange toekenning oorhandig. Hy het ná die Aartappelmoerkwekersforum in 2017 uitgetree as voorsitter van die OSRA. ASA het hom met 'n *Solanum tuberosum* merietetoeëkennung vereer vir sy bydrae tot die aartappelbedryf.

ASD is bevoorreg om op verskeie ander platforms te dien, soos die Plantverbeteringsertifiseringsforum, die ASA Navorsingskomitee, die Department van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV) HUB-forum en die Aartappelkwarantynpeskomitee. ASD voel ook geëerd om betrokke te wees by die Verenigde Nasies se Ekonomiese Kommissie vir Europa (UNECE) se buro- en rapporteursvergaderings waar standarde gestel word vir handel in aartappelmoere en om te beraadslaag en riglyne daar te stel vir onder andere, die sertifisering van aartappelmoere. Ek en die tegniese bestuurder het die voorreg gehad om die 10de Wêreld Aartappelkongres in Cusco, Peru, waar aartappels oorspronklik vandaan kom, by te woon. Dit was 'n wonderlike geleentheid, waar vele netwerke versterk en kennis bekom is.

Ek bedank graag elke komiteelid namens die maatskappy vir u tyd en toewyding aan die aartappelbedryf. Sonder u bydraes sal dit nie vir ons moontlik wees om ons pligte na te kom nie.

Aan die onderskeie voorsitters van die ASD se Direksie en Nasionale Moerekomitee, mnr. Gerhard Posthumus en OSRA, adv. Kügel, dankie vir u tyd, energie en passie wat u aan u onderskeie mandate gewy het. U toewyding tot die aartappelbedryf is prysenswaardig.

Algemeen

Baie toewyding en harde werk gaan in die produksie en sertifisering van 11 miljoen miniknolle en meer as 7 miljoen sakkies gesertifiseerde aartappelmoere. Die sertifiseringpersoneel werk onvermoeid saam met die kwekers om toe te sien dat die aartappelmoere eie is aan die variëteit en dat die fitosanitêre status voldoen aan die vereistes soos deur die Skema bepaal. Oor die algemeen was dit 'n jaar vol uitdagings, maar ek kan uiteindelik terugkyk en sê ons het sukses behaal.

Dankie aan al die maatskappye wat by ons maatskappy en aartappelmoerproduksie betrokke is, hetsy deur borgskappe aan die Moerkwekersforum, waar hulp verleen word met diagnostiek, navorsing, chemiese beheer, menslike hulpbronne of regsadvies. U insette, samewerking, ondersteuning en toewyding word hoog op prys gestel. Mense in die aartappelbedryf is passievol oor wat hulle doen. Saam met die passie kom ontsaglike verantwoordelikheid. Kom ons sit ons samewerking voort om goeie gehalte plantmateriaal vir die aartappelbedryf te sertifiseer deur elke rolspeler wat saamwerk om aartappels op ons borde te sit, te vereer en aan hulle erkenning te verleen.

Doen so voort en "Sertifiseer vir die toekoms!"

Sanette Thiar
Besturende Direkteur



BESIGHEIDSVERSLAG

Die doel van sertifisering is om aartappelmoere waarvan die fitosanitêre status ten opsigte van siektes en plaë binne voorafbepaalde norme wat eie is aan tipe, gesertifiseer word. Om die volhoubaarheid van aartappelproduksie in Suid-Afrika te verseker, word die Skema gegrond op siektevrye materiaal as aanvangsmateriaal.


Aartappelsertifiseringsdiens

ASD is 'n nie-winsgewende maatskappy (NWM) sonder lede, wat in 1995 tot stand gebring is met die mandaat om aartappelmoere te sertifiseer. Dit is gekontrakteer as diensverskaffer van OSRA vir, wat ingevolge die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema (Skema) deur die Minister van die DLBV as gesag aangestel is. Aangesien ASD die funksies en pligte ingevolge 'n statutêre skema uitvoer, word ASD geouditeer deur die DLBV. Die Skema is gepromulgeer ingevolge die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet Nr. 53 van 1976).

Personeel

Die maatskappy se hoofkantoor is in Aartappelhuis in Persequor, Technopark, Pretoria, met vyf streekskantore wat regdeur die land gevestig is, naamlik in Piketberg, Douglas, Christiana, Middelburg en Pietermaritzburg. Die streekskantore en personeellede is strategies geplaas om die beste moontlike diens op die mees bekostigbare wyse aan kwekers te lewer. Die maatskappy se struktuur word weergegee in figuur 1.

Figuur 1: Maatskappystruktuur



Gedurende die verslagtydperk het twee streeksbestuurders, Gideon Truter en Albert Theron, 'n sertifiseringsbeampte, Gareth Windt en ook Marlé Theron, deelydse administratiewe assistent, bedank. Ons wens hulle almal alles van die beste toe met die verandering in hulle loopbane. Johandré Barnard is bevorder tot streeksbestuurder: Mpumalanga, Limpopo en Gauteng, met die verskuiwing van die kantoor na Lydenburg. Elisca Breitenbach is op deelydse basis aangestel om Johandré met die administratiewe werk te help. In die tussentyd is daar besluit om vanaf die streekskantoor in Christiana dienste op 'n rotasiebasis te verskaf aan die Noord- en Oos-Kaap, totdat 'n ten volle gekwalifiseerde sertifiseringsbeampte met genoegsame ervaring na Douglas oorgeplaas kan word. Leon Zietsman is na Pietermaritzburg verplaas om die leemte te vul wat deur Gareth se bedanking gelaat is. Leonard van der Walt en Michael Schultze is vanaf Augustus 2017 aangestel as leerlingssertifiseringsbeamptes in Christiana. David Steyn, Phillip Buckle en Ngwedi Legodu is in Januarie, Mei en Junie 2018 onderskeidelik aangestel as leerlingssertifiseringsbeamptes in Christiana. Ngwedi is die eerste vroulike sertifiseringsbeampte wat in die maatskappy aangestel word.

Komitees en forums

Die komitees en forums in die aartappelbedryf vorm georganiseerde platforms waar die meeste kommunikasie met kwekers en ander rolspelers in die bedryf plaasvind. Aspekte wat by die Nasionale Moerekomitee oorweeg moet word, word by die moerkwekervergaderings op streeksvlak ter tafel gelê. Die onderskeie aspekte word dan bespreek en as dit in nasionale belang is, verwys die komitee aanbevelings en besluite na die betrokke liggaame en komitees wat by die aartappelmoerbedryf betrokke is.

Direksie

Die bestuur van die maatskappy word uiteengesit in die maatskappy se Memorandum van Inkorporasie (MvI) en Raadshandves. Die Direksiehandves word jaarliks geëvalueer en hersien om toe te sien dat die ASD in ooreenstemming met goeie korporatiewe beginsels bestuur word.

Met die verandering in bedryfstrukture wat in September 2017 by die Aartappelmoerkwekersforum goedgekeur is, is die Direksie geherstruktureer om met die res van die bedryf ooreen te stem en die MvI en Direksiehandves is dienoreenkomstig gewysig. Die Direksie bestaan nou uit vier nie-uitvoerende direkteure, elk verteenwoordigend van die vier moerproduserende streke naamlik, Noordelike, Suidelike, Oostelike en Westelike streke, met een uitvoerende direkteur in die posisie van besturende direkteur. Mnr. Gerhard Posthumus is herverkies as voorsitter van die Direksie met mnr. Jakkie Mellet herverkies as vise-voorsitter. Die Dagbestuur bestaan uit die voorsitter, vise-voorsitter en besturende direkteur. As gevolg van die herstrukturering, het die volgende direkteure bedank naamlik, mnre. Frans Engelbrecht, Niekie Visser, André Coetzee, Guybon Osler en Garrick Christiane. Mnr. Llewellyn de Kock is later opgevolg deur mnr. Johan van Greunen, verteenwoordiger van die Suidelike streek en mnr. JJ van de Velde is opgevolg deur mnr. Gavin Hill, wat die Oostelike streek verteenwoordig.

Tabel 1: Direksie

Direkteur	Posisie	Verteenwoordiger vir:
Gerhard Posthumus	Voorsitter	Westelike streek
Jakkie Mellet	Vise-voorsitter	Noordelike streek
Johan van Greunen	Direkteur	Suidelike streek
Gavin Hill	Direkteur	Oostelike streek
Sanette Thiar	Besturende Direkteur	Aartappelsertifiseringsdiens

Die direkteure word toevertrou met die finansiële sake en sake aangaande menslike hulpbronne van die maatskappy en vervul 'n uiters belangrike rol deur na al die kwekers se belange in die maatskappy om te sien.

Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA)

Die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA) het ook grootskaalse herstrukturering ondergaan en bestaan nou uit 'n onafhanklike, onverbonde voorsitter, met bedryfsvertegenwoordigers, bestaande uit die

voorsitter van Aartappels Suid-Afrika, die voorsitter en vise-voorsitter van die Nasionale Moerekomitee wat die aartappelmoerkwekers verteenwoordig, 'n derde lid van die Nasionale Moerekomitee wat die tafelaartappelprodusente, die Forum vir Kernmateriaalprodusente (NUMPRO) en verwerkingsbedryf verteenwoordig, asook tegniese verteenwoordiger van Aartappellaboratoriumdienste (ALD), die besturende direkteur van ASD, asook die Navorsings- en Ontwikkelingsbestuurder van Aartappels Suid-Afrika. Die onafhanklike voorsitter is aangestel deur die moerkwekers wat op OSRA dien. Drie verteenwoordigers van die DLBV woon raadsvergaderings by, maar het geen stemreg nie. Tabel 2 hieronder weergee die huidige samestelling van die OSRA.

Tabel 2: Samestelling van die OSRA

Raadslid	Posisie	Verteenwoordiger vir:
Adv. Les Kügel	Voorsitter	Onafhanklik
Bedryfsverteenwoordigers		
JF van der Merwe	Lid	Aartappels Suid-Afrika- Voorsitter
Gerhard Posthumus	Vise-voorsitter	Nasionale Moerekomitee- Voorsitter
Jakkie Mellet	Lid	Nasionale Moerekomitee- Vise-voorsitter
IB Oosthuizen	Lid	Nasionale Moerekomitee- Addisionele lid
Tegniese verteenwoordigers		
Dr. Niederwieser	Lid	Aartappels Suid-Afrika- Navorsing en Ontwikkelingsbestuurder
Marieta Botha	Lid	Aartappellaboratoriumdienste- Hoof Uitvoerende Beampte
Sanette Thiar	Lid	Aartappelsertifiseringsdiens- Besturende Direkteur
Verteenwoordigers van die DAFF		
Me. Joan Sadie	Registrateur	Plantverbeteringswet- Direktoraat: Plantproduksie
Mnr. Gilbert Mediroe	Assistent-direkteur	Landbouplaewet- Direktoraat: Landbouprodukt Inspeksiedienste
Me. Rorisang Mahlakoana	Wetenskaplike produksie: Plaagrisiko-analise	Landbouplaewet- Direktoraat: Plantgesondheid

OSRA is verantwoordelik vir die formulering van beleidsriglyne ten opsigte van die Skema en ook om toe te sien dat die Skema doeltreffend en volhoubaar bedryf word in belang van die aartappelbedryf as geheel. Voorts is dit OSRA se plig om die Skema voortdurend te evalueer en waar nodig wysigings voor te stel. Die behandeling van aartappelmoere is by die Skema ingeskryf en is vir oorweging aan die Registrateur voorgelê. Die protokol is voltooi en ná goedkeuring van die Skema deur DLBV, sal dit na verwagting gepubliseer word.

Streksvergaderings van moerkwekers

Die aartappelmoerbedryf is geherstruktureer om ooreen te stem met die res van die strukture van Aartappels Suid-Afrika, ooreenkomstig die grondwet daarvan. Die vier streksvergaderings van aartappelmoerkwekers, verseker kommunikasie van grondvlak af opwaarts na die onderskeie organisasies wat verantwoordelik is vir verskillende aspekte wat aangespreek moet word, asook kommunikasie en terugvoer af na grondvlak. Die voorsitters word deur kwekers uit al die produksiegebiede in die streek verkies om te dien as die mondstuk van daardie bepaalde streek en dien op die Nasionale Moerekomitee, met addisionele lede gegrond op die aantal gesertifiseerde sakkies wat bygedra word. Die voorsitters van die streke dien as nie-uitvoerende direkteure op ASD se Direksie.

Nasionale Moerekomitee

Die Nasionale Moerekomitee is 'n komitee van Aartappels Suid-Afrika (ASA) en skenk aandag aan sake wat verband hou met die aartappelmoerbedryf, die vraag na aartappelmoere en sake wat verband hou met die handel in aartappelmoere. Die identifikasie van navorsing- en bemarkingsbehoefte ten opsigte van aartappelmoerproduksie is ook die verantwoordelikheid van die komitee. Die komitee doen voorts aanbevelings aan OSRA aangaande nasionale vereistes ten opsigte van die sertifisering van aartappelmoere en stel wysigings aan die Skema voor. Die Nasionale Moerekomitee sluit lede in uit alle rolspelers in die aartappelmoerbedryf en ASA is verantwoordelik vir die administrasie van alle moerkwekervergaderings.

Tabel 3: Nasionale Moerekomitee

Komiteelid	Posisie	Verteenwoordiger vir:
Gerhard Posthumus	Voorsitter	Westelike streek- Wes-Vrystaat
Johan Greyling	Lid	Westelike streek- Wes-Vrystaat
Werner du Plessis	Lid	Westelike streek- Wes-Vrystaat
Frans Engelbrecht	Lid	Westelike streek- Noordwes
André Coetzee	Lid	Westelike streek- Noord- en Oos-Kaap
Jakkie Mellet	Vise-voorsitter	Noordelike streek- Mpumalanga, Limpopo en Gauteng
Gavin Hill	Lid	Oostelike streek- KwaZulu-Natal
Garrick Christiane	Lid	Oostelike streek- Noord-Oos Kaap
Johan van Greunen	Lid	Suidelike streek – Sandveld, Ceres en Suid-Kaap
IB Oosthuizen	Lid	Verwerkingsektor – slapskyfies
Hanco van Zyl	Lid	Verwerkingsektor- kraakskyfies
Dawie Ras	Lid	NUMPRO
Jan van Zyl	Lid	Tafelprodusent
Wouter van Amstel	Lid	Tafelprodusent

Die voorsitter van die Aartappelmoerkwekersforum, is ook voorsitter van die Nasionale Moerekomitee en verteenwoordig die aartappelmoerbedryf op die Nasionale Raad en Raad van Direkteure van ASA.

Mnr. Gerhard Posthumus is verkies tot voorsitter van die Nasionale Moerekomitee en die Moerkwekersforum. Mnr. Jakkie Mellet is vise-voorsitter. Die tweejaar-termyn verstryk in September 2019 by ASA se Kongres en die Moerkwekersforum.

Moerkwekersforum

Die Moerkwekersforum (Forum) dien as besprekingsforum ten opsigte van resolusies wat met die aartappelmoerbedryf verband hou. Die Forum is verantwoordelik vir die:

- bepaling van behoeftes in die aartappelmoerbedryf;
- identifisering van navorsingsbehoefte;
- identifisering van behoeftes ten opsigte van die sertifisering van aartappelmoere;
- identifisering van behoeftes ten opsigte van die verkoop van aartappelmoere;
- om aanbevelings aan die Nasionale Moerekomitee en OSRA te doen aangaande wysigings aan die Skema;
- verwysing van resolusies na die onderskeie komitees; en
- vir die verspreiding van inligting.

Die negentiende jaarlikse Moerkwekersforum is op 27 September 2017 gehou by die Premier Hotel OR Tambo in Rhodesfield, Johannesburg. Die Forum is gewy aan die finalisering van die bedryfsstrukture en die verkiesing van die onderskeie ampsdraers.

Mnr. JP van den Berg, (L 017) was weer eens die ontvanger van die Bayer-trofee vir die Aartappelmoerkweker van die Jaar. Die ander finaliste was mnr. Frans Engelbrecht en sy seun, Michiel, van Firna Boerdery (L 002), mnre. Kevin Cockburn en Dean Brown van Pidelta (Edms) Bpk (N 058) en mnr. Craig MacFarlane van Loch Buighe Farms (N 127). Wesgrow het 'n sertifikaat van erkenning ontvang, omdat die wenner vir hulle plant.

Aartappelmoersertifisering

Tydens die verslagtydperk is 11 091 hektaar deur 125 aartappelmoerkwekers geregistreer (plantdatum), wat 78 hektaar insluit wat vir minikolproduksie geregistreer is. Daar is tans 153 aktiewe moerkwekers. Die aktiewe moerkwekers is almal kwekers wat die afgelope vier jaar aanplantings vir sertifisering van aartappelmoere onder die Skema geregistreer het.

Tabel 4 dui hektare aan wat per produksiegebied geregistreer is vir G0 tot G7 en vir die plantdatums, 1 Julie tot 30 Junie elke jaar, asook die aantal 25 kg-sakkies wat op daardie aanplantings gesertifiseer is.

Tabel 4: Geregistreerde hektare en gesertifiseerde opbrengs

Streek	2014/15		2015/16		2016/17		2017/18*	
	Aanplantings (Hektare)	Opbrengs (25 kg Sakkies)	Aanplantings (Hektare)	Opbrengs (25 kg Sakkies)	Aanplantings (Hektare)	Opbrengs (25 kg Sakkies)	Aanplantings (Hektare)	Opbrengs (25 kg Sakkies)
Ceres	126	37 036	37	35 690	65	33 438	34	30 211
Oos-Kaap	51	29 538	95	68 591	132	44 300	138	59 956
Oos-Vrystaat	296	235 853	273	73 203	366	274 294	370	254 326
Gauteng	-	-	-	-	1	17	1	-
KwaZulu-Natal	1 432	1 081 961	1 417	733 028	1 211	960 449	1 344	905 275
Limpopo	207	171 558	126	99 272	221	168 656	272	165 482
Mpumalanga	468	389 632	365	211 051	330	286 023	419	253 530
Noordwes	509	973 588	597	1 083 705	717	1 213 028	932	1 037 154
Noordoos-Kaap	336	336 952	541	162 695	630	256 977	485	282 034
Noord-Kaap	674	491 597	849	462 953	1 273	719 792	1 460	661 503
Sandveld	644	297 850	339	175 344	228	109 119	300	26 995
Suid-Kaap	76	65 439	149	66 972	66	52 578	60	38 414
Wes-Vrystaat	4 961	2 923 555	4 996	3 189 880	5 195	2 994 347	5 198	2 896 705
RSA	9 780	7 034 559	9 784	6 362 406	10 436	7 113 018	11 012	6 611 587

2017/2018 Onvolledig*

Die Wes-Vrystaatse produksiestreek het 42% van die aartappelmoere geproduseer wat in 2016/2017 in Suid-Afrika gesertifiseer is. Nie al die aartappelmoere vanaf die hektare wat in die verslagtydperk geregistreer is, is al gesertifiseer nie.

Die gesertifiseerde opbrengs wissel tussen 6 en 7 miljoen sakkies per jaar. Daar word jaarliks meer as 11 miljoen minikolle gesertifiseer. Verlede jaar is 11.7 miljoen gesertifiseer. Sewe minikolproduksiefasiliteite is deur OSRA goedgekeur, naamlik: Rascal Seed Research Laboratories, Potato Seed Production, Advanced Potato Propagation, Ceres Aartappels, Super Spud Seed Potatoes, Maluti Mini Tubers en Griekwaland-Wes Bpk.

Die generasieverdeling dui daarop dat Generasie 1 tot Generasie 4 aartappelmoere die grootste gedeelte van gesertifiseerde aartappelmoere (89%) uitmaak, met die G6, G7, G8 en standaardgraad wat 11% uitmaak. As gevolg van die hewige voorkoms van Aartappel Rolbladvirus (PLRV) infeksie in die verslagtydperk, is beduidend meer G8-aartappelmoere gesertifiseer, vergeleke met 10 jaar gelede, maar die persentasie van vroeë generasie aartappelmoere het stabiel gebly. Die syfers kan effens verander, aangesien die finale getal sakkies aartappelmoere wat op aanplantings gesertifiseer is, wat laat in die verslagtydperk geregistreer is, nog nie beskikbaar is nie.


Tabel 5: Generasieverdeling (25 kg-sakkies)

Generasie	2007/2008	2017/2018*
G1	205 461	173 876
G2	555 017	1 003 848
G3	1 536 474	1 942 378
G4	1 792 852	1 542 051
G5	1 144 562	1 205 104
G6	326 842	310 927
G7	97 687	28 678
G8	139 655	400 260
Standaardgraad	17 657	4 465
Totaal	5 816 207	6 611 587

*Onvolledig


As die variëteitverspreiding van die top tien variëteite wat gedurende die afgelope dekade gesertifiseer is, in gedagte gehou word soos weergegee in figure 2 en 3 hieronder, kan gesien word dat geweldige veranderings plaasgevind het. Die top tien variëteite bestaan hoofsaaklik uit variëteite met planttelersregte, behalwe vir Mondial, Up-to-Date en Hertha, wat oop kommersiële variëteite is.

2007/2008




Figuur 2: Variëteitverdeling soos in 2007/2008

2017/2018*




Figuur 3: Variëteitverdeling soos in 2017/2018*
*Onvolledig

Die ander kleiner variëteite wat aangeplant is, is aangedui in figuur 4 (2007/2008) en figuur 5 (2017/2018*).




Figuur 4: Samestelling van ander kleiner variëteite in 2007/2008.



*Figuur 5: Samestelling van ander kleiner variëteite in 2017/2018**

**Onvolledig*

Wat siektes betref, toon figuur 6 die persentasie virusvrye monsters op nasionale vlak aan.



Figuur 6: RSA: VIRUSVOORKOMS (landmonsters: G0 – G7 geplant)

Hewige Aartappel Rolbladvirus- (PLRV) infeksies het in die verslagjaar voorgekom, wat aanleiding gegee het tot 'n viruswerkswinkel om die probleem aan te spreek. Data oor die virusinhoud van bronne wat aangeplant is, vergeleke met die sertifisering en na-kontrolle virusresultate van die daaropvolgende aanplantings, het gedui op groot uitdagings met betrekking tot PLRV-infeksie, ongeag bronne met geen of baie min virus wat geplant is. Vir die afgelope vier jaar het geen Aartappel Nekrotiese Ringvleksierte tydens knolinspeksies voorgekom nie.

Die Skema is gewysig om aartappelmoere teen Swartspikkel / Silwerskurf, *Rhizoctonia* te behandel, asook vir eie aanplantingsdoeleindes. Terwyl daar gewag word op publikasie van die gewysigde Skema, bly die dispensasie vir die behandeling van aartappelmoere teen Swartspikkel / Silwerskurf steeds van krag. Gedurende 2016/2017 (volle jaar) is 130 907 x 25 kg-sakkies gesertifiseerde aartappelmoere behandel. Aartappelmoere in die meeste streke is behandel, behalwe in die Noord-Kaap, Noordwes en die Ooskaap. Geen klagtes is ontvang met betrekking tot behandelde aartappelmoere nie.

Die Aartappelkwarantynspeskomitee onder voorsitterskap van die Direkoraat van Inspeksiedienste, DLBV, is die aartappelbedryf se waghond vir kwarantynsiektes. Bakteriese Verwelk wat veroorsaak word deur *Ralstonia solanacearum*, die Goue Sist-aalwurm (PCN – *Globodera rostochiensis*) en Vratjiesiekte wat deur *Synchytrium endobioticum* veroorsaak word, word amptelik ingevolge die Skema beheer. Invoerregulasies en bio-sekuriteit val ook onder jurisdiksie van hierdie komitee.


Sover dit verbode organismes aangaan, is *Ralstonia solanacearum*, die organisme wat Bakteriese Verwelk tot gevolg het, in 'n aanplanting van aartappelmoere opgespoor, waarna 'n afvaardiging van die Direkoraat Inspeksiedienste en ASD die eenheid besoek het en toepaslike stappe geneem is. Daar word beoog om monsters te neem op plase wat op R 110 vir Vratkiesiekte gelys is, om te soek na die teenwoordigheid of afwesigheid van *Synchytrium endobioticum*. Geen *Globodera rostochiensis*-infeksies het in 'n baie lang tyd voorgekom nie.

Die Skema is gegrond op fitosanitêre status, sowel as variëteitsegtheid. Vermenging van variëteite het slegs in 0.174% van alle gesertifiseerde moere voorgekom. Waar vermenging voorgekom het, is die kwekers skriftelik in kennis gestel en die nodige regstellende stappe is geneem. Uit die 7.1 miljoen gesertifiseerde sakkies, is vermenging slegs in 12 417 sakkies bespeur. Registrasies is reggestel nadat die omruiling van proefvariëteite opgespoor is. Dit is baie moeiliker om die omruiling van variëteite visueel op te spoor, aangesien die totale aanplanting van 'n ander variëteite as die een wat bedoel was om geplant te word en variëteitsbeskrywings van proefvariëteite is nie altyd beskikbaar nie. Daarom is dit uiters belangrik dat die materiaal wat *in vitro* onderhou en geproduseer word, die ware jakob is. Daar is weereens beklemtoon hoe belangrik DNS-profiel van ingevoerde of nuutgevestigde materiaal is en eienaars en agente word versoek om DNA-profiel van sulke materiaal by inskrywing in die genebank te verkry en om die variëteitbeskrywings aan ASD te verskaf.

Eienaars en agente van variëteite is weer daarop attent gemaak dat etikettering vir ongelyste variëteite vereis word en dat op die etikette aangedui moet word dat die betrokke materiaal slegs vir evaluasiedoeleindes gebruik mag word.

Die aanplant van gesertifiseerde aartappelmoere verminder die risiko's wat met aartappelproduksie gepaard gaan tot 'n groot mate, maar dit gee glad nie 'n absolute waarborg nie. Sertifisering beteken dat die aartappelmoere geproduseer, monsters geneem is, dat dit ondersoek en verseël is in ooreenstemming met die reëls en regulasies van die Aartappelmoersertifiseringskema en dat dit op die dag van verseëling aan die vereistes van die Skema voldoen het. Slim aartappelprodusente plant slegs gesertifiseerde materiaal.

Besoek asseblief
www.potatocertification.co.za.





Plantovita

INHOUDSOPGAWE

Visie en Missie	61
Verslag van die Voorsitter	62
Die Besturende Direkteur Verslag	64
Besigheidsverslag	69





VISIE

Om laboratoriumdienste aan die moerbedryf te lewer ten opsigte van die opsporing van spesifieke patogene ten einde vas te stel of saadlotte aan sertifiseringstandaarde voldoen soos voorgeskryf deur die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringsskema.

MISSIE

Aartappellaboratoriumdienste streef daarna om optimale dienste aan die aartappelbedryf te lewer wat:

- Gebaseer is op wetenskaplike beginsels.
- Uitgevoer word deur gekwalifiseerde en bekwame tegnoloë.
- Bestuur word op gesonde ekonomiese beginsels.
- Die vertrou en behoeftes van die kliënte in ag neem.



VERSLAG VAN DIE VOORSITTER



JOHAN VAN DEN HEEVER

VOORSITTER

Beste leser

Die destydse doel met die aanwys van die Coen Bezuidenhout Seed Test Centre (Pty) Ltd (CBS), wat vandag bekend staan as Plantovita, as die kontrole laboratorium van Aartappellaboratoriumdienste (ALD) was die volgende :

Daar behoort in die Bedryf 'n sentrum van kundigheid te wees wat by wyse van wetenskaplike prosedures, opleiding en standaardisering die konsekwentheid van die toetse wat deur die verskillende streke uitgevoer word, te kontroleer. Dit is in belang van die doeltreffende toepassing en geloofwaardigheid van die Skema.

Wanneer u die Bestuursverslag van die HUB van Plantovita lees, sal u merk dat die kontrole laboratorium absoluut daarin slaag om bostaande doel te bereik. Daar word punt vir punt aan elke vereiste voldoen :

- Wetenskaplike prosedures
- Opleiding
- Standaardisering
- Konsekwentheid van toetse
- Kontrole

Vir die laboratoriums, wat fel kritiek verdra wanneer toetsuitslae nie aanvaar word nie, is die bydrae tot die geloofwaardigheid van die Skema voorwaar 'n nimmereindigende uitdaging.



Buiten die gegewe dat ons toetse aan die hoogste moontlike vereistes moet voldoen, is die integriteit en onafhanklikheid van enige van die ALD laboratoriums in die bydrae tot geloofwaardigheid van die Skema, nie onderhandelbaar nie.

Na 'n paar jaar in die hande van die Droë Bone Produsente Organisasie (DPO), behoort Plantovita 90% sedert 2011/2012 weer aan die moerkwekers by wyse van aandele. Dit is dus grootliks in ons die eienaars se hande om Plantovita te ondersteun en bemagtig om voort te bou op die bestaande geloofwaardigheid wat reeds deur jare se dienslewering, tegniese vooruitgang, wetenskaplike ondersoek en geloof in wat hulle doen bereik is.

Ons as Direkteure (verteenwoordigend van die aandeelhouers) bied hierdie nodige ondersteuning en bemagtiging aan Plantovita in die mate waartoe en die wyse waarop ons eienaarskap van die maatskappy en personeel neem.

Die belang van een ALD laboratorium gemeet teenoor ander is

ongegag van die grootte van die verskillende streke en omset van die besigheid nie ondergeskik aan die ander een nie. Dieselfde toetse word immers gedoen en dieselfde standaarde word verwag. Elkeen lewer 'n doeltreffende bydrae tot die Skema vanwaar dit in produksiestreke geleë is.

Tog, moet ons nie uit die oog verloor dat die rol en funksie van Plantovita as kontrole laboratorium van die Bedryf baie meer om die lyf het as die roetine toetsing van monsters vir Sertifisering nie.

As ALD 'n woud was, was Plantovita die hoogste bome wat die meeste wind vang, juis weens die uitgebreide verantwoordelikheid daarvan in ALD.

Ons as eienaars kan die nodige ondersteuning bied aan ons HUB, Marieta Botha en Tegniese Bestuurder, Anel Espach deur onself eerstens te bemagtig met kennis van die funksie en plek van Plantovita as kontrole laboratorium in ALD. En tweedens om ons rol as mede-eienaars van die maatskappy aan te neem en te verstaan.

Johan van den Heever
Voorsitter



HOOF UITVOERENDE BEAMPTE VERSLAG



MARIETA BOTHA

HOOF UITVOERENDE BEAMPTE

So noem ek dan aan die Plantovita personeel tydens Me Anel Espach se *Quality Coordinating Committee (QCC)* vergadering dat die besoek aan 'n ander instansie net weer my oë oopgemaak het vir die hoë standaarde wat met tyd in Aartappel laboratoriumdienste (ALD) geïmplementeer is, en gehandhaaf word.

Omdat ek self meer as twee dekades agter die laboratoriumtoonbanke gestaan het, en onder hoë druk gewerk het, weet ek hoe knorrig mens kan raak oor nog 'n dokument wat jy moet voltooi, nog 'n meting, nog 'n kwaliteitsvereiste, nog opleiding ens. asof jy nie reeds genoeg het om mee te "deal" nie.

En so kan mens ook na baie jare in 'n gemaklike verval en blind raak vir dit wat in jou gebou is, want jy sien dit elke dag en in jou wêreld is dit 'n gegewe. As jy dus op 'n dag besoekers ontvang, en opeens prosesse en prosedures deur hulle oë sien, besef jy met trots dat die standaard wat vereis en gelewer word in die Aartappeltoetslaboratoriums, nooit gestagneer het nie.

Ten spyte van jarelange kennis, ervaring en vooruitgang in ALD is die toets gewoonlik die een prosedure wat in die totale proses van Sertifisering verdink word, wanneer die uitslae nie aan die verwagtinge voldoen nie. Inhuis is die geslaagdheid van toetsuitslae afhanklik van twee hoofsaaklike faktore:

- eerstens die siekte- inhoud van die monster wat ingedien is en
- tweedens die korrektheid van die toetsprosedure.

Die res van faktore wat die siektestatus van die moere kan beïnvloed bv. luisdruk, omgewing, verbouingspraktyke, seisoenale infeksie ens., is buite beheer van die laboratorium. Ek wil waag om te se dat die Tegnoloog wat die toets

uitvoer 99% van die tyd nie eens bewus is van seisoenale invloede daarbuite nie. Wat dan ook heeltemal korrek is. Dit skep die neutrale omgewing waarin toetse onpartydig en sonder eksterne invloede uitgevoer word.

Ten einde gestandaardiseerde en hoë kwaliteit werk in al die betrokke laboratoriums te lewer, stel ons die volgende vereistes aan onself:

- Die toetsresultate ten opsigte van 'n monster – sou dit moontlik wees om dit op dieselfde tyd by die verskillende laboratoriums te toets – moet vergelykbaar wees

En dat

- Toetsresultate die siekte-inhoud van die spesifieke monster weerspieël met inagneming van die beperkinge van die ELISA-toets en die variasie in monsterneming.

Wat word in ALD gedoen om aan bostaande standaarde te voldoen ?

Opleiding

Vir elke Tegnoloog of assistent wat op welke wyse betrokke is by die monsters of uitvoering van die toets is opleiding 'n vereiste. Tegnoloë wat die toets uitvoer moet verpligtend twee weke opleiding by die kontrole laboratorium Plantovita ondergaan. Dit is die taak van die Tegniese Bestuurder van ALD, Me Anel Espach, om die nuut opgeleide Tegnoloog na afloop van hierdie amptelike opleiding in haar (die Tegnoloog) eie omgewing te evalueer en haar vaardigheid en betroubaarheid in die uitvoering van die toets te bevestig.

Tegnoloë word op geen stadium aan hulle eie lot oorgelaat nie. Plantovita, as die kontrole laboratorium in ALD, bied ten alle tye tegniese ondersteuning, identifiseer leemtes, en maak seker almal betrokke by die toetsproses is bekwaam vir die taak. Indien daar toetsverwante- probleme in 'n laboratorium blyk te wees, sal Plantovita uit eie geledere 'n kundige na die streek stuur vir probleem – identifisering en verdere opleiding, of die Tegnoloog moet weer na Pretoria kom vir heropleiding.

Opleiding van die Tegnoloë word nie beperk tot 'n eenmalige twee-week sessie te Plantovita nie. Die jaarlikse ALD werkswinkel het onder andere uitgebreide opleiding ten doel. Die werkswinkel is 'n neutrale omgewing waarin tegniese kwessies bespreek word. Die werkswinkel kan ook op diskresie van Plantovita praktiese sessies insluit waartydens die toets fisies uitgevoer word deur alle deelnemers. So word bepaal of toetsresultate, wat in dieselfde omgewing, deur die verskillende Tegnoloë uitgevoer is, korrek en vergelykbaar is.

Interne opleiding in die laboratoriums is 'n voortdurende proses. Skedules bestaan waarvolgens assistente opleiding ontvang in monster voorbereiding, was van glasware, skoonmaak van fasiliteite, gebruik van aparate ens. om maar enkele punte te noem. Assistenten word getoets, ten einde te bepaal of hulle bekwaam is vir die taak waarvoor hulle aangestel is. Opleiding van assistente is 'n vereiste vir permanente- en kontrakwerkers

Monsterintegriteit en identiteit

Monsterintegriteit en identiteit moet deur die hele proses van Sertifisering behoue bly.

'n Amptelike saadlys vanaf Aartappelsertifiseringsdiens (ASD), is die werksinstruksie aan die laboratorium waarop aangedui word hoe die monster hanteer moet word.

Byvoorbeeld, in geval van Bakteriese Verwelk: *moet die monster vooraf warmgemaak word?*

Of in die geval van virusmonsters: *Is die monster reeds behandel vir die ophef van dormansie?*

Die tegnoloog reageer dus op saadlysinstruksie. Geen monsters mag getoets word alvorens die amptelike saadlys i.e. instruksie vanaf ASD ontvang is nie.

Met monsterontvangs word besonderhede op die sakke (seëls, etikette, tipe monster, hoeveelheid knolle, variëteit ens.), vergelyk met die data wat op die saadlys verskyn. Alle afwykings tussen monster en-saadlysbesonderhede moet skriftelik aan ASD rapporteer word. Geen toetse mag uitgevoer word voordat die identiteit van die monster, ten



opsigte van alle vereiste data deur ASD bevestig is nie. Die Tegnoloog mag nie self die korreksies op die saadlys aanbring nie. Die vereiste is dat 'n nuwe saadlys met die nodige veranderinge deur ASD uitgereik word.

Knolle word fisies getel, genoteer en geplaas in kratte waaraan permanente etikette geheg is. Op hierdie etikette verskyn die belangrikste monster besonderhede. Die seël en etiket wat aan die sak was, word ook in die ooreenstemmende krat geplaas ten einde die identiteit van die monster verder te versterk.

Wanneer die kratte met die monsters na die laboratorium gaan vir toets, word alle besonderhede op die permanente etiket asook die seëls en etikette binne in die kratte weer nagegaan en opgeskryf ten einde te verseker dit vergelyk met die monster besonderhede op die toetslys.

Skillers en die assistente agter die rolpers moet registers voltooi van wie watter monster op welke bepaalde metode voorberei het vir die spesifieke toets. Houers of sakkies waarin versapping plaasvind sowel as teenliggaam bedekte plaatjies word duidelik gemerk met die monsternommers.

Die behoud van integriteit, identiteit en naspoorbaarheid van 'n monster in ALD word dus met erns hanteer. Dit is 'n proses wat begin met die bevestiging van die identiteit van 'n monster tydens die ontvangs daarvan by die laboratorium. Oneindige dokumentasie verseker dat die monster naspoorbaar is, tot 7 werksdae na die bekendmaking van die uitslae aan ASD. Monster- en toetsdata word verpligtend vir 5 jaar in die laboratorium argiewe bewaar.

'n Kweker moet op geen stadium twyfel dat die toetsuitslag van 'n monster nie betrekking het op die spesifieke monster of monsters wat by die toetslaboratorium afgelewer is nie.

Die toetsprotokol

ALD het 'n vêr pad gekom vanwaar die ingeslote handleiding van die ingevoerde toetspakette die "protokol" van die Tegnoloog was.

Die woord *protokol* word in die woordeboek beskryf as reëls, voorskrifte, etiket, standaard. Vir elke spesifieke patoog en die goedgekeurde metode vir die toets daarvan bestaan daar vandag amptelike reëls, voorskrifte, etiket, standaard of te wel 'n toetsprotokol in ALD. Tans is daar 13 amptelike ALD toetsprotokolle.

'n Toetsprotokol is die Heilige Boek van die ALD Tegnoloog. Daarin word elke voorskrif gestel vir die suksesvolle uitvoering van die toets. As die protokol aandui dat 'n ELISA plaatjie 4 x gewas moet word met 'n weekperiode van 5 minute tussen elke was dan moet dit so gedoen word. As daar in die protokol staan dat sap ten minste 20 minute moet staan voor dit op die plaatjies gelaai word is dit met goeie rede en moet dit so gedoen word. Die protokol is dus nie net 'n riglyn nie, maar stel die spesifieke vereistes vir die uitvoering van elke toets.

Die Toetsprotokol, standaardiseer dus die toetsprosesse tussen die streke. Indien die Tegnoloog streng hou by die voorskrifte in die protokol en daar geen ander negatiewe eksterne invloede is nie, *behoort die toetsresultate ten opsigte van 'n monster – sou dit moontlik wees om dit op dieselfde tyd by die verskillende laboratoriums te toets – vergelykbaar wees.*

Die toetsprotokol dui die vereistes aan vir elke ALD toetslaboratorium wat strek vanaf die nodige toerusting tot by die amptelike dokumente. Die ALD Gedragskode wat aandui watter tipe monsters deur 'n OSRA goedgekeurde ALD laboratorium getoets mag word, verskyn ook hierin.

Toetsprotokolle word jaarliks hersien. Indien enige veranderinge nodig is, word dit aangebring en 'n hersiene weergawe word uitgereik. Vorige weergawes word as uitgedien verklaar en moet met die nuutste uitgawe vervang word.

Die amptelik protokol dra soveel gewig, dat die teenwoordigheid en beskikbaarheid van die nuutste weergawe daarvan in die toetslaboratorium 'n ouditvereiste is. Dit is die ALD gestandaardiseerde handboek vir die oplees, verwysing en bevestiging van korrekte prosedures.

Die toets

Daar bestaan wigte en teenwigte (checks and balances) waaraan 'n toets moet voldoen, alvorens die uitslag deur 'n Tegnoloog afgeteken mag word.

Visuele voorkoms van die plaatjie

Vir 'n ervare Tegnoloog is die visuele voorkoms van die ELISA plaatjie in die finale stap al reeds 'n baie goeie indikasie van die geslaagdheid van die toets.

Met die uitsondering van die positiewe kontrole en putjies waarin kleur ontwikkel weens die teenwoordigheid van die spesifieke patoogen, behoort die res van die plaatjie geen / minimale kleurontwikkeling of agtergrond te toon nie.

Agtergrond is 'n term wat baie ruim aangewend word buite die laboratorium. *Agtergrond kan nie beperk wees tot 'n enkel putjie op 'n plaatjie nie.* Indien daar tydens die toetsproses eksterne invloede (interference) van een of ander aard was sal die ervare Tegnoloog in staat wees om agtergrond of eksterne invloede op 'n plaatjie te identifiseer.

Vir beide die Virus- en Bakteriese toetse is daar 'n toegewyde ry op die plaatjie (kantry) waarin geen kleur behoort te ontwikkel tydens die laaste stap nie. Indien kleur in hierdie ry ontwikkel kan die optimale prestasie (*performance*) van die toets bevraagteken word.

Visuele kleurontwikkeling of die gebrek daaraan, op spesifieke toegewyde posisies op 'n ELISA-plaatjie is 'n teken van die geslaagdheid van die toets en 'n aanduiding dat eksterne invloede nie vals positiewe genereer nie.

Die positiewe en negatiewe kontroles

Die ontwikkeling van beide die positiewe en negatiewe kontroles bo of onder sekere voorskriftelike waardes (OD waardes) is 'n vereiste vir die geslaagdheid van die toets. Hierdie kontroles kan beskryf word as die teenwigte (*balances*) waaraan die toetsprestasie gemeet word.

Die reaksie van die negatiewe kontrole is uiters belangrik. Gebrek aan verkleuring dui aan dat daar nie eksterne invloede tydens die toetsproses was, wat aanleiding kon gee tot agtergrond of vals positiewe lesings nie.

Die positiewe kontrole meet die sensitiwiteit en spesisiwiteit van die toets.

Sensitiwiteit: *Hoe goed reageer die toets?*

Spesisiwiteit: *Sien die toets (teenliggame) die spesifieke patoogen waarvoor ek getoets het raak?*

Bostaande faktore is sover dit die geslaagdheid van die toets aanbetref die vernaamste vereistes en spreek die verwagting aan dat *toetsresultate die siekte-inhoud van die spesifieke monster weerspieël met inagneming van die beperkinge van die ELISA-toets en die variasie in monsterneming.*

Om aan die wigte en teenwigte te voldoen, is nie 'n kortpad nie, en dit is die uitkoms van die noukeurige toepassing van die volgende aksies:

- Absolute uitvoering van die toetsmetode soos voorgeskryf deur die verskaffer van die toetspakette.
- Korrekte aanwending en storing van alle reagense en chemikalieë binne die vervaldatums en temperatuur vereistes daarvan.
- Alle apparaat en toerusting moet in optimale werkende toestand wees. Onderhoudskedules is verpligtend en moet gedokumenteer word.
- Meting van omgewingstoestande binne voorskriftelike waardes van die laboratorium, warmkamers, sowel as alle ander werksareas, koelkamers, yskaste en inkubeerders.
- Goeie huishouding – korrekte aanwending van skoonmaakprodukte vir die sterilisasie en opruim van vertrekke, werksoppervlaktes, apparaat en glas- en plastiekware.

- Die geslaagdheid van die verpligte oudit wat jaarliks in die toetsseisoen uitgevoer word deur die Tegniese Bestuurder van ALD en waarin die korrekte toepassing van al bostaande aksies gemeet en ondersoek word.
- Bekwaamheidstoetse (kringtoetse) wat op roetine-basis uitgevoer word en waarin die vergelykbaarheid van uitslae tussen die verskillende toetslaboratoriums gemeet word.

Ten spyte van die gebruikersvriendelike eienskappe van die ELISA ...

- Dit is 'n robuuste toets
- 'n Betroubare toets
- Wat ekonomie aanbetref is dit gemeet aan rand en sent goedkoper as ander metodes
- Vir hoë omset op 'n kommersiële skaal is dit 'n ideale metode

...is die afteken van toetsuitslae deur 'n Tegnoloog 'n samevatting van die geslaagdheid van 'n versameling van vereistes waaraan voldoen moet word.

Die kwaliteit vereistes en professionele aanslag in die ALD toetslaboratorium, staan nie terug vir die standaard van laboratorium dienslewering in enige ander bedryf nie. Die toewyding van personeel wat daaglik roetine toetse doen sonder om standarde te verslap is merkwaardig en verdien erkenning.

Vandag kan ons met reg se:

- ALD is in voeling met ontwikkelinge rakende metodiek en patogene op internasionale gebied.
- Opgradering van dienste en kennis stagneer nie en ALD is vandag in staat om dienste op molekulêre vlak te lewer.
- ALD geniet uitstekende kommunikasie en betrekkinge met verskaffers van toetspakette sowel as met kundiges in relevante situasies in die buiteland.
- ALD kan met selfvertroue deelneem aan internasionale kringtoetse wat toetslaboratoriums van verskeie ander lande insluit.
- Sover dit die kommersiële toets van saadaartappels met ELISA aanbetref, is die Tegnoloë in ALD die kundiges. Dit is waarmee hierdie mense hulle daaglik bemoei en daar is nie ander plaaslike laboratoriums wat op hierdie skaal saadaartappels toets nie.

My persoonlike dank dus aan die ALD personeel vir julle harde werk. Vir julle eerlikheid en integriteit. Dat julle nooit opgee nie. Dat julle binne die roetine-aanslag van julle werk en dikwels ongegronde kritiek steeds kreatief dink en positief bly.

Besonder dankie aan Anel Espach, Tegniese Bestuurder van ALD vir jou reuse bydrae in die wetenskaplike en tegniese evolusie van Laboratoriumdienste die afgelope paar jaar.

Dankie ook aan die Plantovita Direkteure en Voorsitter, Gavin Hill, vir eienaarskap, erns, leiding en positiewe bydrae tot die groei van dienslewering in ALD.

MARIETA BOTHA
HUB PLANTOVITA











BESIGHEIDSVERSLAG

Die laboratoriums in ALD

Die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema bepaal dat die moere deur geregistreerde kwekers geproduseer, aan sekere siektevereistes moet voldoen ten einde as gesertifiseerde saad vrygestel te mag word. In die Suid-Afrikaanse aartappelbedryf is daar vyf laboratorium-maatskappye wat toetse uitvoer ten einde die siektestatus van die saad te bepaal. Elkeen van hierdie laboratoriums is strategies geleë met die doel om 'n spesifieke produksie-area te bedien.

Die volgende skematiese voorstel bied 'n oorsig van die ligging, bedieningsgebied en eienaarskap van elke maatskappy.

Naam van Maatskappy	Ligging en Bedieningsgebied	Eienaar en Bestuur
		Wes-Kaap-moerkwekers-vereniging
Sandveld, Suid-Kaap en Ceres		
		Wesgrow Seed-Potatoes
Wes-Vrystaat en Noord-Wes		
		KwaZulu-Natal Seed Growers
KwaZulu-Natal en Noordoos-Kaap		
		Griekwaland-wes Korporatief
Noord-Kaap en Oos-Kaap		
		Plantovita-aandeelhouers: Sandveld-laboratoriumdienste Wes-Vrystaat Aartappelmoerkwekers KwaZulu-Natal Laboratory Services Noord-Kaap-laboratoriumdienste Solani Labs Droëbone Producente Organisasie
Mpumalanga, Limpopo, Gauteng en Oos-Vrystaat		

Die laboratoriummaatskappy funksioneer elkeen as 'n private entiteit. Die term Aartappellaboratoriumdienste verwys na hierdie laboratoriummaatskappy as 'n groep en beïnvloed nie individuele eienaarskap nie. Plantovita vervul die rol van kontrolerende laboratorium in hierdie groep maatskappy en moet sorg dat standarde soos in die amptelike ALD-toetsprotokol onderskryf, deurlopend deur al die laboratoriums gehandhaaf word.

Al vyf die maatskappy moet ingevolge die Plantverbeteringswet by die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye as fasiliteit vir die uitvoering van siektetoetse geregistreer word. Die laboratoriums word jaarliks in die toetsseisoen deur Plantovita geoudit. Met inagneming van die aanbeveling van die kontrolerende laboratorium aan die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA), verdien 'n laboratorium van jaar tot jaar die magtiging van OSRA om toetse uit te voer soos deur die Skema vereis. Die standaard vir ouditvereistes word deur die amptelike toetsprotokol van ALD vasgelê. Die protokol is op grond van internasionale standarde (ISO) en goeie laboratoriumpraktyke saamgestel.

Daar is 'n sesde laboratoriummaatskappy, mnre Solani Labs, wat op basis van 'n ooreenkoms van die dienste van Plantovita gebruik maak om siektetoetse vir die kwekers van Mpumalanga, Limpopo, Gauteng en die Oos-Vrystaat uit te voer. Kwekers in hierdie streke is aandeelhouers in die maatskappy en die Direksie is met inagneming daarvan saamgestel. Die doel van hierdie maatskappy is om vir hierdie bedieningstreek 'n unieke ALD-registrasietarief te kan bepaal en wel op basis van hektare geregistreer en toetskostes.

Eienaarskap en bestuur van die kontrolerende laboratorium, Plantovita

Die maatskappy behoort 10% aan die DPO en 90% aan die moerkwekers by wyse van aandele. Die moerkwekers besit die aandele via die streekslaboratoriums waarvan hulle die eienaars is. Die persentasie-aandeelhouding verskil tussen streke en is op die bydrae van elke aandeelhouer tot die omset van Plantovita oor 'n bepaalde tydperk gebaseer.

Elke aandeelhouer word op die Direksie van Plantovita verteenwoordig by wyse van 'n Direkteur wat aangewys word deur die maatskappy of organisasie wat die aandele besit. Aartappels Suid-Afrika (ASA) word deur drie Direkteure verteenwoordig, alhoewel dit geen aandele in mnre Plantovita besit nie. Die Voorsitter van die Direksie word onafhanklik verkies.

Nieteenstaande die persentasie-aandele, het elke Direkteur gelyke insae en stemreg sover dit besluitneming aangaan.

Tans sien die Direksie van Plantovita as volg daaruit:

Direkteur	Posisie	Verteenwoordig die volgende maatskappy of organisasie
Gavin Hill	Voorsitter	Onafhanklik
Jakkie Mellet	Vise-Voorsitter	Solani Labs (Pty) Ltd
Gerhard Posthumus	Direkteur	Wesgrow Seed-potatoes (Edms) Bpk
JJ van de Velde	Direkteur	KwaZulu-Natal Laboratory Services (Pty) Ltd
Johan van Greunen	Direkteur	Sandveld-laboratoriumdienste (Edms) Bpk
Andre Coetzee	Direkteur	Noord-Kaap-laboratoriumdienste (Edms) Bpk
Chris Kleingeld	Direkteur	Droëbone Produsente Organisasie
Dr Fienie Niederwieser	Direkteur	Aartappels Suid-Afrika
Jan van Zyl	Direkteur	Aartappels Suid-Afrika

Die Hoofuitvoerende Beampte word deur die Direksie aangewys. Hierdie amptenaar vervul ook die rol van Bestuurder: Laboratoriumdienste. Tans word hierdie posisie deur me Marieta Botha gevul.

Plantovita word tegnies deur me Anel Espach bestuur. In belang van die tegniese welvaart van al die laboratoriums, beklee Anel ook die posisie van Tegniese Bestuurder van Laboratoriumdienste.

Dienslewering in ALD

Vir die doel van sertifisering: Die onderskeie laboratoriummaatskappye voer die volgende toetse uit / bied die volgende dienste aan met betrekking tot siektebepaling en ander vereistes in die Suid-Afrikaanse Aartappelmoer-sertifiseringskema vervat:

Laboratorium	Patogeen	Tegniek	Tipe monster
Sandveld-laboratorium	Virussiektes: PVY, PLRV	ELISA	Moere: Landmonsters
Wes-Vrystaat-laboratorium			Blaarmonsters: G0- en private materiaal
KwaZulu-Natal-laboratorium	Bakteriese siektes: Verwelksiekte (<i>Ralstonia solanacearum</i>)	ELISA	Moere: Landmonsters
Noord-Kaap-laboratorium			
Slegs Sandveld-laboratorium	Goue sist-nematode : <i>Globodera spp.</i>	Seinhorst sist elutriasië	Grondmonsters
Plantovita	Virussiektes : PVY en PLRV	PKR	Moere: Landmonsters <i>In vitro</i> -materiaal
	Virussiektes : PVY, PLRV, PVA, PVM, PVX, PVS, TSWV	ELISA	Moere: Land- en na-kontrolemonsters Dispute: Nasionaal, Solani Labs uitgesluit G0-materiaal: Blare en moere Private blaarmonsters <i>In vitro</i> -materiaal Ingevoerde materiaal
	Bakteriese siektes : Verwelksiekte (<i>Ralstonia solanacearum</i>) Die volgende <i>Erwinia spp :</i> <i>Pectobacterium carotovorum subsp carotovorum</i> <i>Pectobacterium carotovorum subsp brasiliensis</i> <i>Pectobacterium atrosepticum</i> <i>Dickeya dianthicola</i> <i>Dickeya dadantii</i>	ELISA- en konvensionele uitplant metodes	Moere: Landmonsters G0-matériau <i>In vitro</i> -materiaal Ingevoerde materiaal Bevestiging van alle positiewe verwelklesings nasionaal
	Kultivaregtheid van eenhede vir sertifisering aangebied	Gedempte ligspruit	Moere (vir kultivaregtheid)

Uitgebreide diagnostiese dienste:

As kontrolerende laboratorium streef Plantovita daarna om as sentrum van kundigheid, onder andere, uitgebreide diagnostiese dienste aan die bedryf te lewer.

Diagnostiese monsters is *ad hoc*-monsters wat nie as amptelike en/of sertifiseringsmonsters kwalifiseer nie en bestaan gewoonlik uit 'n paar knolle/plante/stingels met of sonder siektesimptome

Die toetsentrum is sodanig toegerus en beskik oor die kundigheid vir die lewering van hierdie dienste. Die Diagnostiese Afdeling van Plantovita het tot op datum die volgende patogene of fisiologiese afwykings geïdentifiseer:

Bakteriese siektes:

- *Ralstonia solanacearum* – Bakteriese verwelksiekte
- *Pectobacterium carotovorum subsp carotovorum*, *Pectobacterium carotovorum subsp brasiliensis*, *Pectobacterium atrosepticum*, *Dickeya dianthicola*, *Dickeya dadantii* – Swartstam / Sagtevrot (nie-spesifiek)
- *Streptomyces* spp – Bruinskurf

Swamsiektes:

- *Macrophomina phaseolina*: Houtskoolvrot
- *Sclerotinia sclerotiorum*: Sklerotinia
- *Verticillium dahlia* and *V. albo-atrum*: Verticillium verwelk
- *Phytophthora erythroseptica*: Pienk vrot
- *Pythium ultimum* var. *ultimum* and *P. Debaryanum*: Pythium vrot
- *Phytophthora infestans*: Laatroes
- *Botrytis cineria* Pers. :Fr.: Grysskimmel
- *Phoma exigua* var. *foveata* and *Phoma exigua* var. *exigua*: Gangreen
- *Alternaria solani*: Malroes
- *Rhizoctonia solani*: Swartskurf
- *Fusarium* spp.: Fusarium droë vrot, Fusarium verwelk
- *Alternaria alternata*: Vroeë roes
- *Spongospora subterranea subsp subterranea*: Poeierskurf
- *Helminthosporium solani*: Silwer skurf
- *Colletotrichum coccodes*: Swart spikkel/Antraknose

Fisiologiese afwykings:

- Interne bruinvlek en hitte nekrose
- Holhart
- Swart hart
- Knolmisvorming
- Sandsplete/Splete en krake
- Jellie end verrotting
- Vergrote lentiselle
- Olifantvel
- Koueskade en gebrek aan suurstof



Die bestuur en struktuur van die ALD-maatskappy vir 2017/2018

Elke individuele laboratoriummaatskappy word bestuur deur 'n Direksie bestaande uit Direkteure wat deur die eenaar/aandeelhouer van die maatskappy verkies/aangewys word.

Dit staan die Direksie vry om 'n Bestuurder wat verantwoordelik is vir die finansiële en administratiewe welvaart van die maatskappy aan te wys. Hierdie Bestuurder kan uit eie geleedere aangewys word of gekontrakteer word om hierdie dienste te lewer.

Vir die verslagjaar het die bestuur en struktuur in ALD as volg daaruit gesien:

Naam van maatskappy	Verantwoordelike Tegnikus	Personeel-samestelling	Sekretariële Dienste	Administratiewe- en Finansiële Bestuur	Tegniese Bestuur
Sandveld-laboratorium-dienste	Soreen Gouws	<ul style="list-style-type: none"> Laboratorium-tegnikus Laboratorium-assistente Kontrakwerkers 	Soreen Gouws (ooreenkoms met ASA)	Soreen Gouws Direksie	Anel Espach Plantovita
Wesgrow Seed-potatoes	Cecilia Nel	<ul style="list-style-type: none"> Laboratorium-tegnikus Laboratorium-assistente Kontrakwerkers 	Wesgrow Seed-Potatoes	Gerhard Posthumus	Anel Espach Plantovita
KwaZulu-Natal Laboratory Services	Helen Anderson	<ul style="list-style-type: none"> Laboratorium-tegnikus Kontrakwerkers 	Zelda Wagenaar (ooreenkoms met ASD)	Marieta Botha ASA-Finansies Direksie	Anel Espach Plantovita
Noord-Kaap-laboratorium-dienste	Marizelle van der Merwe	<ul style="list-style-type: none"> Laboratorium-tegnikus Kontrakwerkers 	Alana van der Merwe (ooreenkoms met ASD)	Andre Coetzee	Anel Espach Plantovita
Plantovita	Anel Espach	<ul style="list-style-type: none"> Laboratorium-tegnici Laboratorium-assistente Kontrakwerkers Skoonmaakster 	Marne Brits	Marieta Botha DPO-Finansies Direksie	Anel Espach Plantovita

In November 2014 gee die Uitvoerende Bestuur van Plantovita aan me Botha die opdrag om uit al die laboratoriummaatskappye in terme van die finansiële- en grondvlakbestuur daarvan te bedank. Die kontrolerende laboratorium sal dus voortaan slegs met die tegniese bestuur van die streeklaboratoriums gemoeid wees, maar kan steeds gekonsulteer word vir enige ander bestuursaspekte sou daar 'n behoefte ontstaan. Gedurende dieselfde tydperk, dui ASA Finansies aan dat die maatskappy weens kapasiteitsbeperkings nie meer met die finansiële bestuur van enige van die laboratoriummaatskappye gemoeid kan wees nie. Elkeen van die maatskappye in die ALD-groep is dus met ingang van 1 Julie 2015 totaal en al aangewese om finansies en administrasie onder die leiding van die individuele Direksies self te bestuur.

Ter afsluiting onderneem Aartappellaboratoriumdienste die volgende:

- Alle monsters van enige klient moet vertroulik hanteer word en die integriteit ten opsigte daarvan moet gehandhaaf word en die monster moet veilig bewaar word.
- Uitslae wat ten opsigte van enige monster gegenereer word, moet op 'n vertroulike basis aan die klient gestuur word en rekords ten opsigte daarvan moet vir vyf jaar veilig bewaar word.
- Rekords met betrekking tot die ontvangs van die monster, asook die prosessering en toets daarvan en die uitslae verkry, moet gegenereer, behou en later sodanig geberg word dat dit veilig en vertroulik bly.
- Alle monsters moet in terme van protokolle en prosedures van Aartappellaboratoriumdienste getoets word.

'n Kweker moet die gerustheid kan hê dat –

- die toetsresultate ten opsigte van 'n monster – sou dit moontlik wees om dit op dieselfde tyd by die verskillende laboratoriums te toets – vergelykbaar sal wees; en
- dat die toetsresultate die siekte-inhoud van die spesifieke monster sal weerspieël – met inagneming van die beperkinge van die toetse en die variasie in monsterneming.



Prokon

INHOUDSOPGAWE

Visie, Missie en Waardes	75
Voorsittersverslag	76
Hoofuitvoerende beampete verslag	78
Besigheidsverslag	81





VISIE

Om standaarde daar stel en beheer uit te oefen oor die kwaliteit van landbouprodukte om plaaslike en buitelandse bemarking te bevorder en om te verseker dat verbruikers produkte ontvang wat veilig is en kwaliteit verteenwoordig.

MISSIE

Die lewering van 'n omvattende koste-effektiewe diens aan die varsproduktebedryf in Suid-Afrika deur:

- 'n Gehalteversekeringsdiens op varsprodukte
- 'n Gehalte- en adviseringsdiens vir die handel
- Die instandhouding van 'n graderings-, voorligtings- en opleidingsprogram
- Die bevordering van voedselveiligheid en higiëne
- 'n Statistiese- en inligtingstelsel met relevante inligting te bied aan produsente en ander belanghebbendes
- Die hantering van die probleme van produsente, kopers, verbruikers, verwerkers en verpakkers
- Die uitdra van 'n positiewe beeld van die varsproduktebedryf

WAARDES

- Onpartydigheid
- Integriteit
 - Intern (kollegas)
 - Ekstern (kliënte)
- Professionele optrede en kundigheid



VOORSITTERSVERSLAG



RUDI HEINLEIN

VOORSITTER

Dit is 'n erkende feit dat verbruikers wêreldwyd toenemend kieskeurig raak oor wat hulle eet met die klem op kwaliteit, voedselveiligheid en opspoorbaarheid, en Suid-Afrikaanse verbruikers is geen anders nie. As daar gekyk word na die Listeriosis debakel in Suid-Afrika en die ramspoedige gevolge, onderstreep dit net weer die belangrikheid van inspeksies op alle voedsel wat aan die verbruikers gebied word. Die voorgenoemde tendens het wêreldwyd aanleiding gegee tot die aandrag dat dit wat op die etiket verskyn ooreen moet stem met die inhoud van die verpakte produk asook dat dit veilig is vir verbruik. Verskaffer word gevolglik toenemend gedwing om te verseker dat die produkte wat op hulle rakke beland geïnspekteer is en aan die nodige voedselkwaliteit- en veiligheidsstandaarde voldoen. Dit is derhalwe ietwat frustrerend dat daar steeds Suid-Afrikaanse varsproukte-rolspelers is wat die instelling van amptelike inspeksies en die betaling van die inspeksiefooi ten opsigte van groente en vrugte soos afkondig deur die Minister van Landbou, Bosbou en Visserye, betwis.

Prokon se doelwit om 'n groter speler en beter bekend te word in die kwaliteit-milieu het vrugte afgewerp aangesien die maatskappy daarin geslaag het om sy voetspoor in die plaaslike en buitelandse kwaliteitverskeringsomgewing te vergroot tydens die 2017/2018-verslagjaar. Aangesien kwaliteitsversekering 'n permanente item geword het op die agendas van alle relevante platforms wêreldwyd, maar veral in Europa, is dit verblydend om te rapporteer dat vir die eerste keer is Prokon uitgenooi om 'n bespreking oor kwaliteitsversekering in Europa by te woon – 'n bespreking wat bygewoon word deur kwaliteitverskeringsinstansies wêreldwyd en wat verdere bewys is van Prokon se groeiende vastrapplek in die internasionale kwaliteitverskeringsmilieu. Prokon sal veral baat vind by die bespreking in die lig van sy bykomende verantwoordelikheid om inspeksies op ingevoerde produkte te onderneem. Aangesien toenemende hoeveelhede produkte afkomstig is van lande soos Spanje, Italië en Frankryk sal dit Prokon die geleentheid bied om daardie aspekte te bespreek wat handelsooreenkomste tussen Suid-Afrika en die lande van produkoorsprong kan beïnvloed.

In die lig van Prokon se aanstelling deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye as gevolmagtigde, is daar begin met die uitvoering van inspeksies ingevolge die regulasies op gereguleerde groente en vrugte, nieëtaande die teenstand ten opsigte van die inspeksiediens en die verwante fooie. Die uitvoering van die inspeksies regoor Suid-Afrika het die Prokon inspektoraat die geleentheid gebied om die produkte en die verskillende regulasies beter te leer ken, en ons is dus nou behoorlik toegerus om die betrokke inspeksies uit te voer. Prokon het ook die Perishable

Products Export Control Board (PPECB) gekontrakteer as sy amptelike liggaam om eksterne opleidingskursusse aan die Prokon inspekteurs te verskaf om hulle verder toe te rus om 'n top kwaliteitinspeksiediens te kan lewer. Gedurende die verslagjaar is daar met die kursusse begin en sal dit voortgesit word in die nuwe finansiële jaar. Die voorgenoemde opleiding is bykomend tot die interne opleiding wat deurlopend verskaf word en die gereelde evaluering van inspekteurs.

Inspeksiedienste

Wat aartappels betref het die groter omvang van inspeksies verseker dat inspeksies by meer verpreidings- en verkooppunte uitgevoer is wat natuurlik 'n gelyker speelveld beteken het. In die verlede was daar gereeld klagtes dat aangesien aartappels hoofsaaklik op die varsproduktemarkte geïnspekteer is, die stelsel onewewigtig was.

Die opleiding wat aan inspekteurs gebied is en hul betrokkenheid by die ander gereguleerde produkte, soos reeds genoem, het verseker dat Prokon beter toegerus is om die inspeksies op vars groente en vrugte, bykomend tot aartappels uit te voer. Die addisionele inspekteurs wat aangestel is, het beteken dat inspeksies op varsproduktemarkte en by distribusiesentrum uitgebrei kon word. Die feit dat ons beter toegerus was, het ook bygedra tot ons sukses om kontrakte te sluit met die meerderheid van kleinhandelgroepe ten opsigte van die omvang van die inspeksiediens en die betaling van die inspeksiefooi.

Die kontrak wat Prokon met FoodExperts – Europe gesluit het is nie beperk tot uitbreiding in Suid-Afrika nie, maar sluit die totale Suider-Afrika streek in. Prokon sal gevolglik 'n ondersoek loods om die moontlike uitbreiding van sy diens na naburige lande te ondersoek.

Finansies

Finansieel was 2017/ 2018 'n goeie jaar vir Prokon. Die maatskappy het daarin geslaag om sy verdienste uit inspeksies en ander kommersiële aktiwiteite tot R15 789 056 te verhoog wat sowat 40% hoër is in vergelyking met die vorige jaar. Gevolglik is dit aangenaam om te kan rapporteer dat die maatskappy 'n netto surplus van R1 891 931 toon vir die verslagjaar teenoor die verlies van R509 445 wat in 2016/2017 gemaak is. Dit kon egter veel beter gewees het, was dit nie vir die traë implementering van die inspeksiediens op alle ander groente en vrugte nie weens voorgenoemde redes. Verdere aspekte wat 'n impak gehad het op die inkomste van die maatskappy was die reghoofte wat aangegaan moes word om inspeksiefooi te in en die koste verbonde aan die aanstelling van addisionele inspekteurs en aankoop van toerusting om die bykomende inspeksies op die ander varsgroente en-vrugte te kon uitvoer.

Afsluiting

Soos ek reeds voorheen gesê het, maar wat ek graag wil herhaal, is die belangrikheid dat produsente varsproduktemarkte moet besoek as deel van hul bemarkingsaksies. Die markvloer bied die produsente die ideale geleentheid om met hul markagente te skakel en ook met kopers te gesels ten einde eerste-handse terugvoering te bekom oor laasgenoemde se opinie oor die produkte wat te koop aangebied word. Besoek ook gereeld Prokon se webwerf www.prokonsa.co.za vir inligting oor aspekte wat direk verband hou met u produkte en die bemarking daarvan.

Ek wil graag my waardering uitspreek teenoor daardie varsprodukte-bedryfsorganisasies en -bedrywe, kleinhandelbesighede en invoerders vir hul positiwiteit teenoor die implementering van die inspeksies op die gereguleerde varsgroente en-vrugte asook die betaling van die inspeksiefooi wat dit vir Prokon moontlik gemaak het om sy verantwoordelikhede ingevolge sy aanstelling as ministeriële gevolmagtigde na te kom. Terselfdertyd wil ek 'n beroep doen op daardie rolspelers en varsproduktebedrywe wat steeds op die kantlyn staan om die inspeksies te aanvaar en daardeur hulle kant bring om te verseker dat die verbruiker kwaliteit Suid-Afrikaans geproduseerde varsgroente en-vrugte vir sy geld ontvang. Ek is van mening dat dit sal bydra tot die uitbouing van die beeld van die Suid-Afrikaanse varsproduktebedryf asook groter verbruikersvertroue in ons produkte vestig.

Wat die Prokon-direksie betref wens ek mnr. Jason Moonsamy geluk met sy aanstelling as direkteur en sien ek uit na die vars insette wat hy gaan bring vir sover dit Prokon se aktiwiteite betref. My finale woord van dank gaan aan die lede van die Prokon-direksie vir hulle samewerking en ondersteuning wat dit moontlik gemaak het om besluite te neem wat die maatskappy, die personeel, die aartappelbedryf en alle ander rolspelers in varsproduktebedryf bevoordeel en dan natuurlik aan die personeel vir hulle harde werk en lojaliteit gedurende die 2017/2018-verslagjaar.

Rudi Heinlein
Voorsitter

HOOFUITVOERENDE BEAMPTE VERSLAG



ETIENNE BOOYENS

HOOFUITVOERENDE BEAMPTE

Die besigheidsverslag insake die aktiwiteite van Prokon gedurende die 2017/2018-verslagjaar fokus hoofsaaklik op die kwaliteitversekeringsdiens wat die maatskappy aan die aartappelbedryf gelewer het dienooreenkomstig sy aanstelling as gevolmagtigde van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV). As gevolg van sy aanstelling as gevolmagtigde van DLBV om ook te verseker dat alle ander varsvrugte en-groente, soos afgekondig in die staatskoerant, voldoen aan die voorgeskrewe kwaliteitsvereistes, asook ander kwaliteitsverwante dienste wat die maatskappy onder kontrak aan plaaslike en buitelandse bedryfsverwante instansies lewer, is dit onmoontlik om nie te verwys na hierdie bykomende dienste nie ten einde 'n geheelbeeld te kan skets van Prokon se rol as kwaliteitversekeringsdiensverskaffer. Die uitbreiding van dienste het natuurlik 'n toename in personeel en toerusting genoodsaak. Om egter dieselfde bronne aan te wend om dienste aan 'n wyer kliënte-basis te lewer het 'n laer koste per bedryfskliënt en optimale aanwending verseker. Dit is ook belangrik om kennis te neem van die voordele wat die uitgebreide dienste bied aangesien meer produkte nou onderhewig is aan gehalte-inspeksies, d.i. verskaffers is verseker dat hul produkte aan die amptelike gehaltestandaarde voldoen en die verbruiker wie nou weet dat hulle ontvang en betaal vir wat op die etiket aangedui word.

Prokon het 'n goeie maar uitdagende besigheidsjaar beleef gebaseer op die styging in inspeksies wat deeglik en tydig uitgevoer moes word, veral ten opsigte van ander varsgroente en-vrugte. Dit het die behoefte geskep vir die aanstelling, opleiding en strategiese plasing van addisionele inspekteurs en interns om die bykomende werkklas te akkommodeer. Ten einde die inspeksie- en inligting-generende proses te fasiliteer, en in besonder die nasionale optekening van inspeksie-resultate per leweransier, is die DiPar stelsel suksesvol geïmplementeer op die sellulêre fone en tablette van inspekteurs wat op die vier groot varsvrugtemarkte werkzaam is. Die stelsel sal op die ander markte in die volgende finansiële jaar geïmplementeer word.

Gedurende die verslagjaar het Prokon die inspektering van produkte by kleinhandel-afsetpunte uitgebrei en het ook daarin geslaag om kontrakte te sluit met sommige kleinhandelgroepe ten einde te verseker dat die inspeksies voldoen aan Prokon se amptelike mandaat, maar ook optimale waarde toevoeg tot die kleinhandelaars en gevolglik hul kliënte.

Wat die inspeksies betref maak dit besliste besigheidsin om die inspeksies op aartappels te kombineer met die op die ander vars groente en vrugte asook met die dienste wat aan ander varsproduktebedrywe en entiteite gelewer word. Ten opsigte van inspeksies op aartappels is geen wesentlike probleme ondervind nie. Wat egter spesiale vermelding regverdig is die voltooiing van die opgegradeerde kleurplaatboek wat dit makliker sal maak vir rolspelers, en veral die nuwe inspekteurs, om aartappelsiektes en-defekte in terme van die graderingsregulasies te kan identifiseer. Ten opsigte van inspeksies op die ander vars groente en vrugte het Prokon voortgegaan met die uitvoering van die inspeksies, ongeag die feit dat sommige van die bedrywe die betaling van die inspeksiefoeie betwis het.

Dienslewering

Inspeksies

Prokon se bydrae tot die sukses van die aartappelbedryf moet gemeet word in terme van die lewering van 'n kwaliteitversekeringsdiens met geassosieerde voordele vir alle rolspelers in die aartappelwaardeketting, asook die ondersteunende rol ten einde probleme op te los en die verskaffing van bedryfsverwante statistiek om produksie- en bemakingsbeplanning te fasiliteer, en daardeur winsgewendheid in aartappelproduksie te optimaliseer.

Gedurende die verslagjaar is 41 039 aartappelbesendings (99 020 993 sakkies) op varsproduktemarkte landwyd geïnspekteer wat 'n styging van 1.8% verteenwoordig vergeleke met die vorige jaar. Wat afgraderings betref was die primêre redes nie-nakoming van die amptelike merkvereistes en nie-aanduiding van die korrekte kultivar op die sakkie.

Ten einde te verseker dat aartappelbesendings wat aan onder andere gelewer word aan distribusiesentrums en winkels ook geïnspekteer word is 4 230 inspeksies by distribusiesentrums en winkels uitgevoer, vergeleke met 3 760 inspeksies in die vorige jaar. Dit verteenwoordig 'n styging van meer as 18%. Hierdie inspeksies is van toepassing op aartappels sowel as alle ander vars groente en-vrugte.

Prokon gaan in die toekoms ook inspeksies uitvoer op ingevoerde varsprodukte wat 'n positiewe impak sal hê op die kwaliteit van produkte wat aan die verbruiker gebied word.

Kommersiële dienste

Prokon het steeds dringende eenmalige kwaliteitinspeksies op versoek uitgevoer en ook kwaliteitversekering-verwante opleiding aan rolspelers in die varsproduktebedryf verskaf. Kwaliteitverwante dienste is ook aan individuele markte, onafhanklike kleinhandelaars en invoerders gelewer wat insluit kwaliteitversekering op alle varsprodukte, die toepassing van die amptelike merkvereistes, algemene higiëne op die markvloer en die afskryf van produkte wat se kwaliteit sodanig verswak het dat dit nie meer geskik is vir menslike verbruik nie.

Wat die bestaande ooreenkoms betref vir die lewering van die MRL monsternemingsdiens in Suid-Afrika en Namibië aan FoodExperts – Europe, is dit gedurende die verslagjaar uitgebrei en sal dit nog verder uitgebrei word in die komende jaar.

Finansies

Inkomste is hoofsaaklik genereer deur die lewering van inspeksiedienste op aartappels asook op alle ander varsgroente en-vrugte ingevolge Prokon se aanstellings as



gevolmagtigde vir beide kategorieë. Bykomende inkomste is verdien deur die lewering van sogenaamde kommersiële dienste aan verwante instansies in die varsprodukte-milieu. Vir die doeleindes van goeie finansiële bestuur is aparte rekeninge geskep ten opsigte van inkomste gegenereer deur die verskillende besigheidskomponente.

Weens die groot getal inspeksiepunte asook verskillende markte en kleinhandelaars, bly uitstaande skuldinsameling 'n reuse uitdaging vir Prokon. Aan die positiewe kant het ons daarin geslaag om ooreenkomste te bereik met sommige kleinhandelgroepe ten opsigte van diensleweringinhoud en die inspeksiefooi. Die netto surplus vir die 2017/2018 finansiële jaar het R1 891 931 beloop vergeleke met die netto verlies van R509 445 van die vorige finansiële jaar. Wat genoemde surplus betref sal dit hoofsaaklik belê word in menslike hulpbronne en toerusting.

Met verwysing na nie-betaling van inspeksiefooie, was Prokon genoop om regstappe te neem teen sekere wanbetalers en alhoewel redelike sukses behaal is, het die koste om sodanige regsaksies in te stel 'n wesentlike negatiewe impak op die inkomste uit inspeksies gehad. Wat egter verblydend is, is die betalingooreenkomste wat met sommige van die belangrikste kleinhandelaars / distribusiesentrums bereik is ten opsigte van die betaling van inspeksiefooie.

Die maatskappy het 'n ongekwalifiseerde ouditverslag van Fourie + Botha, ons eksterne ouditeurs, ontvang ten opsigte van die verslagjaar.

Personeel

Soos op 30 Junie 2018 het Prokon 82 personeellede in diens gehad waarvan 41 kwaliteitsinspekteurs is wie inspeksies doen by varsproduktemarkte, distribusiesentrums en winkels, asook 30 assistente en ses interns wie die inspekteurs bystaan in die uitvoering van hul verantwoordelikhede. Die oorblywende vyf personeellede lewer die bestuurs- en administratiewe ondersteuningsdienste, wat die ideale ratio vir 'n diensleweringinstansie is.

Prokon is daartoe verbind om jongmense wie hul akademiese studies voltooi het, die geleentheid te bied om werkplek-ondervinding op te bou. Gedurende die verslagjaar het die maatskappy ses interns op sekere varsproduktemarkte geakkommodeer om eerstehandse ondervinding op te bou betreffende kwaliteitversekering weens hul betrokkenheid by die inspeksieproses. Bykomend tot die blootstelling op markte het die interns ook die inspekteurs vergesels tydens besoeke aan distribusiesentrums en kleinhandelwinkels om hul blootstelling aan kwaliteitversekeringsaktiwiteite te verbreed. Interns wie belofte toon word aan die einde van hul internskap poste aangebied in Prokon se inspeksieafdeling. Huidig is daar sowat 80% van sodanige interns in diens.

Prokon-direksie

Gedurende die verslagjaar het mnr. Johannes Tsoetsi, wie die Vereniging van Varsproduktemarkte van Suid-Afrika op die Prokon-direksie verteenwoordig het, bedank na hy sedert 2009 op die direksie gedien het. Hy is vervang deur mnr. Jason Moonsamy van die Durban Varsproduktemark.

Afsluiting

Ek wil graag my opregte waardering uitspreek teenoor die Prokon-direksie wie ons ondersteun het in die maatskappy se omvattende kwaliteitversekeringrol en ook aan die personeel vir hul spanwerk om te verseker dat Prokon topkwaliteit dienste lewer en groei as diensverskaffer aan die varsproduktebedryf, plaaslik en in die buiteland. Ten slotte wens ek 'n spesiale woord van dank te rig aan mnr. Rudi Heinlein, Prokon se voorsitter, en mnr. Stanley de Lange, die maatskappy se Ouditkomitee voorsitter, vir hulle ondersteuning en leiding gedurende die 2017/2018 verslagjaar.

Etienne Booyens
Hoofuitvoerende Beampte



BESIGHEIDSVERSLAG

Die maatskappy

Produkkontrole vir Landbou (Prokon) is 'n nie-winsgewende maatskappy ingevolge die Maatskappywet, No. 71 van 2008, wat 'n omvattende gehalteversekering-, produkbestuur-, en graderingsdiens aan die Suid-Afrikaanse varspproduktebedryf lewer. Die diens is van toepassing op plaaslik-geproduseerde asook ingevoerde varspprodukte.

Goeie vordering is gemaak met Prokon se akkreditasie as 'n inspeksieliggaam onder ISO 17020 by die South African National Accreditation Service (SANAS) en behoort in die volgende finansiële jaar gefinaliseer te word. Sodra Prokon akkreditasie ontvang sal dit internasionaal erken word as 'n inspeksieliggaam wat se inspeksies aan internasionale standaarde voldoen wat in 130 lande wêreldwyd toegepas word.

Die direksie



Rudi Heinlein
Voorsitter



Stanley de Lange



Dr. Simphiwe
Ngqangweni



Human du Preez



Jason Moonsamy

Die Prokon-direksie is saamgestel uit verteenwoordigers vanuit relevante sektore in die varspproduktebedryf ten einde te verseker dat alle aangeleenthede wat 'n impak het op dienslewering aan die bedryf aangespreek word.


Mnr. Johannes Tsotetsi, wie die Vereniging van Varsproduktemarkte van Suid-Afrika op die Prokon-direksie verteenwoordig het, het bedank en is vervang deur mnr. Jason Moonsamy van die Durban Varsproduktemark.

In die lig van die uitbreiding van Prokon se dienslewering is daar reeds besin oor die huidige samestelling van die direksie en sal daar in die nuwe finansiële jaar aandag geskenk word aan sitting op die direksie deur ander varspproduktebedryfsverteenwoordigers.

Die personeel

Prokon is terdeë bewus van sy verantwoordelikheid om deurlopend 'n hoë gehalte diens aan alle rolspelers in die varspprodukte-voorsieningsketting, en natuurlik ook die verbruiker, te lewer. Om sy verantwoordelikheid as waghond oor plaaslik-geproduseerde en ingevoerde varspprodukte te kan nakom het die maatskappy 82 personeellede in diens gehad waarvan 41 toepaslik-gekwalifiseerde inspekteurs is om die inspeksiedienste te lewer, 30 assistente wat eersgenoemde help in die uitvoering van hulle pligte, ses interns en vyf personeellede wat die bestuurs- en administratiewe komponent uitmaak. Die toename in die getal inspekteurs en assistente in diens van Prokon vergeleke met die vorige verslagjaar is 'n direkte uitvloeisel van Prokon se aanstelling as gemagtigde om ook inspeksiedienste op alle ander vars groente en vrugte te lewer.

Die ses interns waarna hierbo verwys word, is persone wie hul akademiese studies voltooi het en is op sekere varspproduktemarkte geakkommodeer om ondervinding in die werkplek op te bou. Behalwe vir hul betrokkenheid op die markte het hulle ook die inspekteurs vergesel tydens inspeksies by distribusiesentrums en kleinhandelwinkels om hul blootstelling aan kwaliteitversekeringsaktiwiteite verder te verbreed.



Figuur 1: Maatskappystruktuur

Dienste gelewer

Die dienste wat Prokon gelewer het, kan as volg gekategoriseer word:

- Dienste gelewer as gevolmagtigde van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye ten opsigte van aartappels.
- Dienste gelewer as gevolmagtigde van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye ten opsigte van ander vars groente en vrugte.
- Kommersiële dienste gelewer aan FoodExperts – Europe, wat ’n internasionale kwaliteitsversekeringmaatskappy is.
- Kommersiële dienste gelewer aan Aartappels Suid-Afrika.
- Kommersiële dienste gelewer aan ander instansies in die varsproduktebedryf.
- Kennisoordrag

Wat die inspeksiediens betref is dit inspekteurs se verantwoordelikheid om te verseker dat die produkte voldoen aan standaard soos uiteengesit in die spesifieke regulasies. Afhangende van die produk is daar onder andere gekonsentreer op voldoening aan die merkvereistes, eksterne en interne produkkwaliteit, grootte asook rypheid en fermheid. Hierdie inspeksies word uitgevoer op varsproduktemarkte, in die kleinhandelomgewing en by grensposte en hawens van binnekoms.

Dienste gelewer as gevolmagtigde van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye ten opsigte van aartappels

Prokon is in 1993 deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye as gevolmagtigde aangestel om die regulasies met betrekking tot die gradering, verpakking en merk van aartappels wat bestem is vir verkoop in Suid-Afrika, toe te pas. Die genoemde regulasies is uitgevaardig kragtens die Wet op Landbouprodukstandaarde, No. 119 van 1990.

Ingevolge die aanstelling lewer Prokon 'n omvattende inspeksiediens met betrekking tot aartappels waardeur die gehalte van die produk deurlopend gekontroleer word en terugvoering aan die produsente gegee word om sodoende die standaard van die bemarkbare produk dienooreenkomstig die voorskrifte van die regulasies te handhaaf.

Prokon is in 2017 deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye aangestel om ook alle gereguleerde vars groente en vrugte wat plaaslik verbou en verkoop word, asook alle sodanige ingevoerde produkte te inspekteer.

Die maatskappy is ook in proses om oor te skakel na die elektroniese vaslegging van inspeksies wat ons in staat gaan stel om baie meer gedetailleerde inligting aan beide produsente en verwante bedryfsorganisasies te kan deurgee.

Hierdie diens word gerugsteun deur 'n databasis wat deurlopend in stand gehou word. Die nuutste inligting word daaglik aan produsente op 'n vertroulike grondslag beskikbaar gestel en ook in verwerkte vorm aan Aartappels Suid-Afrika wat laasgenoemde in staat stel om probleme wat in die handel geïdentifiseer is, aan te spreek.

Prokon het gedurende die verslagtydperk die volgende dienste aan produsente verskaf wat aartappels aan die 16 nasionale varsproduktemarkte gelewer het:

- Persoonlike skakeling met produsente om te verseker dat besendings ten alle tye aan die voorgeskrewe regulasies voldoen. Produsente is deurlopend ingelig oor die gehalte van die produk en die korrekte toepassing van die voorgeskrewe verpakkings-, merk- en massaveeristes.
- Persoonlike skakeling met markbestuur, markagente en kopers met die klem op die bestuur van die kwaliteitversekeringsstelsel en oordrag van relevante inligting.
- Die beskikbaarstelling van voorraadstatistiek ten opsigte van klas, groottegroeppe en verpakkingsgroottes.

Die diens wat Prokon lewer verseker dat gehalte meetbaar is. In die geval van aartappelprodusente stel die diens hulle in staat om die produksie en bemarking van hul oes optimaal te bestuur en dra dit indirek by tot die vestiging van handelsmerke wat gehalte verteenwoordig en uiteraard tot verhoogde vraag en dus rendement lei. Dit is voorts 'n erkende feit dat gehalte en voorraadvlakke die primêre prysbepalers op varsproduktemarkte is wat beteken dat die diens wat Prokon lewer soveel meer waarde toevoeg tot die produsente se produk. Wat die koper en verbruiker betref verseker die diens dat hulle 'n kwaliteit produk koop wat aan die neergelegde vereistes voldoen en dus ontvang waarvoor hulle betaal.




Voordele van die Prokon kwaliteitversekeringstelsel

Die inspeksiediens wat Prokon lewer ingevolge sy kwaliteitversekeringstelsel hou bepaalde voordele in vir alle rolspelers in die varsproduktebedryf. Voorbeelde hiervan word uiteengesit in die onderstaande tabel.

Voordele van die Prokon kwaliteitversekeringstelsel	
Rolspelers	Voordele
Produsente	<ul style="list-style-type: none"> Die kwaliteit van jou produk word bevestig deur 'n onafhanklike kwaliteitversekeringsmaatskappy wat beteken dat dit onderskei word van ander besendings in terme van kwaliteit en prys. Kwaliteit produkte behaal 'n premium prys op die markvloer en word normaalweg eerste verkoop. Die inhoud kom ooreen met die inligting op die verpakking wat verbruikersvertroue in jou produk inboesem. Dit waarborg korrekte en betroubare produkinligting, d.i. klas en prys, en wat beskikbaar is vir die produsent om ingeligte besigheidsbesluite te kan neem. Tree namens die produsent op as mediator in die geval van dispute. Verminder die risiko van terugsendings vanaf kopers.
Varsprodukte markte	<ul style="list-style-type: none"> Skep 'n deursigtige en betroubare handelsplatform vir alle kliënte ten opsigte van kwaliteit.
Markagente	<ul style="list-style-type: none"> Verskaf 'n tegniese ondersteuningstelsel tussen agente en produsente. Tree op as mediator in die geval van dispute. Kan kopers produkte bied wat aan amptelike standaarde voldoen.
Kopers	<ul style="list-style-type: none"> Kan produkte met gemoedsrus koop. Kan kwaliteitprodukte aan hulle kliënte lewer.
Distribusiesentrums, klein- en groothandelaars	<ul style="list-style-type: none"> Inspeksies word gedoen deur 'n onafhanklike kwaliteitversekerings-diensverskaffer. Laat toe vir bewys-gebaseerde besluitneming en kommunikasie. Verlaag koste. Verseker deurlopende lewering van kwaliteitprodukte. Verbeter kliënte-tevredenheid. Bevorder jou posisie as verkose produkvoorsiener. Tree op as mediator in die geval van dispute.
Invoerdere	<ul style="list-style-type: none"> Skep deursigtigheid tussen rolspelers in die geval van kwaliteitsdispute en eise.
Verbruikers	<ul style="list-style-type: none"> Bevredig kliënteverwagtinge en skep kliëntevertroue en-bevrediging.
Prys	<ul style="list-style-type: none"> Skep 'n ware prysbepalingsmeganisme.



Prokon se hoofkantoor is gesetel by die Tshwane Varsproduktemark in Pretoria met streekkantore op die volgende varsproduktemarkte




- | | |
|--|---|
| 1. Tshwane Varsproduktemark, Pretoria | 10. Nelspruit Varsproduktemark, Mbombela |
| 2. Joburg Mark, Johannesburg | 11. Sol Plaatje Varsproduktemark, Kimberley |
| 3. Welkom Varsproduktemark, Welkom | 12. Cape Town Mark, Cape Town |
| 4. Vereeniging Varsproduktemark, Vereeniging | 13. Matlosana Varsproduktemark, Klerksdorp |
| 5. Mangaung Varsproduktemark, Bloemfontein | 14. Springs Varsproduktemark, Springs |
| 6. Uitenhage Varsproduktemark, Uitenhage | 15. Durban Varsproduktemark, Durban |
| 7. Port Elizabeth Varsproduktemark, Port Elizabeth | 16. East London Varsproduktemark, East London |
| 8. North End Varsproduktemark, Port Elizabeth | 17. Pietermaritzburg Varsproduktemark, Pietermaritzburg |
| 9. Mpumalanga Varsproduktemark, Mbombela | |

Inspeksies op markte

Prokon het gedurende die verslagjaar 41 039 aartappelbesendings wat 99 020 993 sakkies verteenwoordig op varsproduktemarkte landswyd geïnspekteer wat vanaf produsente in die 16 aartappelproduksiestreke en nie-produiserende verskaffers ontvang is.

Die meerderheid besendings wat ontvang en geïnspekteer is, was van hoogstaande gehalte. Slegs 7.88% van besendings gelewer is na 'n laer klas afgemerk. Ongelukkig was daar steeds sakkies gedurende die verslagjaar ontvang wat nie aan die voorgeskrewe merkvereistes voldoen het nie, veral wat die nie-aanduiding van die kultivar betref en wat ondermassa was.


Onderstaande figuur dui aantal sakkies aan wat aan alle varsproduktemarkte gelewer is tydens die 2016/2017- en 2017/2018-finansiële jaar.



Figuur 2: Besendings gelewer per streek tydens die 2016/2017- en 2017/2018-finansiële jaar.


Redes vir afmerk van besendings

Figure 3 en 4 dui die redes aan vir die afmerk van besendings op alle markte ontvang vanaf die 16 produksiestreke en nie-produkerende verskaffers vir die 2016/2017- en 2017/2018-finansiële jaar.



Figuur 3: Redes aan vir die afmerk van besendings op alle markte ontvang vanaf produksiestreke en nie-produkerende verskaffers vir die 2016/2017-finansiële jaar.

2017/2018



Figuur 4: Redes vir die afmerk van besedings op alle markte ontvang vanaf produksiestreke en nie-produserende verskaffers vir die 2017/2018-finansiële jaar.


Onderstaande tabel dui die drie hoofredes vir afmerking per streek vir die 2017/2018 finansiële jaar.

Tabel 1: Die drie hoofredes vir afmerking per streek

	Bruinskurf	Meganiese beskadiging	Vergroening	Verbruining	Aalwurm	Lentisel	Sandsplete	Uintjies	Insekbe-skadiging	Nerfaf/los	Aartappel-mot	Bederf	Binne Bruinvlek	Grootte	Poeterskurf	Ander*	Totale afmerkings
Sandveld		18,72		41,94						6,45						32,89	4,09
Ceres				60,05										9,73	12,33	17,89	10,2
Suidwes-Kaap				22,10	15,76			30,00								32,14	7,38
Noord-Kaap		15,67			21,51						10,48					52,34	12,17
Oos-Kaap		22,58	25,87								14,65					36,90	7,54
Suid-Kaap																	0,00
Noordoos-Kaap		18,81	24,59						11,79							44,81	6,14
Wes-Vrystaat		19,25	29,44								9,76					41,55	10,45
Oos-Vrystaat		29,64			6,63						18,27					45,46	11,01
Suidwes-Vrystaat		21,57				13,08					12,96					52,39	5,21
KwaZulu-Natal		14,87	13,17												12,83	59,13	4,89
Mpumalanga	8,12	29,47										7,65				54,76	6,99
Limpopo		32,86	21,45				15,52									30,17	4,1
Noordwes		23,86	24,38										9,16			42,60	6,77
Gauteng	12,6	26,02					10,28									51,10	11,65
Loskopvallei		47,41			13,29							19,29				20,01	16,97

* Ander verwys na redes vir afmerking anders as die drie hoofredes wat in die tabel weergegee word.


Die onderstaande figuur dui die tien hoofkultivars per streek aan vir die 2017/2018 finansiële jaar.



Figuur 5: Tien hoofkultivars per streek aan vir die 2017/2018 finansiële jaar. Ander verwys na alle ander kultivars wat ontvang is.

Inspeksies by distribusiesentrums en winkelbesoeke

Handelsinspeksies op aartappels vorm deel van Prokon se verantwoordelikheid as gevolmagtigde van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye om te verseker dat soveel moontlik aartappelinspeksies by afsetpunte in die distribusieketting uitgevoer word. Hierdie inspeksies behels inspeksies by al die distribusiesentrums en kleinhandelwinkels wat deur elk van die sentrums van produk voorsien word. Gedurende die verslagjaar is sowat 2 220 handelsinspeksies op aartappels by distribusiesentrums uitgevoer en bykans 2 110 besoeke aan winkels gebring wat deur genoemde sentrums van aartappels voorsien word. Tydens die inspeksies word nie net aartappels geïnspekteer nie, maar alle ander gereguleerde groente en vrugte wat die proses en aktiwiteite meer koste-effektief maak vir alle partye.



Figuur 6: Distribusiesentrum- en winkelinspeksies: 2016/2017- en 2017/2018-fiansiële jaar

In gevalle waar die produk nie aan die voorgeskrewe merk- en gehaltevereistes voldoen het nie is direkte uitgereik wat opgevolg is met verdere besoeke om te verseker dat die probleem reggestel is. Die grootste probleme wat ondervind is, is dat daar nie ten volle aan die plaaslike merkvereistes voldoen word tydens herverpakking nie, d.i. die kultivarnaam, groottegroep en klas ontbreek asook die land van oorsprong wat nie aangedui is nie. In sommige gevalle is die lettergrootte op die verpakking ook kleiner as wat deur die regulasies voorgeskryf is. Verslae is op gereelde grondslag aan distribusiesentrums gestuur om hulle bewus te maak van geïdentifiseerde probleme en gevolglik in staat te stel om regstellende aksies te implementeer.

Dienste gelewer as gevolmagtigde van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie ten opsigte van gereguleerde groente en vrugte

Prokon is in 2016 deur die Departement van Landbou, Bosbou en Visserie as gevolmagtigde aangestel vir die lewering van 'n volledige inspeksiediens op gereguleerde groente en vrugte. Hierdie diens sluit nie aartappels in nie, en word slegs na verwys in die verslag om 'n geheelbeeld te verskaf van Prokon se dienslewering aan die varsproduktebedryf.

Kommersiële dienste gelewer aan Aartappels Suid-Afrika

Verskaffing van inligting

Inligting op Prokon se databasis wat verband hou met inspeksies op aartappels in die distribusieketting, is deurlopend in 'n verwerkte formaat aan Aartappels Suid-Afrika se Afdeling: Bedryfsinligting verskaf wat deur laasgenoemde as noodsaaklik geag word om sy kernbesigheidsaktiwiteite optimaal uit te voer. Die inligting behels die aartappelvolumes wat per streek aan varsprodukte markte gelewer is, met inbegrip van die verskillende klasse, groottegroepe, kultivars, afmerkings asook die redes daarvoor, en siektes wat voorkom.

As deel van die diens is maandverslae oor die volumes deur onderskeie streke gelewer, tesame met die redes vir afmerking en die persentasies van aartappelbesendings wat afgegradeer is, direk aan die organisasie se streekbestuurders gestuur. Dit stel die streekbestuurders in staat om probleme wat eie aan 'n betrokke streek is met die produsente te bespreek en remediërende optrede aan te beveel. Die grootste voordeel is egter dat sou die probleem wyer strek as 'n enkele produsent dit die betrokke gebiedsbestuur die geleentheid bied om oorhoofse optrede te implementeer tot voordeel van die produksiestreek as geheel.

Kommersiële dienste gelewer aan ander instansies in die varsproduktebedryf

Varsprodukte markte

Gehalteversekering

'n Gehalteversekeringsdiens is aan die varsprodukte markte in Kimberley, Klerksdorp en Vereeniging gelewer. Die diens behels gehalteversekering op alle produkte en die beheer van die merkvereistes soos voorgeskryf deur die betrokke regulasies. Aandag is ook geskenk aan algemene higiëne op die markvloer aangesien dit bydra tot 'n skoon en dus geskikte verkoopsmilieu vir die aanbied van die produk aan die koper. Die betrokke markowerhede het daaglikse terugvoer ontvang tesame met aanbevelings ten opsigte van die aanspreek van verwante probleme.

Gesondheidsdienste

'n Onafhanklike gesondheidsdiens is aan die varsprodukte markte in Klerksdorp, Kimberley en Kaapstad gelewer. Die diens behels die inspeksie en afskryf van produkte waarvan die gehalte sodanig is dat dit nie langer geskik is vir menslike verbruik nie. Die verwydering van hierdie produkte dra by om die betrokke markte en sy agente se beeld as voorkeur-verhandelingsplatform in die varsprodukte-bemarkingskanaal te bevorder. Die tydige verwydering van sodanige produkte voorkom ook dat ander produkte op die markvloer gekontamineer word.

Varsprodukte-instansies

As gevolg van Prokon se aanstelling as gevolmagtigde om gehalte-inspeksies op alle gereguleerde plaaslik geproduseerde en ingevoerde vars groente en vrugte te onderneem, het die dienste wat hy aan ander plaaslike varsprodukte-instansies onder kontrak lewer drasties afgeneem.

Prokon het egter daarin geslaag om sy kontrak met FoodExperts – Europe vir die lewering van kommersiële dienste (MRL monsterneming) in Suid-Afrika en Namibië uit te brei.

Skakeling met rolspelers in die varsproduktebedryf

Prokon plaas 'n hoë premie op skakeling met bestaande en potensiële kliënte ten einde sy kliëntebasis enersyds in stand te hou en andersyds uit te brei. Gevolglik is verskeie vergaderings met sleutelrolspelers in die varsproduktebedryf gehou om die spesialisdienste wat Prokon kan bied, te bemark. Vergaderings is ook met relevante staatsinstellings gehou ten einde tred te hou met die jongste verwickelinge en te verseker dat Prokon se dienste ten alle tye aan die neergelegde voorskrifte voldoen.

Aartappeldatabasis

Die aartappeldatabasis, naas die inspeksiediens, is Prokon se grootste bate en dus 'n belangrike bemarkingsinstrument. Die inligting wat op die databasis vasgelê word bied die gebruiker 'n uitstekende hulpmiddel wat van kardinale belang is in die verbouing, oes en bemarking van aartappels.

Inligting wat gedurende die verslagjaar die meeste in aanvraag was, sluit in:

- Aantal besendings gelewer per mark.
- Aantal sakke per groottegroep en klas gelewer per mark.
- Volumes gelewer per streek, asook nasionaal aan alle markte.
- Kultivars en volumes gelewer per streek, asook nasionaal aan individuele markte.

Bykomende inligting wat beskikbaar gestel is sluit in siektes en defekte asook statistieke insake afmerkings en die redes daarvoor.

Die opsporing van siektes en peste tydens inspeksies kan nie genoeg beklemtoon word nie. Hierdie inligting word aan aartappelnavorsers en die bedryf beskikbaar gestel, onder meer met die oog op die implementering van beheer- en voorkomingsmaatreëls. Die waarde lê veral daarin dat die bron van siektes en peste tot op plaasvlak nagespoor kan word.

Artikels in CHIPS

Artikels oor aartappellewerings per produksiestreek aan varsproduktemarkte is in elke uitgawe van die bedryftydskrif, CHIPS, gepubliseer.

Prokon se webwerf - www.prokonsa.co.za

Soos in die geval van alle maatskappye, besef Prokon terdeë dat elektroniese skakeling noodsaaklik is vir beeldbevordering en om inligting oor te dra. Prokon se webwerf, wat deurlopend in stand gehou word om die gebruikswaarde daarvan te verhoog en dit meer gebruikersvriendelik te maak, bied die besoeker 'n omvattende oorsig van die aktiwiteite van die maatskappy en die dienste gelewer. Dit bevat ook die jongste amptelike gehalteregulasies wat op aartappels van toepassing is asook kleurplate wat die gehaltestandaarde uitbeeld. Die webwerf maak dit ook vir besoekers moontlik om inligting te bekom ten opsigte van die amptelike regulasies wat op die belangrikste varsprodukte van toepassing is.

Kleurplakkaatboek

'n Hersiene kleurplakkaatboek oor kwaliteitspesifikasies op aartappels is in samewerking met Aartappels Suid-Afrika en ander bedryfsrolspelers saamgestel wat 'n uitstekende hulpbron sal wees vir veral Prokon se inspekteurs, aartappelprodusente en markagente. Die boek sal in die nuwe finansiële jaar vrygestel word.

